# Vrye Weekblad

6 - 12 MAART 1992
R2,20 (BTW ingesluit)



## Spesiale verslag:
daar is 'n sameswering teen afrikaanse musiek

**David Kramer** in search of his history

En nou soen **FW** al babas - Yank-styl

Die dominee en die ouderling-terroriste

**Verhoudings:** 'n moeilike tyd vir die liefde

**ANC** en **NP** fluister nou albei die 'F-woord'

Alles oor Vrye Weekblad se fees binne

# inhoud


## AKTUEEL

Die regses en Peter Dumas 4
Die Ja-safari, Yank-styl 5
Die dood van 'n bendeleier 6
Krygkor in die warm water 6
Tonne goud, sakke vol geld en intrige 8
Die "F-woord" is nie meer taboe nie 9
Die reg op 'n onbekende God 10
Potch: handomkeer in 'n paar uur 10
'n Moeilike tyd vir die liefde 26

## AFRIKAANSE MUSIEK

Voëlvry of op hok? - die bytjies, die blommetjies en Big Brother 13
Die boere het nie hul huiswerk gedoen nie 16
Kerkorrel: Rebel word ryper 17
David Kramer: I've found myself - now I must find my history 18
Bles Bridges: 'n Musikale Gigolo op Hartebees se loveboat 19

## KULTUURFEES

Breek af die mure! Vrye Weekblad vier groot fees! 20
Vergeet van polite-geit 22
De Jonge versit die grense van die storie 22
Openbare etensuur-debatte 22
Rufus Collins: die gelukkige anargis 23
Antigone 23
Elzabé Zietsman: Ek is hardegat en ek glo in wat ek doen 24
Nederlandse filmfees 25

## INTERNASIONAAL

Gorby draai sy roebels om 11
Die skete van die vader van vrees 11

## KORTVERHAAL & BOEKE

Sulke mense deur Botha W Kruger 28
Die opkoms en die val van goeie smaak 28

## KUNS

From icons to surrealism to Breughel 30
Size doesn't count, it's what you do with it 34
'n Swanemeer om van te droom 34

## RUBRIEKE

Brolloks en Bittergal 12
Hennie Serfontein het sy oor op die grond 12
Anton Goosen gesels dié week 33
Tim Sandham oor sport 33
Elmari Rautenbach skryf oor dié week se TV 35
Vrye Keuse 38
Nettie Pikeur skryf oor stew vir die najaar 39

## GIDSE & DIENSTE

Kleinadvertensies/Smalls 30
Rolprentgids 36



No 165


# vrydagoggend



MAX DU PREEZ

## Die "maar" ná die "ja" word al sterker

**EK** het laasweek al gesê ek gaan sonder twyfel ja stem in die referendum, en ek het selfs - met die risiko van sooibrand kry - gesê dat ek 'n sekere respek vir FW de Klerk het oor sy waagmoed.

Maar daar spring hy toe weg met sy veldtog en sê 'n ja-stem is nie 'n blanko tjek nie, dit is bloot 'n mandaat vir hom om die NP se grondwetlike voorstelle te bevorder en in Kodesa nee te sê vir "oorheersing", ens.

Nou ek weet nie namens hoeveel mense ek kan praat nie, maar ek wil net vir FW de Klerk dit sê: jy maak misbruik van die welwillendheid van 'n hele klomp mense wat nie NP-ondersteuners is nie, maar bereid is om ja te stem omdat dit 'n ja is vir Kodesa en 'n onderhandelde demokratiese skikking, en 'n nee vir rassisme en 'n terugbeweeg na apartheid.

My ja is nié 'n ja vir die NP se planne nie. My ja is g'n mandaat vir FW of enigiemand anders nie. My ja sê bloot ek skaar my by dié Suid-Afrikaners wat ten gunste is van onderhandeling en 'n demokratiese proses, eerder as 'n herinstelling van apartheid en rassisme.

Dis nie dat ek te streng op die NP en De Klerk is nie. Wit politiek in 1992 is nie 'n grap nie; dis nie krieket met regverdige reëls nie. Alles is op die spel en 'n ja moet hulle kry. Maar daar is perke, en De Klerk is besig om dit te oorskry.

Ek glo hy moet selfs in die referendum-stryd só optree dat hy die respek van dié demokraties-georiënteerde mense wat nou uit nood saam met hom ja stem, agterna ook sal hê. 'n Leier se integriteit is nooit so sterk onder die vergrootglas as wanneer hy/sy onder druk is nie.

(Ek het dié week uit 'n goeie bron gehoor dat dit Niel Barnard, gewese spioen-baas en deesdae 'n sleutelfiguur in die NP se onderhandelingspan, was wat FW geadviseer het om die onvanpaste en embarrasserende aanval op Nelson Mandela te maak tydens die laaste dag van Kodesa 1 in Desember. En as my ja 'n ja moet wees vir dié anachronisme uit die PW-era met sy rekord van leuens en politieke bedrog, dan moet ek waaragtig weer dink of ek nie stilletjies by die huis moet bly en maar agterna die pyn met 'n skoon gewete moet vat nie.)

**AAN DIE ANDER KANT** - en dit is seker dáárop wat FW reken en waarop sy arrogansie gegrond is - is 'n nee-stem darem ook, in die woorde van John Vorster, too ghastly to contemplate, veral noudat die regses se waansin in al sy strakke werklikheid deur die referendumveldtog na vore gebring word.

Kan jy jou Nelson Mandela, Thabo Mbeki, Desmond Tutu of Chris Hani weer met 'n pasboek voorstel wat deur die wit baas geteken is sodat hy in "wit" Johannesburg of Kaapstad mag wees?

Want Andries Treurnicht is op rekord voor die hele nasie dat hy gesê het die antwoord op die vraag of die KP weer instromingsbeheer sal instel, is ja.

Daar is seker heelwat regses met 'n effe meer common sense wat graag vir Gladde Koos van der Merwe sal wil glo as hy sonder om te bloos op TV sê die KP glo ook in hervorming en gaan nie apartheid terugbring nie. Maar Koos is nie baas nie - Ferdi en Eugene en Andries is. En boonop lieg Koos sommer ook, want net daarna praat hy van 'n Afrikaner-volkstaat, en dié gaan mos nooit tot stand kom sonder dat die meerderheid van die bevolking daarin gedwing word met bloed en lewensverlies nie!

'n Interessante verwikkeling in die referendum-veldtog is die opwinding onder 'n deel van ons Engelssprekende landgenote dat húlle dié keer die Afrikaner se lot in die hand hou.

**IN DIE WOORDE VAN KEN OWEN**, redakteur van die Sunday Times: "The greatest irony of the referendum, when you come to think of it, is that the English voters, impotent all these many years since 1948, hold the fate of Afrikanerdom in their hands." En: "English voters have the power, this time, to set the country on a destructive path."

Hy is dalk reg. Die meeste Afrikaners het waarskynlik al besluit watter kant van die draad hulle gaan val, en dit is dalk te na aan 50/50 om gerus te wees. Daarteenoor lyk dit of daar heelwat Engelssprekendes is wat nie sulke sterk partylojaliteite het nie, en in dié dae nog moet besluit watter kant toe hulle gaan. (As 'n mens na Radio 702 se talk shows luister, klink dit die meeste gaan nee stem, maar miskien is dit net omdat regse Engelse dié radiostasie so min of meer gemonopoliseer het.)

Dit is seker juis uit die besef van hoe belangrik die Engelse stem is dat De Klerk die Engelse media-base nadergetrek het om hom in die veldtog te help - en doen hulle dit met oorgawe!

**MISKIEN IS DIT GOED** dat die Engelssprekendes nou 'n nuwe sin van mag aanvoel. Hul jarelange gevoel van politieke "emaskulering" of "impotensie" soos Owen dit noem, was negatief vir ons almal. In die jarelange stryd tussen Afrika- en Afrikaner-nasionalisme het hulle nie juis wanted gevoel nie. In Afrika met sy sterk klem op identiteit het hulle altyd gevoel hulle het geen etniese wortels nie, en dit het enersyds tot 'n valse meerderwaardigheidsgevoel jeens ander en andersyds tot 'n paspoort-in-die-gatsak-houding gelei. (Owen skryf juis in sy rubriek: "In South Africa, I was told this week, people are beginning to inquire at airlines about the formalities of shipping their pets abroad.")

Kom ons hoop die meeste van ons Engelssprekende landgenote begin nou besef hulle hoef nie aan 'n stam te behoort om regtig Afrikane en Suid-Afrikaners te wees nie.

# briewe

# so sê hulle

## tel die tweede viool op

**Ben Coetzee van Roodekrans, Johannesburg, skryf:**

Om die land te regeer is onhoudbaar. Staatspresident FW de Klerk weet dit en daarom moet hy onderhandel. Ter wille van die goeie orde moet hy help om die gesag aan die ware verteenwoordigers van die volk oor te dra. Die volk gun die uittredende regering en ander bedreigdes die geleentheid tot onderhandeling want hulle wil bitter graag orde erf.

In die proses sien die De Klerk en sy raadgewers egter allerlei moontlikhede om hulle ondersteuning so uit te brei dat hulle 'n wesenlike deel van die nuwe regering kan uitmaak. Daarvoor moet hulle die sterkste en mees positiewe party in ons land ondermyn, deur byvoorbeeld tydig en meestal ontydig die ANC se naam aan geweld te koppel.

En terwyl die president en sy medewerkers mekaar op die skouer klop met hulle politieke bedrewenheid, doeltreffende strukture en slim strategieë, is hulle besig om by die liggelowige witmense blindelingse verset teen die swart bevolking en hervorming te wek.

Nou slaan die president sy arms om die pilare en dreig om die gebou op ons almal te laat ineenstort as ons nie "JA PRESIDENT" sê nie. Ja wat? Ja ons ondersteun JOU hervormings, JOU idee van minderhede beskerm, JOU voorstelle aan Kodesa - "ons" synde die witmense wie JY nou kwansuis wil verteenwoordig.

President, u is op pad uit. Speel nou gou oop kaarte met die wit kieslustiges. Vertel hulle wat u weet van die geweld - ek meen nou die hoofstroom en die hoofoorsake. Los die pilare, tel die tweede viool op en vertel hulle wat u geleer het van die ANC. Sê vir hulle waarvoor hulle stem - "JA", dit is beter dat die gesag vreedsaam oorgaan vanaf die Nasionale Party, as "NEE" ons doen dit met 'n moerse gemors vanaf die Konserwatiewe Party.

## niemand wonder meer nie

**AGD van Potchefstroom skryf:**

Ek reageer graag op Appie Pienaar se brief (VWB Briewe 21-27 Febr): Pienaar begin sy brief deur homself as heer bekend te stel wanneer hy 'n ander briefskrywer se verantwoordelikheid as heer (selfs teenoor 'n vrou wat "nie soos 'n dame optree nie") aanspreek en klim hy op die noble perd van die regverdige ridderlike man vanwaar hy vanuit sy grootmoedige en hulpvaardige saal na Andrea Vinassa se subjektiwiteit verwys.

Dit lyk dus asof 'n heer iemand is wat kan oordeel, nè? Maar nie met 'n knuppel of rondsleep aan die hare nie: nee, hy noem homself nie man of chauvinis nie, hy is diplomaties, sy metodes slick en gesofistikeerd, heer.

In plaas daarvan om die stoute kind pak te gee en dit agter die rug te kry, gee hy hom die skuldigvoel-preek - hy sê: "U was lelik, baie lelik." Hierin reeds doen hy op as protestants patriargaal. En ek en Andrea en Susan en Hannalie en Ansien en al ons ander maatjies giggel in ons mou:

Protestants: Omdat hy die Calvinistiese skuldgevoel gebruik om mense "vrywillig" te laat afwyk van hul "sondige natuur" - om van vrou dame te maak en van man heer. Dis darem maar eng WASP om die normaalheid van sy standpunt te claim deur homself 'n tipiese Suid-Afrikaner te noem - asof almal hier voel soos hy, Standerd 9-katkisante ook.

Patriargaal: Omdat hy Andrea afmaak as jonk en vrou en selfs dat sy nie "werklik 'n idee" het "van die inhoud van dié terme" nie. O my aarde! en wie's hy nogal? Om Andrea se idees te neutraliseer as rebelsheid, maar net 'n tienerfase, is skelm daddy-knows-best taktiek. En wat van: "Ag nee wat juffrou, skaf vir jou 'n teologiese woordeboekie aan" - jissem. Dit wys jou net hoe groot is 'n heer, hy moet verkleinwoordjies gebruik om te praat na ons toe. Dis nou monoteïsties: heer/Heer.

Die issue was nie of die Katolieke, Islamiete, of wie Pienaar ook al nog van geleer het in die volkekundedril van sy Ariese katkisasie nie, maar of ons (sy!) kultuur eng Protestants en patriargaal is. Na Pienaar se brief wonder niemand meer nie.

## volkseie verspoeg

**Robert Coyte-King van Lydenburg skryf:**

In my skool, wat onder die vaandel van Christelike Volkseie Onderwys resorteer, kry kommunisme die skuld vir losbandigheid, pornografie, dwelmmisbruik en popmusiek.

Ek haal aan uit 'n onlangse omsendbrief aan ouers van die bestuursraad: "Die huidige bestuursraad is verlede jaar in September verkies onder die vaandel van die CVO." Met ander woorde dié persone het dit duidelik aan die ouers gestel dat hulle staan vir Christelike Volkseie Onderwys, wat dan beteken dat hulle ook op sportgebied Volkseie sport wil beoefen.

As die oorsprong van sportsoorte soos rugby, hokkie en tennis in ag geneem word, is dit nie juis sodanig volkseie nie.

Volgens my onnies is homoseksualiteit ook 'n aanslag van kommunisme. Ek dink ons Christelike Volkseie skolesport moet waak teen sportsoorte soos onder meer rugby wat hegte bande en "comradeship" tussen spelers bevorder.

Vir my beteken Volkseie sport (by Afrikaners) kennetjie, jukskei en bokbok.

Ek het nog nooit in enige sport uitgeblink nie en sien uit daarna om vir die skool se eerste span hoenderskop te speel. Dalk behaal ek Springbokkleure vir verspoeg. Om betyds te wees vir skilpadtrek-oefening, sluit ek hiermee af.

## rooibos vir nataniël

**"Dwarse sister" van Stellenbosch skryf:**

Ek spandeer reeds geruime tyd my weeklikse koerant-toelaag "alternatiewelik" en lees gewoonlik VWB van hoek tot kant. Die respekvolle dog eerlike wyse waarop die redaksie die briewe van lesers hanteer, hoe onbillik en vergesog hul ook soms kan wees, het my nog altyd geïmponeer. Vir die eerste maal is dit vir my nodig om kommentaar te lewer op een van VWB se rubrieke.

Ek verwys na VWB (7-13 Febr) se Geselsrubriek waar Nataniël lekker "gesels" oor witmense se onbekendheid met suffering en onvermoë tot lekkerkry. Klaarblyklik het die Afrikaanssprekende deel van die witmense nog nie verleer om 'n lekker skinderstorie te geniet nie! Soos Hetwieg het sy rubriek "gekom en gegaan" - so ver sonder reaksie van die lesers - behalwe vir die homofobiese opmerkings en die grappe in die teekamers van sommige "verligte" akademiese instellings wat onder my aandag gebring is.

VWB duld selde diskriminerende bydraes en staan daarvoor bekend dat sy poog om haar leserskap se sensitiwiteite ten opsigte van onderdrukte groepe te help ontwikkel. Stereotipes is een van die skadelike boustene van ons samelewing en die betrokke rubriek is vervuil met stereotipes oor lesbians - ons leefwyse, voorkoms en verhoudingslewe. Nataniël se paartjie benodig "apparate en groceries" vir bevredigende seksuele uitlewing (proof van hul onvermoë tot lekkerkry) en word beskryf as na-aapsels van die heteroseksuele norm met Hetwieg as die "wyfie-enetjie" en Skyf die pseudo-manlike wese. Hoewel dit onsinnig sou wees om te ontken dat daar wel vele lesbians is wat aan die beskrywing voldoen, voel ek dat VWB nie geredelik en doelgerig genoeg die motivering vir en wye verskeidenheid in die aard en uitlewing van lesbians sowel as homoseksuele mans aanspreek nie. Slegs dan kan 'n rubriek soos dié in die regte konteks gelees word en nie onnodig sekere stereotipes onderskryf nie.

Ek kon nie help om te dink Nataniël kon miskien self doen met 'n bietjie rooibostee nie - straks is een van die tradisionele wondermiddels se uitwerking om mense van hul mistastings te genees!

Ek voel ongelukkig genoodsaak om die skrywe onder 'n skuilnaam aan VWB te rig in die hoop dat dit nogtans geplaas sal word want sien, dis nie net in Vereeniging waar ons "dwarsgeit" nie geduld word nie.

## wepener nie 'n broeder

**Willem Wepener, redakteur van *Insig*, skryf:**

Ek is net so min 'n lid van die Broederbond as wat Hennie Serfontein voorsitter van Alcoholics Anonymous is, en net so min oud-redakteur van *Insig* as wat Max du Preez oud-redakteur van *Vrye Weekblad* is.

Die feit dat Serfontein sy hele opgepompte stukkie oor Afrikaans aan sulke feitefoute hang, is seker 'n goeie aanduiding van die waarde wat 'n mens aan die res daarvan kan heg.

"It was a job. But it's nice to hit people."
**OLEG ZAVYALOV**, a lineman for Moscow's first American-style pro football team, the Bears, on why he joined the team.


"Vergaderings is die linkse minnaar se kulturele wapen."
**CHRISTINA SCOTT IN** 'n artikel in vandeesmaand se *Cosmopolitan*, waarin sy kritiek lewer teen 'lefty-lovers'.

"Mense dink aan 'n homoseksueel en dink outomaties: Seks! Net die woord 'homoseksueel' impliseer dat seks die enigste ding is waaraan homoseksuele dink. Dit is die etiket wat daaraan geheg word. 'n Mens behoort beoordeel te word op grond van wat binne-in die persoon is."
**MARTINA NAVRATILOVA** in 'n onderhoud met die Amerikaanse sporttydskrif Tennis.

"Until you have to fight for it, you don't realize how valuable it is."
**IMELDA MARCOS**, on receiving her new passport.

"Daar moenie van ons gesê kan word dat ons losbandig is of in sonde saamleef nie. Ons verhouding is gegrond op die fondamente van Christelikheid. En dit moet vir almal duidelik wees."
**BILLY ROSSOUW**, wat beplan om in Maart te trou met Hendrik Pretorius, 'n gewese NG proponent wat verlede jaar omstredenheid veroorsaak het toe hy begin het om homoseksuele pare te trou.

"Die antwoord daarop is eenvoudig. Dit is ja."
**DR ANDRIES TREURNICHT** in antwoord op 'n vraag of die KP weer paswette, wit onderwys en wit woongebiede sal instel as die nee-stem die referendum wen.




Selfs uit Nieu-Seeland was die boodskap duidelik (Foto: AP)

## het jy geweet

In 1983 was goud verantwoordelik vir 49,3 persent van die waarde van Suid-Afrika se uitvoer (667,9 kilogram is vir R10 177 547 000 verkoop). In 1990 het goud se aandeel gedaal tot 29,9 persent (603,3 kilogram is vir R18 962 614 verkoop).

In 1978 was 'n Amerikaanse dollar 86,96 Suid-Afrikaanse sent werd, in 1990 258,77 Suid-Afrikaanse sent en in Maart 1992 het 'n mens sowat R2,86 nodig om 'n dollar te koop.

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnommer is (011) 836-2151 en die faksnommer 838-5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 83-4879.

**Redakteur:** Max du Preez
**Assistent-redakteurs:** Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde.
**Politieke Korrespondent:** Hennie Serfontein
**Sub-redakteur:** Ryk Hattingh
**Kopieredakteur:** Johannes Bruwer
**Ontwerp:** Anton Sassenberg
**Kaapse kantoor:** Christelle Terreblanche
**Redaksie:** Pearlie Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo,

**Advertensies:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksie-assistent:** Irene Zulu
**Kantoor-assistent:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu
**Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk:** Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit) Dit kos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter of Irene Zulu by (011) 836 2151.

# Die regses en die onortodokse Godsman

## Rassisme en meedoënlose veldtogte deur regse ouderlinge is besig om 'n Randse NG-gemeente uitmekaar te ruk en het laas Sondag tot 'n konfrontasie tydens die erediens gelei, berig **PEARLIE JOUBERT**

**DIE NG** Kerk-predikant van die moedergemeente in Germiston, Peter Dumas, is nou al vir meer as 'n jaar die slagoffer van rassistiese kerkraadslede en van dié mense noem hom selfs 'n "hoerhuis-predikant" omdat niemand by Dumas se kerk weggewys word nie - veral nie die armes van Germiston se middestad nie.

Verlede Sondag het dié predikant, wat 'n lang geskiedenis van konflik met die NG-kerk self én lede van sy kerkraad het, saam met so ongeveer 15 oorblywende lede van sy gemeente na 'n ouderling se "preek" geluister. Dumas is die Sondag voor die kerk verbied om te preek deur drie ouderlinge omdat hy volgens hulle afgedank is. Die vorige aand is twee gemeentelede, wat in die kerkgrond geslaap het, deur vermoedelik dieselfde groep mense aangerand en hul besittings is verbrand.

Dumas is al vir byna nege jaar predikant van dié kerk, maar die moeilikheid van verlede Sondag kom al 'n lang pad en Dumas glo dat rassisme die oorsaak van al dié probleme is.

Dumas se middestad-kerk was die eerste NG kerk om bruin lidmate by die kerkraad in te lyf en dit was ook daar waar Beyers Naudé die eerste keer sedert sy jarelange inperking in 'n NG kerk gepreek het.

'n Groep ouderlinge het in Februarie verlede jaar vir Dumas gesê hy moet sy "bande met die kerk vrywillig losmaak" omdat hy kwansuis die kerk bankrot maak. "Maar die geld-storie was omdat hulle kwaad was oor twee preke wat ek gelewer het," sê Dumas.

**IN FEBRUARIE VERLEDE JAAR** het Dumas gepreek oor die NGK se skuldbelydenis oor apartheid. "Ek't maar net gesê wat die NGK gesê het met so 'n bietjie van my eie by - ek't gepreek dat apartheid nooit goed bedoel kon wees nie omdat dit van die begin af net die wittes wou bevoordeel, dat dit van die begin af sleg bedoel moes wees oor juis daai rede." Maar, sê Dumas, hy kon nie alles in een preek sê nie, en het toe nog 'n opvolgpreek gegee oor die "sonde van versuim".

"Ek weet daar is regses in my kerk. Dit is ironies dat ek hulle tevrede wou hou toe ek sê dat die kerk maar weer eens net die regering gevolg het toe hulle begin met die skuldbelydenis oor apartheid. Ek het gesê dat dit nie die Heilige Gees se skuld is dat dié sonde nou eers bely word nie. En ek maak toe die analogie van iemand wat siek in die hospitaal is en 'n mens dreig heeltyd om te gaan kuier en eers wanneer die pasiënt dood is, kom jy daarby uit. Dit is die sonde van versuim - as dit te laat is, is dit te laat."

Dié twee preke het van sy kerkraadslede ontstel hoewel nie een gemeentelid daaroor gekla het nie. Voor die volgende kerkraadsvergadering het twee ouderlinge toe vir Dumas gevra om te loop en gedreig om hom te máák loop indien hy dit nie vrywillig doen nie.

Twee maande later het dieselfde twee ouderlinge, Johan de Villiers en Koos du Preez, vir die een bruin ouderling, David Samson, gevra om te bedank uit die kerkraad. Volgens Dumas het De Villiers en Du Preez gesê dat die kleurling-gemeentelede "droë hout" is omdat hulle niks geld in die gemeente inbring nie. De Villiers was ook verlede Sondag een van die ouderlinge wat Dumas verbied het om te preek.

In Junie is Dumas vertel hy is afgedank. "Die meerderheid kerkraadslede het besluit om my af te dank en die Sondag daarna wou die een ouderling, Jan Cloete, my met geweld keer om te preek." Maar Dumas hét gepreek en volgens hom het die meerderheid kerkraadslede besef hulle was verkeerd deur hom af te dank.

Die rede wat deur die kerkraad voorgehou word vir Dumas se bedanking, is die finansiële krisis van dié kerk. "Hulle sê hulle kan my nie bekostig nie. Toe bied ek aan om verniet te werk solank my mediese en pensioenfondse betaal sal word. Maar toe wil hulle nie hê ek moet verniet werk nie."



Peter Dumas
(Foto: Jacques Pauw)

Die ringkommissie van die NGK is tans besig met 'n ondersoek na Dumas oor dié aangeleentheid en het die kerkraad getug oor Dumas se afdanking.

Van die kerkraadslede het egter volhard en in Januarie het hulle net nie Dumas se salaris betaal nie. "Ek't niks gesê nie omdat hulle my mediese en pensioenfonds betaal het, maar verlede maand het hulle dít óók nie betaal nie." Toe Dumas hulle daarop wys dat hul weiering om hom te betaal kontrakbreuk is, het hulle hom wéér afgedank. En Sondag, toe Dumas voor die kerk stilhou, wag drie ouderlinge hom in en verbied hom om te preek omdat hy afgedank is.

**"DIT WAS 'N SIRKUS.** Behalwe vir dié drie, George Neser, Jan Cloete en De Villiers, het die res van die kerkraad uitgeloop en al die gemeentelede behalwe omtrent 15 mense wat wou sien wat gaan gebeur, het bly sit.

"Cloete het voor in die kerk gaan staan en begin lees uit die Bybel: 'Jubel onvrugbare vroue' het hy uit Jesaja gelees, 'jy wat geen kinders in die wêreld gebring het nie'," vertel Dumas. "Nou wonder ek of die gemeente die onvrugbare vroue is wat moet jubel noudat die hoerhuis-predikant Dumas weg is?

"Dit was soos 'n movie. Cloete het sommer gepreek oor die water en elektrisiteitsrekening wat die kerk moet betaal en toe hy klaar is, toe kollekteer die enigste diaken wat oorgebly het, tannie Max Scheepers. Na sy klaar die kollekte opgeneem het, gaan staan sy voor in die kerk met die kollektebordjie en maak toe óók 'n speech oor ek wat nie weggejaag word nie, maar net nie meer bekostig kan word nie... en dit nadat ek aangebied het om verniet te werk."

Dumas sê sy kerk is gekaap, dat hy dalk gek is om aan te hou baklei, maar dat hy nie sal weggaan nie. "Ek's nog nie moedeloos nie en ek gaan ook nie weghardloop onder dié omstandighede nie. Rassismeis die probleem en ek sal aanhou probeer."


Berig van Spesiale Belang vir Wynkenners

Jare lank het L'Ormarins navorsing gedoen na die beste plantmateriaal om superieure Chardonnay-wyn hier in Suid-Afrika te maak. Minstens 17 verskillende klone uit Frankryk is gekweek en getoets.
Die resultaat - uit 'n ryklik geskakeerde versnit van die beste, kry u

L'ORMARINS Superieure Chardonnay

Hierdie Chardonnay staan in die teken van die toegewyde kunde wat reeds vir L'Ormarins- wynlandgoed meer as 250 medaljes vir wyne van hoogstaande gehalte verwerf het.



L'Ormarins

*Gevestig 1694 deur die Franse Hugenoot Jean Roi*

*Besoek L'Ormarins en kom proe sy wyn. Vir navrae, skakel (02211) 4-1026.*

LOR/128/13A


## Groot Krokodil wys sy tandvleise

PW BOTHA, die gewese Staatspresident, is blykbaar op die oorlogspad. Hy is van voorneme om die land in 'n spesiale boodskap oor sy standpunt ten opsigte van die komende referendum in te lig.

Die Groot Krokodil het blykbaar nog nie gaan lê nie en glo hy het nog 'n politieke byt. Ingeligte bronne na aan Botha sê dat hy waarskynlik 'n verklaring dié naweek aan die Sondagkoerante sal uitreik.

Hoewel hy blykbaar nie 'n regstreekse beroep tot 'n nee-stem gaan doen nie, gaan Botha dit tog baie duidelik uitspel dat hy hoegenaamd nie met die politieke gebeure sedert 2 Februarie 1990 saamstem nie.

Hy sal moontlik verwys na die analise van sy politieke filosofie in die boek deur JJJ Scholtz: Vegter en Hervormer. Daarin word duidelik gestel dat hy verbind bly tot die NP-rassebeleid van die tagtigerjare, 'n hervormde apartheidsbeleid.

Staatspresident FW de Klerk se referendumwa sal George vandag (Vrydag) aandoen. Botha, wat in die Wildernis daar naby woon, is genooi om saam met De Klerk by die lughawe ontbyt te nuttig. Volgens ons bron in die Wildernis het hy besluit om nie die uitnodiging te aanvaar nie.

Botha is ook deur die Afrikaanse Sakekamer van Knysna gevra om hulle verlede Maandag oor sy politieke loopbaan toe te spreek. Maar toe hy die bestuur vooraf oor die inhoud van sy beplande toespraak inlig, het dit soveel politieke konsternasie veroorsaak dat die byeenkoms afgelas is.

- HENNIE SERFONTEIN




Kaplaks! (Foto: Guy Tillim - Southlight)

# Die Ja-safari, Yank-styl

**Dis teater soos min, dié blitsreferendum-veldtog wat die NP vandeesweek begin het. Daar's duidelik by die Amerikaners kers opgesteek wat die bladskuddery so al langs die pad en die gesoen van kindertjies voor die TV-kameras betref. Maar jy moet mik voor jy soen, het Staatspresident FW de Klerk dié week ontdek.**

**CHRISTELLE TERREBLANCHE** doen verslag

**GEEN** wonder nie dat die Amerikaners soveel klem lê op die fyn kunsies wat elke vier jaar meesterlik voor die wêreld se TV-kameras ten toon gestel word, dink 'n mens onwillekeurig met die afskop Maandag van die blitsreferendum-veldtog - die "road show" - van twee weke deur die regering. Maar Gee-FW-'n-Kans en die tegnieke word uiteindelik bemeester en sy vaardigheid word ook wêreldwyd gesien!

En tussen oplaaiende geesdrif deur koppel hy seepglad 'n "Ja"-stem op sy referendum-vraag kategories aan die NP se grondwet-voorstelle wat verlede jaar deur sy hoofbestuur bekragtig is - sonder dat 'n haan ná dié toertjie kraai!

In Suid-Afrika met sy geskiedenis van uitputtende en niks-en-niemand-ontsienende verkiesing-veldtogte, toegegooi deur ellelange toesprake en gepeper met tarting uit die gehoor, lui dié veldtog beslis 'n nuwe era in politieke styl in - een wat De Klerk soos 'n handskoen pas. En handskoene sou dalk nie onvanpas gewees het nie, as jy kyk na die duisende persoonlike handdrukke wat die Staatspresident sedert Maandag moes uitdeel.

Die styl word gekenmerk deur informele persoonlike kontak langs die strate en in uitgesoekte sale op teikendorpe, tête-à-tête's met sakemanne en 'n kort, vinnige relaas van die nou reeds bekende "FW-speak": beskerming van minderheidsregte, van eiendom en waardes en die belofte van 'n toekoms van doeltreffendheid en geleenthede.

Politieke waarnemers het sedert die aankondiging van die referendum telkens gewys op die oënskynlike "persoonlikheidskultus" wat rondom FW gebou word, en in sy blitsredes was dit inderdaad die "ek sal" en die "stem vir my" wat beslag gegee het aan dié vermoede.

**IN DIE PAARLSE STADSAAL**, die tweede pitstop van die referendum "road show" bestaande uit NP-amptenare, die media en lyfwagte, kombi's, ballonne en rosette, staan die kameras oorgehaal toe 'n ma haar blonde dogtertjie na die Staatspresident bring om gesoen te word. Ná 'n kort en kragtige toespraak waarin die sowat 100 Paarlse gemeenskapsleiers onder meer verseker is van die voortgesette beskerming van Afrikaans, wat volgens populêre oorlewering sy ontstaan op dié dorp gehad het, bring die ma toe weer haar dogtertjie nader.

Die ligte begin flits en FW staan nou oorgehaal om finaal te wys jy kan Afrikaans op Amerikaans bevorder. Hy hou sy kop teen die meisietjie, kyk reguit na die kameras en - oeps, dis mis, so skrams verby... nie so maklik nie.

Maar die derde keer hou hy die kindjie dop en is hy in die kol en die flitse kalmeer so 'n bietjie - die foto-van-die-dag is in.

Die bladskuddery het al begin met die NP Road Show se eerste Bolandse pitstop op Stellenbosch vir 'n toespraak in die stadsaal voor 'n feitlik volsterkte media, sowel plaaslik as internasionaal, en 'n stampvol saal. Onder luide toejuiging het die Staatspresident met die jeug gepraat - oor hul keuses, hul toekoms en die risiko's.

'n Enkele "Nee"-profeet in kakie tydens vraetyd is maklik afgemaak tussen die honderde studente met NP-rosette, "Ja" T-hempies en ja-wapens se krete van ondersteuning. Die opvallende afwesigheid van opposisie en hekelry word deur joernaliste gesien as deel van die eiesoortige veldtog, wat nie noodwendig daarop gemik is om politici se vermoëns as politici te bepaal nie, maar eerder om 'n positiewe stemming te skep en vas te stel hoe die politieke wind waai.

**NA 'N BLITSBESOEK** aan die legendariese manskoshuis Wilgenhof op Stellenbosch, vertrek die Road Show toe al kuierende en bladskuddende padlangs na die Neelsie (CJ Langenhoven-studentesentrum) vir middagete. Langs die pad sluit 'n groep fabriekswerkers hulle aan by die triomfantelike studente wat saam met die President stap. Hulle wil ook handgee. Hy glimlag en skud elkeen. Een sê: "Meneer, ek wil vir jou stem, maar nou kan ek nie" en 'n ander is nie links nie: "Nou gaan ek nooit weer my hand was nie."

In die Neelsie word 'n "Matie-burger" aan hom voorgesit. Terwyl FW die uie uitkrap, laat val hy dat dit die lekkerste hamburger is wat hy nog geëet het. 'n Bewonderende student neffens hom, lyk verbaas: "Nou kan ek u nooit weer glo nie," sê hy. Maar 'n ander student kom tot sy redding. "Meneer moet net nie van die koffie drink nie, want ons wil nie hê u moet doodgaan nie."

Die aand in 'n stampvol Kaapse stadsaal word FW staande toegejuig. Zach de Beer, leier van die Demokratiese Party, bevind hom effe gekompromitteerd, maar glimlaggend op dieselfde podium - dié slag nie as opponent nie, 'n ironie wat hy kop omhoog uitwys wanneer hy die gehoor versoek om te stem vir onderhandeling.

In sy toespraak vra De Klerk 'n bietjie meer, of dalk 'n bietjie minder. Hy sê: "Die tjek wat u sal teken as u Ja stem, het 'n baie duidelike inhoud. Ons grondwetlike voorstelle is reeds verlede jaar bekend gemaak. Dit is deur al die Kongresse van die NP aanvaar. Dít is waarvoor ons gaan onderhandel en daaraan sal ek my gebonde ag."

Gmnf.

# Die stryd om die Engelse stem

MET net tien dae oor voor stemdag op Dinsdag 17 Maart, lyk dit of dit die Engelssprekendes is wat die sleutel tot die uitslag van die referendum in hul hande hou.

'n Onlangse meningsopname deur Marketing and Media Research bevind dat 1,3 miljoen van die 4,3 miljoen kiesers nog onseker is of hulle "ja" of "nee" gaan stem. Tesame met diegene wat nie eens seker is of hulle hoegenaamd gaan stem nie, beloop die onsekere groep kiesers 42 persent van die totaal. Hiervan is 'n besondere groot getal Engelssprekendes.

Die meningsopname het getoon dat ontgogeling en onsekerheid oor die politieke situasie hoër onder Engelssprekendes as onder Afrikaanssprekendes is. Sowat 29 persent van die Engelssprekendes sê hulle gaan glad nie stem nie, teenoor 17 persent van die Afrikaanssprekendes. Dit blyk ook dat van die 76 persent kiesers wat gaan stem, 55 persent ja sal stem, 16 persent nee - teenoor 29 persent onseker.

Pieter Mulder, LP en KP-segspersoon, beweer dat ten minste een derde van die 1,5 miljoen Engelssprekendes nog nie besluit het hoe hulle gaan stem nie.

Koos van der Merwe, KP-LP vir Overvaal, bevestig dat in die laaste fase van die referendum-veldtog die KP hom veral op die onsekere Engelstalige kiesers gaan toespits.

Hy beweer dat die NP aanvanklik daarin geslaag het om die Engelssprekende stem af te skrik. Dit was die gevolg van NP-voorspellings dat 'n KP-oorwinning tot nuwe internasionale isolasie, sport- en ekonomiese sanksies sal lei.

"Maar noudat die KP dit duidelik gemaak het dat ons rassisme verwerp, apartheid nie weer sal instel nie, en bereid is om te onderhandel, vind ons dat Engelssprekendes in groot getalle hul steun aan ons begin toesê," beweer Van der Merwe.

Piet Coetzer, die NP-LP vir Springs en hoof inligtingsbeampte van dié party, bevestig dat sy party 'n verbete laaste poging loods om die groot getal onsekere kiesers, en veral ook die Engelstaliges, daarvan te oortuig dat 'n terugkeer na apartheid rampspoedig sal wees vir Suid-Afrika, en dat hulle daarom moet "ja" stem. - HENNIE SERFONTEIN

# Bekendes weens moord aangekla

*- en dorp vier fees*

**Die voorsitter van die ANC op Kroonstad word saam met 'n lid van 'n vooraanstaande sakefamilie in die Vrystaat van betrokkenheid by die moord van 'n berugte bendeleier op die dorp beskuldig - 'n moord wat die dorp se township laat feesvier het, berig PEARLIE JOUBERT**

**VERLEDE** Dinsdag het twee vermomde mans teen half vyf die middag die mees gehate man van die Maokeng-gemeenskap by 'n taxi-staanplek doodgeskiet. Ses ANC-lede is in verband met dié moord in hegtenis geneem.

Die 32-jarige George "Diwiti" Ramasimong, die leier van die Three Million Gang, is voor tientalle toeskouers doodgeskiet. Dieselfde aand is die voorsitter van die ANC op Kroonstad, Dennis Bloem, en Cecil Antony, ook 'n ANC-lid, in hegtenis geneem.

Roland Petrus, Andrew Petrus en Cucius Ntlokotsi - drie neefs - is vyf dae later in hegtenis geneem en weens die moord aangekla.

Die skywer en digter Antjie Krog, wat ook 'n ANC-lid is, gaan waarskynlik gedagvaar word om as staatsgetuie in die saak op te tree.

Die Three Million Gang het verlede jaar opspraak verwek toe die assistent-redakteur van die Sunday Star, Jon Qwelane, 'n ooggetuie was tydens aanvalle deur die bende in die polisiekantoor in Maokeng sonder dat die polisie teen hulle opgetree het. Verlede jaar is Terror Lekota, 'n lid van die Nasionale Uitvoerende Komitee van die ANC, ook deur die bende met die dood gedreig. Van die klag wat Lekota gelê het, het ook nog niks gekom nie.

**DIWITI EN DIE THREE MILLION GANG** het die inwoners in Maokeng-township vir byna twee jaar lank geterroriseer. Twee polisiemanne van Maokeng en Brentpark, die bruin woongebied buite Kroonstad, wat na bewering lede van dié bende was, is middel verlede jaar in hegtenis geneem op aanklagte van poging tot moord en onwettige besit van ammunisie nadat twee inwoners van Maokeng vermoor is. Die twee, konstabels John Masoleng en Pieter "Pappa" Bester, is beide op R100 borgtog elk vrygelaat.

Kol Herman Voigt, die hoof van die speurtak op Kroonstad, wat verantwoordelik was vir die in hegtenisneming van die twee konstabels, is twee weke later in 'n motorongeluk dood.

Die inwoners van Maokeng hou die Three Million Gang verantwoordelik vir 102 moorde wat sedert September 1990 in dié township gepleeg is. Op 4 Januarie vanjaar is 'n 14-jarige skoolseun vermoor en die ouers van dié kind sê hulle het geen twyfel nie dat hul kind deur Diwiti vermoor is.

Die moord van Dewiti is 'n ding wat 'n lang pad kom, sê 'n leier van dié gemeenskap wat nie sy naam genoem wil hê nie. "Mense word beroof, doodgemaak, verkrag en aangerand. En honderde mense het al verklarings gaan aflê, maar die bende loop vry. Hulle word af en toe gevang, maar dan weer vrygelaat. Die gemeenskap het so oor die tyd net al hoe meer ongeduldig geword met die polisie. Ek is nie verbaas dat Dewiti doodgemaak is nie. Die afgelope jaar is ongeveer 12 lede van die Three Million, wat sowat 30 lede gehad het, deur Maokeng-inwoners vermoor," vertel 'n leier van dié gemeenskap.

"**DIT IS NIE DIE ANC** of die Civic Association of enige individu wat dié moorde beplan en gepleeg het nie. Dit is die Maokeng-gemeenskap wat nou al vir baie lank onder die Three Million ly."

Bloem is 'n paar uur na die moord op Dewiti deur die polisie vir ondervraging in hegtenis geneem. "By die speurtak op Kroonstad het 'n paar polisiemanne my onderva. Ek is kaal uitgetrek en natgegooi. Hulle het ook gedreig om my elektriese skokke te gee, maar het dit nie gedoen nie," vertel hy.

Bloem het 'n klag van aanranding gelê en was 'n week in aangehouding waarna hy in die hof verskyn het. Hy is op R2 000 borgtog vrygelaat.

VWB het verlede jaar berig dat die Three Million veral ANC-lede aangeval en vermoor het. Van die inwoners vertel egter dat die Three Million, wat veral uit tienerjariges bestaan het, die afgelope paar maande mense voor die voet aangeval en doodgemaak het. Dennis Bloem se neef, Simon Bloem, wat geensins in enige politiek betrokke was nie, is twee weke gelede by dieselfde taxi-staanplek deur lede van die Three Million doodgesteek. Hy het 20 steekwonde aan sy lyf gehad. Ses lede van die Three Million is weens Simon Bloem se moord in hegtenis geneem, maar is die volgende dag weer vrygelaat.

Bloem en die ander vyf aangeklaagtes verskyn later dié maand in die hof.

# Mynveiligheid: Twee kante van die saak

VWB het teenstrydige reaksies gekry van die Kamer van Mynwese ná ons artikel oor mynveiligheid voorlaasweek.

In sy amptelike reaksie sê die Kamer sy Navorsingseenheid bemoei hom veral met die veiligheid van werkers en die gevare van mynbou in groot dieptes. Dié eenheid probeer 'n deurbraak maak in die ondersoek na die oorsake en moontlike voorkoming van rotsbarstings. "As alle voorkomende maatreëls faal, moet effektiewe maniere gevind word om werkers te beskerm."

Dit is die amptelike verklaring. Nie-amptelik het VWB vandeesweek by 'n senior amptenaar van dié organisasie verneem dat hulle ontevrede is met die veiligheidstoestand in sommige Suid-Afrikaanse myne. "Dit help nie ons ontwikkel van die beste veiligheidstegnologie en die myne gebruik dit nie."

Hy kwalifiseer dit egter onmiddellik en sê die Kamer bestee baie geld aan veiligheid en die ontwikkeling van gepaste tegnologie om werkers se lewens te beskerm.

Dié teenstrydige uitsprake wys dat iets nie pluis is in mynveiligheid in Suid-Afrika nie, veral wat die myne se prioriteite betref.

Die amptenaar het ook beswaar gemaak teen die Kamer se stelling wat lui: "Sonder om die gevare van mynbou onbenullig te probeer maak, is dit nuttig om die risiko van besering of sterfte in 'n mynongeluk te vergelyk met die risiko wat 'n mynwerker loop as hy van diens af is. Statistieke vir 1989 dui aan dat die ongelukke buite werksverband 36 persent hoër is as werksongelukke... die risiko vir ongeluksverwante dood in die algemene samelewing vir 'n 35-jarige wit mynwerker is 2,5 keer groter as dié om in 'n mynongeluk te sterf. Die syfers vir Indiër- en Kleurlingmans is onderskeidelik 3,6 en 6,6 hoër as mynsterftes. (Geen syfers word gegee vir swart mans nie.)"

Só 'n uitspraak, sê die amptenaar, maak juis die sterftetal in myne onbenullig en kan moontlik aanleiding gee tot 'n traak-my-nie-agtigheid. "So 'n houding versterk net die persepsie dat die mynboubedryf meer besorg is oor winste as lewens. Ons moet onthou dat elke sterfte eintlik een te véél is. Mens kan nie so ligtelik met die dood omgaan nie." - ESMA ANDERSON

# Buiteland kla oor Krygkor

**Die Suid-Afrikaanse wapenreus, Krygkor, word 'n verleentheid vir Suid-Afrika, skryf Beeld vandeesweek. Dis onwaarskynlik dat dié koerant in veral dié tyd van die referendumveldtog so 'n berig sonder goeie bronne sal publiseer**

**KRYGKOR** se buitelandse bedrywighede bedreig Suid-Afrika se internasionale betrekkinge, sê Beeld vandeesweek in 'n ongewone berig. Dié koerant berig die dispuut rondom Krygkor het nou so ernstig geword dat dit op die kabinet se sakelys geplaas is en dié wapenvervaardiger "in die bek geruk" kan word.

Dié berig is geskryf deur Beeld se verteenwoordiger in Washington, Freek Swart, wat skryf dat buitelandse regerings beswaar by die SA regering aangeteken het oor Krygkor se optrede.

Krygkor was teen druktyd gister nog besig om kommentaar oor die bewerings voor te berei en die saak was nie op die Kabinet, wat elke Woensdag vergader, se sakelys vandeesweek nie.

VWB het vandeesweek verneem dat die klagtes oor Krygkor se optrede verband kan hou met 'n groep internasionale wapenhandelaars wat gedurende die sanksieveldtog en die wapenboikot aangestel is om dié korporasie se wapentuig van die hand te sit.

Die sanksieveldtog het Krygkor verhoed om self oorsese kantore te open en hy moes noodgedwonge van "vryskuthandelaars" gebruik maak. Na wat vemeem word, kon die probleme by dié handelaars ontstaan het, wat glo steeds probeer om Krygkor se wapentuig te verkoop en tegnologie te bekom.

Dit is onwaarskynlik dat Beeld, wat die regering sterk in sy referendumveldtog ondersteun, in dié stadium sulke inligting sonder 'n goeie bron sal publiseer.

Beeld skryf dat die klagtes verband hou met agente wat steeds in die buiteland tegnologie probeer verkry en wapentuig van die hand te sit. In Amerikaanse regeringskringe is daar glo veral ongelukkigheid oor Suid-Afrika se voortdurende samewerking met Israel en die stroom klagtes wat dit uit Afrika- en Arabiese lande teweegbring.

Die Amerikaanse geheime diens het byvoorbeeld vasgestel dat Israel verlede jaar sleutelkomponente vir ballistiese missiele na Suid-Afrika uitgevoer het.

Of dit nou vrede in Angola is of korter diensplig, ons terugverwelkoming in internasionale sport of die opheffing van sanksies wat nuwe hoop bring op 'n beter toekoms vir die man in die straat — hervorming werk beslis.

Of dit nou 'n einde aan bomme op straat hoeke is of, aartsvyande wat praat in plaas van skiet, of 'n uitgeworpe nasie wat weer met trots sy plek in die internasionale arena vol staan — hervorming het reeds volop voordele gebring.

Die lewe in Suid-Afrika is nog lank nie normaal nie, maar ons vooruitsigte het geweldig verbeter.

'n "Nee"-uitslag gee ons kanse die finale nekslag.

'n "Ja"-uitslag gee ons 'n redelike kans.

# V Ondersteun u voortsetting van die hervormingsproses wat die Staatspresident op 2 Februarie 1990 begin het en wat gerig is op 'n nuwe grondwet deur onderhandeling?

'n Goeie grondwet sal jou regte en vryhede beskerm teen kwaadwillige optrede deur die regering van die dag.

Maar 'n grondwet is slegs 'n goeie grondwet as dit die steun van almal geniet, en almal se steun kan slegs verkry word deur onderhandeling tussen die leiers van alle partye.

Onderhandeling is die sleutel tot 'n oplossing.


Ons onderhandel nie doelloos nie, maar op die vaste grondslag van gesonde beginsels — beginsels soos geen oorheersing van enigeen deur enigeen nie, 'n handves van fundamentele regte verskans in die grondwet, afwenteling van mag tot streeks- en plaaslike vlak, en nog meer.

'n Onderhandelde grondwet gebaseer op gesonde beginsels lê die fondament vir 'n vrye en regverdige samelewing.

NP

## U stem maak saak.

**17 MAART** **Gee 10 sekondes om jou toekoms te bepaal**




Opgestel en geplaas deur P. Coetzer, Tulbaghplein, Pretoria.

SAATCHI & SAATCHI KLERCK & BARRETT TVL 20002

'n Gewese Opec-leier en Saoedi-Arabiese weermaghoof het op geheimsinnige wyse honderde miljoene rande se "gewaste goud" by die Suid-Afrikaanse Reserwebank gekoop, word beweer in 'n brief aan Staatspresident FW de Klerk. Buitelandse finansiers eis nou meer as R200 miljoen se kommissie vir onder meer dié transaksie. Dié inligting is vervat in dokumentasie rondom die verhaal van 'n bankrot Pretoriase sakeman se "mistieke miljoene" waarvoor hy volgende maand tereg gaan staan. Gaan die ware verhaal van waarskynlik een van die vreemdste finansiële intriges nog in Suid-Afrika se geskiedenis werklik vertel word, wonder **JACQUES PAUW** nadat hy van die dokumentasie onder oë gehad het

# Tonne goud, sakke vol geld, hoë intriges...

## Gaan dié bisarre verhaal ooit in die hof uitkom?

**'N GROEP** internasionale finansiers het Staatspresident FW de Klerk in kennis gestel dat die regering hul 78 miljoen Amerikaanse dollar (sowat R210 miljoen) in kommissie skuld nadat 'n groep Arabiere, onder hulle 'n gewese olieminister en 'n weermaghoof, 135 ton "gewaste" goud op 'n "geheimsinnige wyse" van die Reserwebank gekoop het.

Die groep finansiers eis ook kommissie nadat hulle glo 'n buitelandse lening help werf het vir 'n bankrot Pretoriase sakeman wat na bewering met die finansiële ondersteuning van die SA regering en die Reserwebank opgetree het.

Dit blyk uit dokumentasie dat die goudkopers alles in hul vermoë gedoen het om die metaal se oorsprong te verberg. In 'n prokureursbrief aan De Klerk word beweer die Saoedi-Arabiërs het die goud vir 1 600 miljoen dollar (R4 320 miljoen) gekoop nadat dit "gewas", alle oorsprongkenmerke verwyder en dit herverwerk is. Die Reserwebank ontken egter dat hy dié goud verkoop het.

Volgens die dokumente tel die goudkopers onder die bekendste en welvarendste Arabiere: 'n gewese minister van oliesake, sjeik Yamani, die hoof van die Saoedi-Arabiese weermag, Al Mussalini, en 'n sjeik Mohammed en die Al Faila-familie.

Dié opsienbare inligting word vervat in dokumentasie wat sowat 'n jaar gelede deur die finansiers en 'n Johannesburgse prokureursfirma opgestel en onder meer aan De Klerk gestuur is.

Die finansiers, verneem VWB, oorweeg nou regstappe teen die regering in 'n poging om hul kommissie in te vorder. 'n Eis is moontlik afhangende van een van Suid-Afrika se grootste bedrogsake wat volgende maand begin.

**DIE BEWEERDE GOUDVERKOPE** spruit uit pogings van die bankrot Pretoriase sakeman, Alwyn Lombard, om buitelandse lenings van sowat 1 000 miljoen Amerikaanse dollar te bekom om glo 'n township buite Pretoria te bou. Die SA Regering en die Reserwebank sou glo dié lenings waarborg.

Alwyn Lombard, broer van die gewese vise-president van die Reserwebank, dr Jan Lombard, word daarvan beskuldig dat hy tussen 600 en 1 000 miljoen dollar op 'n bedrieglike wyse probeer bekom het. Sy neef, Jan Carl Kruger, staan saam met hom tereg. Omdat Lombard 'n ongerehabiliteerde insolvent is, mag hy nie voorsitter van enige maatskappy gewees het nie, voer die staat ook aan.

Lombard het glo wederregtelik voorgegee die Regering en Reserwebank sou waarborge verskaf en sekuriteit bied vir 'n lening om die township Rosslyn Uitbreiding 2 by Pretoria te ontwikkel. Lombard het glo voorgegee dat hy namens die firma Supra Tech Holdings optree.

Terwyl Lombard en Supra Tech besig was om die buitelandse lenings te bekom, is verdere transakies rondom die verkoop van goud met die Arabiese kopers gevoer. Twee amptenare van die Reserwebank was glo betrokke by die goudverkope.

Lombard sal op 21 April weer in die Johannesburgse Streekhof verskyn.

Hoewel die regering ontken dat hy by enige van die transaksies betrokke was, ontstaan ernstige vrae nou rondom die beweerde goudverkope aan die Arabiere en die finansiers se aansprake op kommissie. De Klerk self het glo van die finansiers ontmoet, word in die dokumentasie beweer.

**DOKUMENTASIE WAT VANDEESWEEK** in VWB se besit gekom het, dui daarop dat Lombard se kontak met buitelandse finansiers moontlik gestrek het tot by geheime goudverkope deur die Reserwebank, Westerse intelligensie-agentskappe se navrae oor die goudverkope en die Suid-Afrikaanse regering se oortreding van verpligte sanksies en die kommissie-eis van die finansiers.

'n Prokureur van die Johannesburgse firma Bowens, Gordon Leith, sê in Augustus 1990 in 'n brief aan die Staatspresident terwyl Lombard besig was om lenings by Europese finansiers te werf, 'n Arabiese familie met twee Reserwebank-amptenare oor die koop van goud onderhandel het.

Die voorsitter van die finansiersfirma Hawdonfield, Sandra Woodland, sê in 'n verdere dokument, gedateer Oktober 1990, die kopers van die goud was sjeik Mohammed en die Al Faleil-familie, Al Mussalini en sjeik Yamani.

Leith bevestig in 'n brief aan die Staatsprokureur, gedateer 5 November 1990, die identiteit van die goudkopers. Leith sê die Arabiere het die geld vir die goud in die Credit Anstalt-bank in Switserland inbetaal, wat die geld na 'n bank in Holland oorgeplaas het. Die Hollandse bank, ABN Bankers, het die geld teruggestuur na Anstalt wat die geld na die Swiss Banking Corporation oorgeplaas het. Dié bank het op sy beurt die geld na Suid-Afrika oorgeplaas.

Leith sê: "The gold was well washed, the hallmarks removed and re-refined. The gold was transferred to the Swiss Banking Corporation and from there to Credit Anstalt."

**IN 'N DOKUMENT VOOR** die verkope van die goud skryf die voorsitter van die Euro-Korea Development Corporation in Brittanje, dr Ian Wiatt, aan 'n amptenaar van die Reserwebank dat die goudkopers se finansiële bronne onbeperk is en dat die Reserwebank toegang tot een van die wêreld se rykste families het.

Die regsverteenwoordigers van die Reserwebank, die prokureursfirma Rooth en Wessels, ontken egter dat die Reserwebank betrokke was by enige goudverkope of die verkryging van buitelandse lenings en is dus nie verantwoordelik vir die betaling van kommissie nie. Die Staatsprokureur ontken dat die Suid-Afrikaanse regering in enige mate by die transaksies betrokke was.

Leith sê egter in sy brief aan De Klerk: "During the course of futher negotiations, it become apparent, and this was subsequently confirmed, that the loan had been elevated to the status of Government to Government."

Leith sê dat 'n Suid-Afrikaanse amptenaar na Londen gevlieg het en aan die finansiers gesê het die Suid-Afrikaanse konneksie moet weens politieke redes verberg word.

**LEITH VERDUIDELIK OOK** De Klerk se persoonlike betrokkenheid by die lening en sê: "While the State President was in Europe he met with the Arab senior representatives...and he or a member of his party had a telephonic conversation with Mr Derek Davies, the Swiss representative for the 1 Billion Dollar Loan."

De Klerk het die bewerings rondom Lombard se verkryging van lenings en die geheimsinnige goudverkope na die departement van Justisie vir ondersoek verwys.

Dit blyk verder uit die dokumentasie dat verskeie buitelandse intelligensie-dienste navraag oor die beweerde goudverkope en leningaansoeke gedoen het. VWB verneem dié navrae het veral gedraai rondom die regering se beweerde verbreking van die handelsverbod teen Suid-Afrika.

'n Johannesburgse finansier wat by die projek betrokke was, skryf in 'n nota aan Sandra Woodland dat "a CIA guy" hom sou besoek om meer inligting te probeer bekom. Hy skryf ook dat die Duitse ambassade in Pretoria navraag oor die projek begin doen het.

Die belangstelling van die Amerikaanse Central Intelligence Agency (CIA) draai rondom die American Reserve Pool se betrokkenheid by die Lombard-projek. 'n Washingtonse prokureur, Lawrence Smith, het volgens die dokumentasie met finansiers oor moontlike lenings vir Lombard onderhandel.


Dit blyk uit die dokumentasie dat die Staatspresident reeds teen die middel van 1990 van die pogings van Lombard om lenings te verkry, ingelig is, maar in Februarie 1991 nog probeer Supra Tech om 'n buitelandse lening van 600 miljoen Amerikaanse dollar te bekom.

In 'n vertroulike faks, gedateer 25 Februarie 1990, waarsku Waitt 'n Johannesburgse finansier dat sy foon dalk meegeluister word en dat die Staatspresident en die SA regering "baie betrokke" is.

# Dié 'F-woord'

## is nie meer taboe nie

**Terwyl die land nog gegons het oor die uitslag van die tussenverkiesing op Potch en die daaropvolgende aankondiging van 'n referendum deur Staatspresident FW de Klerk, het Kodesa stil-stil die beginsel van 'n federasie aanvaar. HENNIE SERFONTEIN bespreek die gevolge van dié besluit**





Cyril Ramaphosa
Koos van der Merwe

**MOET** dit tog net nie te gou by sy ware naam noem nie, dan bly die Kaap nog Hollands. Maar ons almal weet tog waaroor dit gaan, stem selfs nou in beginsel daaroor saam, hoewel daar oor die besonderhede nog vele verskille is.

Dit is die boodskap wat mens kry in gesprekke met sekere afgevaardiges by Kodesa as jy navraag doen oor die onnoembare obsene "F"-woord: federasie.

Want in der waarheid het Kodesa twee weke gelede so sito-sito, sonder om dit agtema aan die groot klok te hang, die federasie-beginsel met "voldoende konsensus" aanvaar.

Dit is in sobere opskrifte aangekondig: "Regional Government to be autonomous" en "ANC sê ja vir grondwetlike verskansing van streeksregerings".

Die skokuitslag van die tussenverkiesing op Potchefstroom en die daaropvolgende referendum-bom deur Staatspresident FW de Klerk, het dié belangrike grondwetlike ontwikkelinge egter heeltemal oorskadu.

Want die aanvaarding van 'n federale Suid-Afrika met nege of tien streke deur Werkgroep Twee van Kodesa hou uiters belangrike politieke gevolge in:

- Etniese groepe en ander minderheidsgroepe se vrees vir oorheersing deur 'n sterk sentrale gesag word grootliks besweer;
- dit vergemaklik die toekomstige inlywing en herinkorporasie van die onafhanklike en selfregerende tuislande;
- dit open die deur vir die linkervleuel van die KP om tot Kodesa toe te tree, omdat die eise vir 'n blanke tuisland versoenbaar is met die federasie-konsep;
- dit is Kodesa wat nou reeds in 'n vroeë stadium die belangrikste besluite oor die toekomstige grondwet neem, en nié die omstrede grondwetgewende liggaam wat later eers ingestel sal word nie.

**DIT IS IRONIES DAT** sowel die ANC as die NP die federasiegedagte reeds dekades lank bitterlik teenstaan: die ANC omdat hulle geglo het "federalisme" sou die verskansing van blanke rassistiese minderheidsbelange verskans; en die NP omdat hulle daarvan oortuig was dit sou 'n swart meerderheidsregering meebring.

Die kentering in NP-denke oor 'n federasie het reeds vóór en ná die ontwikkelinge sedert 2 Februarie 1990 gekom, en vind uiting in hul grondwetlike voorstelle wat in Oktober 1991 aanvaar is.

Vir die ANC was die proses ietwat moeisamer. Maar die afgelope 15 maande al het dié party se grondwetkomitee indringend en opnuut aandag aan die kwessie van "streeksregerings" gegee.

Einde Januarie vanjaar het Cyril Ramaphosa, sekretaris-generaal van die ANC, hom onverwags ten gunste van "sterk streeksregerings" uitgespreek. Hy het na Natal en Transkei verwys as "eenhede binne ons land", en gesê daar is niks verkeerd daarmee as dié gebiede sterk streeksregerings het nie.

Sy eweknie in die NP, Stoffel van der Merwe, verwelkom dié nuwe buigsaamheid van die ANC en beskou dit as " 'n oorwinning vir Suid-Afrika".

Let wel, nóg Ramaphosa nóg Van der Merwe gebruik die woord "federasie", hoewel sommige politieke skrywers dit tog in die verbygaan noem.

**TALLE INFORMELE EN AMPTELIKE** gesprekke tussen die ANC en die NP oor die kwessie van streeksregerings het op verrassend snelle konsensus tussen al die partye by Kodesa uitgeloop, en dit was 'n saak waaroor volgens voorspellings baie lank gepraat sou word.

By die byeenkoms twee weke gelede het Tertius Delport, die adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, die regering se vier algemene grondwetlike beginsels uiteengesit. Ramaphosa het antwoord, Delport se uiteensetting geprys en geringe wysigings voorgestel.

Die vier beginsels dui op 'n drievlak-regeringstelsel (sentraal, streeks en plaaslik); al drie vlakke behels demokratiese verteenwoordiging, elke vlak het uitvoerende, wetgewende en fiskale outonomie en dié magte is verskans in die grondwet; die sentrale regering kan magte delegeer aan streke.

Volgens Gerhard Erasmus, hoogleraar in Regte aan die Universiteit van Stellenbosch en 'n grondwet-deskundige, is die belangrikste aspek van die Kodesa-besluit dat die magte van die streeksregerings in die grondwet verskans word.

Hy sê: "Dit beteken die magte van die streeks- en plaaslike owerhede is oorspronklike magte, wat nie deur die sentrale regering gedelegeer is nie. Slegs die hof kan finaal uitspraak gee in enige twis tussen die sentrale en streeksregerings."

**ERASMUS Sê DIT** IS een van die wesenlike kenmerke van 'n federasie, hoewel 'n federasie, anders as 'n konfederasie, ook in wese 'n eenheidstaat is. Die VSA en Duitsland, albei federasies, word internasionaal as eenheidstate erken.

Maar in Kodesa-kringe word selde na die "F"-woord verwys. Daar word gepraat van "regionalisasie", "streke", of "streeksoutonomie". Die NP is blykbaar bewus van die dilemma waarin die ANC hom bevind en dat dié organisasie nie graag sal wil toegee dat hy heeltemal bollemakiesie geslaan het oor dié kwessie nie.

Ook in 'n gesprek met VWB dié week gebruik Gerrit Viljoen hoegenaamd nie die woord nie. Hy is egter opgewonde oor die sameloop van idees oor die kwessie van streeksregerings wat tussen die ANC en NP plaasgevind het.

Viljoen sê: "Ek is daarvan oortuig dat die politieke werklikhede die ANC genoop het om hul vorige aandrang op 'n oordrewe sterk sentrale regering te heroorweeg. Want die meeste partye en tuislandregerings teenwoordig is ten gunste van een of ander stelsel van streeksregerings."

Peter Gastrow, DP-LP vir Durban Sentraal en ook by Kodesa, sê die merkwaardige verandering in ANC-denke weerspieël die verandering van bevrydingspolitiek na parlementêre veelparty-politiek waar partye steun onder die kiesers probeer werf.

Dit is bekend dat die ANC-leierskap nie langer ondersteuning van die meer konserwatiewe swartmense in die tuislande as vanselfsprekend aanvaar nie.

**DIE ANC EN NP SE VOORSTELLE** vir streke is byna dieselfde. Die ANC stel tien en die ander nege voor. Albei stel as streke voor Wes-Kaapland, Oos-Kaapland, Noord-Kaapland, Natal, die Vrystaat, Wes-Transvaal, die PWV-gebied en Noord- en Oos-Transvaal.

Die enigste verskil is dat die ANC Oos-Kaapland - bestaande uit die Transkei en Ciskei - in 'n "Xhosa-land" verdeel.

Waaroor daar nog lank geargumenteer sal word, is die spesifieke magte van streeksregerings. Maar Viljoen beklemtoon: "Dit is belangrik dat die ANC ook saamstem dat die streke substansiële magte moet hê, en nie byvoorbeeld slegs vir motorlisensies verantwoordelik moet wees nie."

Die aanvaarding van die federale konsep deur Kodesa is sekerlik ook 'n uiters belangrike stap om dit vir die KP - of dan die linkervleuel daarvan - moontlik te maak om na die onderhandelingstafel te kom.

Dit is al geruime tyd bekend dat lede van dié groep ten gunste van onderhandelinge met die ANC is. Ook besef die groep dat aansprake op die huidige "blanke" Suid-Afrika iets van die verlede is.

Hulle sien in die streeksvoorstelle van die NP - en nou ook in dié van die ANC - die moontlikheid dat hul dramaties verkleinde tuisland-gedagte op een of twee van die streke gegrond kan word.

Ná die dramatiese oorwinning verlede week van Koos van der Merwe, segsman van dié groep - toe hy Andries Treurnicht en die leierskap teen hul sin in 'n referendum gedwing het - word deelname aan Kodesa van ten minste 'n faksie van die KP 'n al hoe groter werklikheid.

Van der Merwe en sy mense het nou bloed geruik en is duidelik op die oorlogspad. Nie alleen sê hy en Cehill Pienaar, die Vrystaatse leier, die KP sal nooit weer apartheidswette instel nie, maar kaalkop sê Van der Merwe ook dat 'n federasie 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme bied. Hy het duidelik in gedagte dat 'n klein Volkstaat deel van só 'n federasie kan wees.

Die groot deurbraak by Kodesa oor die federale konsep à la streeksregerings, en die merkwaardig snelle versoening van voorstelle van die ANC en die NP in so 'n vroeë stadium van die onderhandelinge, het nie alleen nuwe deure oopgemaak nie, maar bied ook nuwe hoop aan alle Suid-Afrikaners.

# Die reg op 'n onbekende God

Waar staan die debat oor wat "godsdiensvryheid" in 'n handves van menseregte moet beteken? **INA VAN DER LINDE** gesels met 'n paar mense na aanleiding van 'n konferensie in Pretoria wat deur die Suid-Afrikaanse Afdeling van die World Conference on Religion and Peace (WCRP), en Idasa gehou is. WCRP is 'n inter-godsdienstige organisasie wat werk vir beter begrip en samewerking tussen mense van verskillende godsdienste

**DIE** term "sekulêre staat" om die verhouding tussen godsdiens en staat te omskryf, is uit. Die Amerikaners, so blyk dit, het dié term 'n slegte naam gegee.

Die Amerikaanse model van absolute en onbuigsame skeiding tussen godsdiens en staat is volgens prof Klippies Kritzinger, sendingwetenskaplike aan Unisa, nie in Suid-Afrika ter sprake nie. Meer aanvaarbaar is 'n model waar 'n neutrale staat positief met godsdiensgroepe saamwerk.

"Daar is taamlike konsensus dat die staat geen godsdiens amptelik moet ondersteun nie," sê Kritzinger, ook voorsitter van die WCRP-komitee oor godsdiensvryheid.

"Terselfdertyd is die term 'sekulêr' onaanvaarbaar. Die algemene mening is dat bloot gepraat moet word van 'n demokratiese staat. Dit moet uit die inkleding van die term godsdiensvryheid in 'n handves van menseregte duidelik wees wat hiermee bedoel word."

Met dié standpunt gaan baie konserwatiewe Christene nie saamstem nie, en ook nie fundamentalistiese Moslems nie.

Dr Christof Heyns van die Sentrum vir Menseregtestudies aan die Universiteit van Pretoria, pleit vir 'n ander benadering. "Stel jou 'n toekomstige gemeenskap voor waar ons nie een seker is of ons uiteindelik Christen, Jood, Moslem of Hindoe gaan wees nie. Bewus van die feit dat ons enige van dié gelowe kan aanhang, sal ons so verdraagsaam as moontlik wil wees ten opsigte van elke geloof. Ons noem dit 'die perspektief van verdraagsaamheid'."

**VERDRAAGSAAMHEID**, sê Heyns, vra nie dat mens jou eie godsdiens ontken nie. Dit vra egter dat elke burger sy eie spesifieke belange relativeer en ruimte maak vir die belange van ander.

Heyns sê die argument word dikwels gebruik dat die Christendom kan aanspraak maak op die sterkste steun in Suid-Afrika, en daarom die demokratiese reg het om deur die staat bevoordeel te word. "Ek glo dié argument is gegrond op 'n verkeerde begrip van wat 'n demokrasie beteken. 'Demokrasie' is nie 'meerderheidisme', in die sin dat 51 persent van die mense eksklusiewe beheer het oor die res van die gemeenskap nie. Demokrasie beteken meerderheidsregering sowel as beskerming van die fundamentele regte van die individu - hul vryheid van gewete inkluis.

"Selfs as 99 persent van die landsburgers tot 'n bepaalde geloof behoort, sal dit ondemokraties wees as die staat 'n bepaalde geloof namens al die inwoners onderskryf - nie net 'onregverdig' of 'ongeregtig' of 'ongewens' nie. Dit sal beteken dat dit die gewetensreg van die een persent sal skend.

"Terselfdertyd sal dit nie in die ware belange van die meerderheid wees nie. Die essensie van betekenisvolle godsdiensbeoefening is dat dit outentiek moet wees, en om outentiek te wees, moet dit vrywillig wees."

Beteken dit dan, in die woorde van Thomas Jefferson, "'n muur tussen kerk en staat"? Nee, sê Heyns, in Suid-Afrika sal so 'n benadering onprakties en ongewens wees. Alle godsdienste moet deur die staat beskerm en ondersteun word. Dit is 'n kwessie van ewewig tussen te veel en te min staatsondersteuning.

Verskeie ander aspekte word ook deur die debat geraak:

• **GODSDIENSONDERRIG** op skool: Die algemene mening is dat een of ander vorm van godsdiensonderrig in skole nodig is, maar dit moet nie sekere godsdienste bevoordeel nie. Dr Gerrie Lubbe, voorsitter van die WCRP, sê: "Die gevoel is dat godsdiensonderrig op laerskoolvlak eerder godsdiensstudie moet wees waar van ander mense se godsdienste en kulture geleer word, terwyl dit op hoërskoolvlak 'n keusevak moet wees. Daarmee saam kan gemeenskappe toegelaat word om op bepaalde tye godsdiensonderrig aan te bied vir hul ondersteuners, bv 'n imam kan die Moslems onderrig en 'n dominee die Christene, of 'n rabbi die Jode."

Hiervan sal ortodokse gelowiges nie hou nie. Vir sulkes moet eksklusiewe godsdienskole die antwoord wees. In 'n nuwe bedeling moet daar steeds voorsiening wees vir Rooms-Katolieke, Moslem- of Joodse skole, maar hulle behoort nie op dieselfde grondslag as gewone staatskole bedryf te word nie.

Kritzinger meen die aard van godsdiensonderrig moet nie sentraal-wetlik afgedwing word nie, en dat 'n mate van vryheid om hieroor te besluit aan ouers en onderwysers oorgelaat word. So sal die situasie verskil in 'n skool waar die kinders oorwegend Christelik is, van dié in 'n skool waar die kinders meestal Moslems is.

• **TEOLOGIESE** onderrig aan universiteite: Terwyl die opleiding van Christen-predikante aan universiteite gesubsidieer word, geld dit nie ander godsdienste nie. Sommige meen die staat moet ook teologiese skole vir ander godsdienste subsidieer, terwyl ander meen dit is onprakties en dat die oplossing eerder daarin lê om bestaande teologiese fakulteite in te rig om aan die behoeftes van ander godsdienste te voorsien.

• Openbare media: Die Katolieke priester Bonaventure Hinwood, wat beweer het ander godsdienste kry dieselfde uitsaaityd as die Christene, het 'n groot debat uitgelok. Daar is daarop gewys dat nóg die Hindoes nóg die Moslems godsdienstige uitsaaityd kry, en dat alle televisiedienste op die Christendom gerig is. Van *Kompas* tot *Bible Hour* vir kinders. Terwyl sommige Hindoes aandring op gelyke uitsaaityd, het 'n Moslem-spreker daarop gewys dat 'n godsdiens met 200 000 ondersteuners nie op dieselfde uitsaaityd kan aandring as 'n godsdiens met 5 miljoen ondersteuners nie.

• **DIE KWESSIE VAN PERSOONSREG:** Sommige Moslems meen omdat hulle huweliksreg en erfreg verskil van die Romeins-Hollandse reg, moet voorsiening gemaak word vir afsonderlike Islamitiese howe wat jurisdiksie het oor alle Moslems.

Die Islamitiese erfreg bepaal byvoorbeeld dat vroue die helfte moet erf van mans en die huweliksreg bepaal dat elke man net vier vroue mag trou en dat hulle almal gelyke behandeling moet ontvang. Ook dat enigeen vry is om die Moslem-geloof te aanvaar, maar dat niemand ooit die Islam mag verlaat nie. In streng Moslem-state is dit met die dood strafbaar. Progressiewe Moslems is sterk gekant teen afsonderlike howe vir Moslems omdat dit hul geloofsvryheid sal inperk.

• **GODSDIENSPROPAGERING:** Die beginsel dat godsdienste hulself mag propageer, word geredelik aanvaar, maar op die voorwaarde dat dit nie mense se swakhede uitbuit deur byvoorbeeld armes te "koop", of hulle in hospitale te teister met aggressiewe propageringsmetodes nie.

Christof Heyns verwys na die gebeure in Athene toe die apostel Paulus voor Epikureërs en Stoïsynse filosowe op die Areopagus gepraat het. Hy het verwys na 'n monument in Athene wat aan die "onbekende God" opgedra is. Dit kan verskillende dinge vir verskillende mense beteken. Maar elkeen het die reg - en die plig - om hierop op hul eie manier te reageer.

"'n Gemeenskap kan net in die ware sin van die woord vry wees wanneer sy haar lede toelaat om tot 'n 'onbekende God' te bid. Sulke vryheid is die kenmerk van 'n gemeenskap wat waarlik floreer - in die sekulêre én die religieuse sin," sê hy.

# Potch: handomkeer in 'n paar uur

Dit was 'n vreemde, byna verstommende twaalf dae op Potchefstroom. Eers die tussenverkiesing ... en toe verander dinge binne ure, sê **JOHANNES FRONEMAN** van die Departement Kommunikasiekunde aan die PU vir CHO

**TWEE** weke gelede was die KP aan die voortstorm na 'n onvermydelike oorwinning in die tussenverkiesing. Hulle had regtig nie die ingevoerde skreeukommando's by die stembus nodig nie.

Die NP was net nooit by nie. Die wil om te wen was net nie sterk genoeg nie. Hulle het nie sterk genoeg geglo hulle kán nie. Dalk was daar selfs diegene in Pretoria wat nie wou wen nie.

Die donker wolk wat die hele stemdag oor Potch gehang het, het ná die aankondiging van die uitslag op die NP- en DP-ondersteuners se gemoedere kom lê.

En toe kom die aankondiging van die referendum. Soos 'n handomkeer verander die klimaat. Binne ure.

Voordat die KP kan besluit of hy gaan deelneem of nie, verskyn die eerste Ja-plakkate teen Potch se lamppale. Nogal opgesit deur 'n "nie-politieke" groep, insluitende enkele KP's wat hulle koud geskrik het vir die gedagte aan 'n KP-regering...

**TOE PRES FW DE KLERK VERLEDE** week - 'n skrale week na die stembusvernedering - as kanselier van die Potchefstroomse Universiteit ingehuldig word, skarrel die regse opposisie nog.

Honderde hoogwaardigheidsbekleërs, waaronder buitelandse diplomate, stap verby eensydige ja, ja, ja-lamppale na die Sanlam-ouditorium om deel te hê aan 'n kleurryke akademiese plegtigheid.

Heel regs op die verhoog staan 'n kort man met 'n kierie stil saam met die res van die gehoor terwyl Die Stem gesing word. Later word hy, saam met die ander kanseliers, voorgestel as dr Oliver Tambo, kanselier van die Universiteit van Fort Hare.

Nee, hy het nie saamgesing nie. Dieselfde geld meer as een van die blanke aanwesiges. Ander het weer gevoel nóú kan 'n mens tog weer sing, dis nou as jy op daardie oomblik wel 'n noot kon uitkry.

Awie van Wyk en sy universiteitskoor sing pragtig. Vir almal se onthalwe. En die nuwe kanselier praat oor die uitdagings wat op die universiteitswese wag.

**TWEE, DRIE KILOMETER VAN** die kampus, reg suid, af met Hoffmanstraat, staan die ou NG Moedergemeente. Dis die begin van die gemeente se viering van sy 150e bestaansjaar. In die ouderlingsbanke sit witdasooms en dié wat nou mag waag om met kortmouhemp te aanbid.

Voor die ouderlinge hou die waaiers die drie museumpoppe koel, pragtig aangetrek in die kisklere van 'n destydse doopgroepie. Skuins voor my druk vier yuppies op plek vir drie in, maar hulle geniet die styfsit klaarblyklik.

'n Videokamera volg die verrigtinge van die galery af. Ook die koor wat 'n negro spiritual sing.

En dan preek die oudste lewende oud-leraar van die Transvaal se oudste NG gemeente, dr Beyers Naudé. Hy preek nie lank nie, want sy eenvoudige boodskap het nie baie verduideliking nodig nie.

Wees die lig vir die wêreld. Moenie bang wees om ter wille van Christus te ly nie. Werk vir versoening en vrede. En pasop vir die skynoplossings van die wêreld, maan die oudste.

Ná die diens bespreek lidmate plek vir die gemeente-ete met sy tweebladsy-spyskaart en ou gemeentelede kom dr Naudé groet. "U sal my nie onthou, maar u het ons in '59 getrou," sê een, terwyl 'n ander oor 'n gestorwene praat. Die ouderling kom dr Naudé haal vir 'n koppie tee.

Vroeër vra dr Naudé verskoning dat hy nie by die verrigtinge later die maand sal kan bywoon nie. Sy verantwoordelikheid lê by sy NGKA-ring. Sy verwysing na sy leraarskap in Alexandra - op 77-jarige leeftyd - klink half terloops, maar verduidelik sy prioriteite.

In sy gebede kom sy ekumenisiteit sterk deur: ons bid vir die NG Kerk, maar ook vir ander gereformeerde kerke. En die hele Christelike kerk. Hy bid ook vir die hongeres, die werkloses en vir reën. As dit Gods wil is.

**DIE AAND PREEK NOG** 'n oud-leraar van die gemeente, dr Nico Smith - slegs maar die tweede keer in tien jaar dat 'n NG gemeente hom nooi. Hy vertel hoe hy uit Potch is; hoedat die jare daarna nie altyd maklik was nie, maar dat die God wat roep, getrou bly.


Sy boodskap aan die gemeente is Romeine 12:1: Gee julleself as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is. En wees bereid om vernuwe te word. Wees bereid om aan God die prioriteit in jou lewe te gee.

Die gemeente luister aandagtig wanneer dr Nico hulle met 'n glimlag verseker hy het nie 'n kommunis geword nie. Die Volkskool se koor sing 'n psalm op 'n Voortrekkerwysie.

Die gemeente gaan huis toe vir nog 'n week op Potch. Maar dis lankal nie meer dieselfde dorp as dié van 'n week en 'n half gelede nie.

# Gorby draai sy roebels om

Die voormalige leier van die gewese Sowjet-Unie, Mikhail Gorbatsjof, kla dat sy pensioen nie genoeg is nie. Volgens **PAOLA MESSANA** lyk hy besig, maar is hy eintlik op soek na 'n rol vir homself



Mikhail Gorbatsjof (Foto: AP)

**MOSKOU** - Twee maande nadat die land waarvan hy die president was opgehou bestaan het, skep Mikhail Gorbatsjof steeds die indruk dat hy besig is, hoewel hy in der waarheid nie 'n rol vir homself kan vind nie.

Ondanks die feit dat sy skryfwerk, veral in die Weste, hom van 'n goeie inkomste verseker, het die gewese leier van die Sowjet-Unie, wat dié week 61 geword het, onlangs laat weet dat hy sukkel om met sy pensioen oor die weg te kom.

En Gorby se kontakte met buitelanders - hy reis binnekort na Duitsland en daarna gaan hy vir Ronnie Reagan kuier - het hom die Russiese pers se gramskap op die hals gehaal.

Buiten sy werksaamhede by die Gorbatsjof-navorsingsinstituut, het die gewese leier ingestem om 'n gereelde rubriek vir die Italiaanse dagkoerant *La Stampa* te skryf. Dié rubriek gaan glo deur die *New York Times* gesindikaliseer word.

Daar is ook sprake van hoogs betaalde toespraakgeleenthede in die Weste, en as hy sou instem om dit te doen, kan hy van meer kritiek tuis verseker wees.

DIE RUSSE LAG EGTER vir Gorbatsjof oor sy beweerde geldprobleme.

Hulle wys daarop dat sy vrou, Raisa, nog nie uitgespring het om te gaan werk nie, ondanks 'n pos wat haar by die Gorbatsjof-instituut aangebied is.

Verlede week het Gorbatsjof gesê sy pensioen van 4 000 roebels wat deur Boris Jeltsin aan hom gegee is, is nie genoeg om vir alles te betaal nie.

Die konserwatiewe koerant *Sovietskaya Rossiya* het tot sy verdediging gekom en onlangs berig dat Gorbatsjof in die verleentheid was toe hy 'n groep besoekers uitgenooi het om saam met hom te gaan eet in die instituut se kantien, maar teen betaaltyd moes erken dat hy nie genoeg kontant het nie.

Volgens Vladen Loginov, die gewese president se sekretaris, spandeer Gorbatsjof tussen twee en drie uur per dag om sy memoirs te skryf.

Die gewese leier het steeds "twee of drie dosyn geheime wat van die boek 'n blitsverkoper sal maak", sê Loginov.

Gorbatsjof is ook besig om voorbereidings te tref om sy instituut amptelik te open. - AFP

# Ná 8 000 000 000 km hou Pioneer 10 nog koers

**KAAP CANAVERAL**, Florida - Twintig jaar nadat Pioneer 10 die ruimte in gelanseer is, stuur dié verkenningstuig - nou al agt duisend miljoen kilometer van die aarde - steeds wetenskaplike inligting na die planeet van waar dit vertrek het.

"Die son se invloed is steeds merkbaar," sê die fisikus James van Allen van die Iowa Universiteit wat meewerk aan die projek. "Dit, ruweg beskou, is die belangrikste bevinding sedert ons Jupiter verbygesteek het. Die son se invloed strek baie verder as wat vroeër gemeen is."

Die kernaangedrewe ruimtetuig sal na verwagting teen die jaar 2000 kontak met die aarde verloor. Maar die verkenningstuig self sal voortreis die heelal in. Dit dra 'n boodskap van groete, wiskundig geformuleer, en die beeld van 'n man en 'n vrou op 'n metaalplaat - ingeval die ruimtetuig dalk deur ander intelligente wesens ontdek word.

Toe die ruimtetuig van 260 kg op 2 Maart 1972 gelanseer is, het die wetenskaplikes nog duim vasgehou dat dit minstens 21 maande sou werk - lank genoeg om verby Jupiter te reis en dié reuseplaneet te fotografeer.

Geen ruimtetuig het tevore al probeer om die asteroïde-gordel - bestaande uit rotse en stof - tussen Mars en Jupiter te deurdring nie en niemand was seker of Pioneer 10 dit sou maak nie.


Maar die ruimtetuig van alimunium en magnesium het die sewe maande lange reis deur die asteroïdes oorleef - sowel as dié deur die bestralings-gordels om Jupiter in 1973.

Nadat Pioneer 10 die eerste naby-foto's van Jupiter aarde toe gestuur het, het dit die wentelbaan van Neptunus in 1983 oorgesteek - en die eerste mensgemaakte voorwerp geword wat die sonnestelsel verlaat het.

"Die uitgangspunte van eenvoud en betroubaarheid waarmee Pioneer 10 beplan is, het werklik vrugte afgewerp," sê BK O'Brien, wat die projek tot met sy aftrede bestuur het.

Ná twee dekades in die ruimte werk sewe van Pioneer 10 se instrumente nog - wat beteken dat wetenskaplikes kosmiese partikels, sonwinde en ultravioletstrale kan bestudeer.

Die ruimtetuig gebruik 'n radiosender van agt watt om met die aarde te kommunikeer. Dit gebruik omtrent soveel krag soos 'n kleuter se naglampie. - AFP



# die skete van die vader van vrees

Duisende jare al staar die Sfinks geheimsinnig na die ooste. Maar die tyd begin dié tydlose beeld inhaal. Vandeesweek het 'n internasionale groep wetenskaplikes planne bespreek om die antieke leeu-mens van verbrokkeling te red, berig **CLARISSE LUCAS**

**KAIRO** - Negentig wetenskaplikes van oor die hele wêreld het dié week op 'n simposium hier beraadslaag oor hoe die lewe van die 4 500 jaar oue Sfinks verleng kan word. Die antieke kalksteenbeeld van 'n reuse-leeu met 'n mens se gesig langs die piramides by Giza naby Kaïro is besig om te verkrummel.

Die Sfinks - wat by die Egiptenare bekend staan as Abul Hol, die Vader van Vrees - word nie net deur verwering bedreig nie, maar ook deur vorige pogings om dit te restoureer.

Die restourasiewerk wat tussen 1985 en 1987 gedoen is, was nie net ondoeltreffend nie maar uiters skadelik, sê Zahi Hawass, direkteur van die kantoor van Egiptiese Oudhede.

Sy baas, Mohammad Ibrahim Bakr, het die wetenskaplikes gevra om 'n indringende studie van die Sfinks en sy omgewing te doen om die bewaring van die monument - een van die sewe wonders van die wêreld - te verseker.

"Ons moet tot die redding kom van dié ewige getuie van menslike bedrywighede," het die Egiptiese minister van Kultuur gesê toe hy die simposium open.

Die Sfinks word bedreig deur minerale soute, ondergrondse water en stedelike besoedeling. Die eerste restourasiewerk aan die geheimsinnige beeld is al in die Ou Egiptiese Ryk gedoen - sowat 2700 tot 2180 vC, kort nadat dit en die drie piramides van Giza opgerig is. Die ou Egiptenare het die regterkantste agterbeen herstel.

Die neus van die Sfinks - wat 57 meter lank en 30 meter hoog is - is deur kanonvuur vernietig tydens die heerskappy van die Mamelukke en in 1988 het 'n gedeelte van die regterskouer in duie gestort.

Talle krake is al in die gesig ontdek - veral om die regteroor en oor die voorkop. In 1989 is begin met gereelde toetse om die uitwerking van vog, sonlig, lugdruk, wind en ander faktore op die beeld te bepaal.

Kenners stem blykbaar saam dat soute in sowel die woestynsand as die kalksteen van die beeld self die grootste skade veroorsaak.

Soutkristalle vorm in die porieë van die kalksteen, het die Amerikaanse geoloog Lal Gauri by die simposium gesê.

Maar ondergrondse water - veral afvalwater van Kaïro - en besoedeling verrinneweer ook die beeld. In 1990 is bevind dat die gebruik van plofstowwe in nabygeleë steengroewe ook die Sfinks se fondament in gevaar stel. - AFP

# brolloks & bittergal

## Al dra 'n aap 'n goue ring...

**BRING BYMEKAAR** wat bymekaar hoort, het oubaas DF Malan gesê. Uiteindelik het dit nou met die regses gebeur.

Daar sit die hoogheilige Andries Treurnicht en sy ouderling-kollegas toe aan die tafel saam met Groot Karwats TerreBlanche. Hy is nie 'n konserwatiewe of behoudende politikus nie, hy is 'n kru rassis, 'n histeriese demagoog en 'n man wat met 'n rasse-oorlog dreig elke keer as hy nie sy sin kry nie.

Nou moet al die doodgewone goeie mense wat dink aan nee stem, weet dat hulle nee 'n ja gaan wees vir Eugene TerreBlanche, sy hakekruise en sy klomp skollies in nagemaakte uniforms wat ongewapende plakkers wil opdonner.

(Waar was die kakie-parafernalia toe die lot saam op TV verskyn? Het Andries vir Eugene verplig om 'n pakkie klere aan te trek spesiaal vir die geleentheid? Al dra 'n aap 'n goue ring...)

Meer nog, die regse Engelse wat nou so na 'n nee-stem toe trek, moet ook weet dat 'n nee 'n ja is vir die AWB wat die opperheerskappy van die Afrikaner bepleit.

Watter selfrespek kan 'n mens hê as jy jou eie kultuur onderwerp wil hê?



Is dit die enigste manier waarop 'n Engelssprekende Suid-Afrikaanse liberal sy patriotisme kan bewys - tong uitsteek vir al sy maatjies wat uit die land gehol het? Dié tekening, in ietwat swak smaak, was op verlede week se Weekly Mail se voorblad.

Cut this out and send a copy to all your friends who've emigrated. Drawing by DEREK BAUER

### Die vreemde Inkatha-whitey

Waar krap Inkatha hul wit leiers uit? Want dié snaakse Switser of 'n ding wat deel is van die Inkatha-afvaardiging na Kodesa - hy is ook voorsitter van die party se Sandton-tak - is 'n vreemde verskynsel.

Ed Benard het laasweek 'n snaakse verklaring aan VWB gestuur waarin hy nie mooi sy mind kon opmaak of hy en ander wit Inkatha-lede gaan stem of nie, en dié week is daar weer 'n verklaring van sy kant wat vra dat die referendum afgeskaf moet word.

Maar ook in Kodesa lyk dit of die man 'n baie snaakse rol speel. Na hy onder vreemde omstandighede inligting oor die ANC binne Kodesa versprei het, is hy gedissiplineer. Kodesa had dit daarteen dat 'n afgevaardigde materiaal versprei "sonder om sy/haar organisasie te raadpleeg".

En daar gaan die verspotte doktor toe weer in 'n toestand in en eis dat 'n manlike kommissie aangestel word om sy geslag te bepaal, want, sê hy, dit is 'n belediging dat na hom as "sy/haar" verwys word.

Ag nee wat. Kom ons neem onsself 'n bietjie ernstiger op.

### Breindood

Die KP-leierskap het dié week hul "ernstige kommer" uitgespreek oor die groot aantal dooie mense wie name steeds op die kieserslys is, en gesê dit skep die moontlikheid van ongerymdhede.

Die KP behoort stil te bly daaroor, want die kanse dat dooie mense gaan nee stem is groter as dat hulle ja gaan stem. Wie anders as mense wat breindood is, wil ja sê vir Eugene, Ferdi en Andries?

### En vroue?

Wil die NP nie hê vroue moet ook ja stem in die referendum nie? Dit lyk nie so nie, want in die peperduur advertensie wat in koerante geplaas word, word gesê: "Politieke, maatskaplike en ekonomiese frustrasie sal nie langer net op blanke politici gerig wees nie. Woede kan ook gemik wees teen elke blanke, dit maak nie saak of jy 'ja' of 'nee' gestem het nie - op jou, jou vrou, jou kinders, jou ouers en jou vriende."

### VWB vier fees

Selfs Brolloks en Bittergal is opgewonde oor *Vrye Weekblad* se kultuurfees wat dié Sondag begin. Al Suid-Afrika se kulture is verteenwoordig, en boonop gaan Nederlandse kunstenaars die heel eerste keer sedert die instel van die kultuurboikot weer hier optree.

Is dit nie uiters eienaardig dat die redakteur van die Engelse *Die Burger, The Citizen*, sy kunsredaksie opdrag gegee het dat dié koerant geen enkele duim oor die fees mag skryf nie?

HENNIE SERFONTEIN

# het sy oor op die grond

## die bitterheid lê diep

**"EK** wens ons kon nou reeds die huidige parlement afskaf. Want die dinge wat tel, gebeur hier by Kodesa. Hier is 'n gees van opwinding, dit is heeltemal anders as in die parlement waar ons en die KP dag vir dag in onnodige, kleinlike, persoonlike en destruktiewe aanvalle op mekaar betrokke is."

So praat 'n kabinetsminister Maandag met my in die wandelgange tydens die weeklikse byeenkoms van Kodesa. Hy vertel van die besondere esprit de corps wat aan 't ontwikkel is tussen die afgevaardigdes - dikwels met wyd uiteenlopende standpunte.

Daar mag soms heftige verskille wees, maar dis nooit persoonlik of kwetsend nie, terwyl 'n mens deurgaans daarvan bewus is dat saam aan 'n nuwe Suid-Afrika gebou word.

Dis is met meer as 'n tikkie hartseer dat die minister vertel dat KP-kollegas met wie hy langer as 'n dekade reeds goeie persoonlike verhoudings handhaaf, dié keer met die sluiting van die parlement hom eenvoudig verbygeloop het sonder om te groet. Die bitterheid lê diep.

## 'n ander wêreld

**DIE** Kodesa-onderhandelinge by die World Trade Centre naby Jan Smuts-lughawe, is beslis 'n heel ander wêreld as dié van die driekamer-parlement met sy futiele debatte wat in 'n ewe futiele verlede geanker is.

Dis 'n miernes van bedrywighede as die 400 afgevaardigdes - 90 per werkgroep - weekliks vergader. Daar is deurgaans 'n gees van afwagting, hoewel die besprekings lank, taai en dikwels vervelig is. Dis normaal om gesworе vyande van weleer - soos Gerrit Viljoen en Cyril Ramaphosa of Ronnie Kasrils en Hernus Kriel of Jacob Zuma en Kobie Coetsee - in diep gesprek met mekaar te sien.

Dis geskiedenis in die wording, dinge roer soos daar van die een oënskynlike dooie punt na 'n ander beweeg word. Maar meer is in die tien weke van Kodesa se bestaan in die skepping van 'n nuwe SA vermag, as in die 82-jarige bestaan van die parlement in Kaapstad.

## applous vir slovo

**EEN** voorval illustreer die agting wat tussen afgevaardigdes ontwikkel.

Twee weke gelede was die omstrede Joe Slovo van die SAKP die voorsitter van die byeenkoms van Werkgroep Twee wat met grondwetlike beginsels handel. Die gebruik is dat die voorsitters van alle groepe en komitees roteer.

Dit was 'n uiters moeilike debat, maar Slovo het bewondering afgedwing met sy briljante hantering daarvan, wat aan die einde deur spontane applous van die lede van die werkgroep erken is.

## vals inligting

**HERNUS KRIEL**, die minister van Wet en Orde, was onlangs betrokke by een van die min omstrede voorvalle by Kodesa, wat volgens verskeie afgevaardigdes die stemming effens versuur het.

Dit het gebeur in Werkgroep Een, wat doenig is met die skepping van 'n klimaat vir vrye politieke deelname en met die rol van die internasionale gemeenskap.

Kriel het 'n onverwagse skerp aanval op die ANC gedoen. Hy het Walter Sisulu, die onderpresident, daarvan beskuldig dat hy begin Desember verlede jaar tydens 'n byeenkoms in die Parklane Hotel in Hillbrow mense opgesweep het om polisiemanne dood te maak.

Sisulu sou aan Chris Hani, die leier van die SAKP en hoof van MK, en Jay Naidoo van Cosatu gesê het as die polisie voortgaan om hul mense dood te maak, hulle uit weerwraak geskiet moet word.

Volgens verskeie mense was die afgevaardigdes van die meeste partye geskok en verontwaardig en het hulle die ANC sterk in hul besware gesteun - veral omdat niemand dit van die stil, beskeie Sisulu geglo het nie.

Waar is jou bewyse, is Kriel uitgedaag. Maar hy het volgehou sy inligting was absoluut akkuraat.

Waarom kla julle Sisulu nie aan as julle so seker is dis waar nie, was die teenvraag. Kriel het bly vasskop. Maar toe die kwessie van 'n lastersaak in die daaropvolgende teepouse geopper word, het Kriel ná die hervatting die beskuldigings onvoorwaardelik teruggetrek.

Die vraag wat dadelik opkom, is: Hoe is dit in die jaar 1992, in die era van Kodesa en 'n nuwe minister van Wet en Orde, nog moontlik dat die polisie steeds sulke flagrante "flaters" begaan en van sulke klaarblyklik valse inligting voorsien word wat dan as "feite" aan die minister deurgegee word? Hoeveel ander polisie-bewerings is nie ook vals nie - hetsy 'n bona fide fout, hetsy doelbewus versin?

## van korte duur

**IN** regeringskringe word voorspel dat Horace van Rensburg, die vorige DP-LP, binnekort aangestel kan word as die ambassadeur na die Transkei.

Bantu Holomisa, die militêre leier van die Transkei, het glo eers beswaar gemaak toe die regering sy naam voorlê, maar dit tog later aanvaar.

Gebeur dit wel, sal Van Rensburg se dienstydperk van korte duur wees, want die Transkei wil heringelyf word in die "nuwe" SA.

Van Rensburg se diensbaarheid aan die NP as anti-ANC DP-oorloper, en toe verbonde aan die ambassade in Washington as "interpreteerder" van regeringsbeleid, is beslis iets van die verlede noudat die NP en die DP en die ANC hand om die lyf met mekaar sit.

## wit tuisland

**WIE** is die onbekende "senior ANC-strateeg" wat hom so ses weke gelede volgens 'n Sapa-berig ten gunste van 'n wit tuisland vir regses uitgespreek het?

Dié vraag word steeds in sowel ANC- as NP-kringe bespreek. Destyds het die ANC dit amptelik terstond gerepudieer en selfs die "betroubaarheid" van die onderhoud bevraagteken.

Maar ek verstaan daar was wel 'n onderhoud met 'n "baie senior ANC-persoon". Dié standpunt is nou uiters relevant namate die kanse toeneem dat 'n deel van die KP tot Kodesa kan toetree vanweë aanvaarding van die federale konsep.



Die "ANC-strateeg" het dit om pragmatiese redes bepleit as 'n oorgangskompromie om regse verset te ontlont.

Sou dié mening 'n aanduiding wees van interne ANC-gesprekke oor die hantering van die wit tuisland-kwessie, beteken dit dat die totaal ondenkbare tog 'n werklikheid kan word - 'n kompromie tussen die ANC en die regses, of seksies van die KP.

Is daar 'n sameswering om Afrikaanse musiek tussen die blommetjies en die bytjies te hou? **HANNELI VAN STADEN** het genoeg getuienis om 'n sterk saak uit te maak dat die Afrikaner-establishment - die SAUK, die FAK en ander - AK's soos die Nasionale Pers - hard werk om "progressiewe" Afrikaanse musiek, dié musiek wat soms ook sosiale kommentaar lewer, te onderdruk

# afrikaanse musiek: voëlvry of op hok?


## die bytjies, die blommetjies en big brother


Innes en Franna Benade



Anneli van Rooyen



Anton Goosen



André Letoit

**SEDERT** die opkoms van die sogenaamde "alternatiewe" kunstenaars is skerp vrae gevra oor die rol van Afrikaanse kultuur-organisasies soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) in ligte Afrikaanse musiek. Met die FAK as die kulturele vleuel van die Broederbond, word 'n politieke motief baie duidelik in die organisasies se bemoeienis met dié musiek.

Die motief is om te verhinder dat die sosiaal-politieke orde in Suid-Afrika bevraagteken word. Toe die alternatiewe kunstenaars dít begin doen, is die propaganda-masjinerie dadelik ingespan om hulle verdag te maak. Instansies soos die SAUK, die FAK en die ATKV bevorder daarenteen tot elke prys ligte Afrikaanse musiek wat geen substantiewe inhoud het nie en glad nie 'n sosiaal-politieke bewussyn aanspreek nie.

Deur oor strande, seemeeue, swaeltjies, kalwerliefde en rugby te sing, word die volk se aandag afgelei van sosiaal-politieke kwessies - wat veral in die huidige tydsgewrig in Suid-Afrika brandend aktueel is. So help ligte Afrikaanse musiekkunstenaars om 'n valse bewussyn onder Afrikaners te skep en bevorder.

**DIT WORD BAIE DUIDELIK** as 'n mens kyk na die pogings van establishment-kant om die opkoms van die Voëlvry-beweging destyds te stuit, die FAK se betrokkenheid by Afrikaanse musiek en die ontvlugtingsmusiek van die hoofstroom-kunstenaars, wat aktief deur instansies soos die SAUK, die FAK en die ATKV gepropageer word.

In die meningstydskrif *Insig* (Julie 1991) het Anton Arnold aangetoon hoeveel duisende rande die ATKV en FAK aan onsinnige Afrikaanse musiek bestee. Die ATKV skryf jaarliks 'n liedjieskryf-wedstryd saam met die SAUK uit. Die skrywer van verlede jaar se wenliedjie, Louise du Toit-Smit, het R5 000 ontvang vir haar liedjie "Gryppit" met swak lirieke soos die volgende:

*"Kom gryp die gevoel wat wikkel en woel in 'n byderwetse baadjie. Kom gryp die gevoel wat klink en krioel. Kom gryp dit gou, ou maatjie, en jy's in, en jy's in. Kom gryp die genot wat geselskap laat vlot, wat sorg vir super-ure. Kom gryp die genot wat sprankel en spot en speel om mal maniere en jy's in, en jy's in. Vir die byderwetse bekkie, vir die wakker wilde bul, vir die gryppitgenerasie, gryp dit gou en gil. Kom gryp die gebrul wat jou tone laat krul en klink oor kilometers. Kom gryp die gebrul wat vaal aande vul, maak los jou das en veters en jy's in, en jy's in."*

Die skrywer van 'n propagandistiese militêre liedjie, "Omkeer", het R1 000 ontvang - onder meer vir lirieke soos dié: *"Sy kyk diep in my oë. Sy gee my weer 'n kyk. Dan lyk dit of sy kyk asof ek anders vir haar lyk. My arm is om haar skouers. Ek sê: Ek wil met jou praat. Vanaand moet ons groet, my maat! Môre is ek soldaat. Sy sê: Reg, jy't jou orders, gaan doen jou army ding. Gaan rol rond rond in die stof en sweet."*

Die FAK bestee ook jaarliks duisende rande aan sy ligte Afrikaanse musiekfees. Vanjaar word dit op 23 Mei gehou en op 31 Mei op TV1 uitgesaai.

Ná Houtstok het die FAK en M-Net vorendag gekom met die idee van die Tafelbaai-Boeghie (sic). Nadat van die kunstenaars wat daar opgetree het gedreig het met 'n boikot-aksie indien die FAK hom nie aan die Boeghie onttrek nie, het die FAK hom wel onttrek.

### Die SAUK se rol

**NA** Anton Arnold se artikel het die FAK weer met 'n deursigtige "teenoffensief" gekom: 'n aanbieding met die naam *Skadu's teen die muur* - 'n Tribuut aan Koos du Plessis. Hulle het Stephan Bouwer opdrag gegee om dié aanbieding met Jannie du Toit, Christa Steyn en Marié du Toit te regisseer.

Dit het met heelwat hype gepaard gegaan. Dit het omvattende TV-reklame gekry - en 'n paar wenkbroue het op die openingsaand gelig toe die direkteur-generaal van die SAUK, Wynand Harmse, persoonlik bedank is vir die goeie reklame vir die vertoning wat hy op TV moontlik gemaak het.

In talle koerant- en tydskrifresensies is al gewys op die bedenklike gehalte van die program *Debuute*n *Teletreffers*. Tans word *Op Versoek* op Saterdagaande uitgesaai - wat basies as 'n heruitsending van *Teletreffers* beskou kan word, want al die video's wat in die pas afgelope reeks van *Teletreffers* gebeeldsaai is, word wéér daarin vertoon.

Watter gesigte word oor en oor in programme soos dié gesien? Dié van kunstenaars wat sing oor die mooi en veilige dinge - die natuurskoon, sonsondergange en fauna en flora.

**IN DIE AFGELOPE REEKS VAN** *Teletreffers* was Rina Hugo die kunstenaar wat die meeste gesien is: nie minder nie as vier musiekvideo's is van haar liedjies gemaak. En dit terwyl die SAUK nooit video's van kunstenaars soos Johannes Kerkorrel maak nie.

Die eerste musiekvideo van Kerkorrel se Bloudruk, "Halala Afrika", is in moeilike omstandighede deur Grethe Fox en Henion Han gemaak, en met 'n begroting wat geknyp het. Ironies genoeg het 'n Engelse musiekprogram, *No Jacket Required*, finansieel bygedra tot die vervaardiging van die video, maar die bedrag wat hulle beskikbaar gestel het, was minder as die

vervolg op bladsy 14

helfte van wat die SAUK gewoonlik vir die vervaardiging van een enkele video beskikbaar stel.

Die regisseur van *Teletreffers* is Kobus Petzer. Sy vrou, Mariska Petzer, is Rina Hugo se publisiteitsbeampte, doen deeltyds promosiewerk vir die platemaatskappy Decibel (wat die meeste Afrikaanse hoofstroommusiek uitgee) en is joernalis by *Keur. Teletreffers* het ongekende publisiteit in *Keur* geniet, met die aanbieder Amanda Luyt en die wenner Gé Korsten op die voorblad. Ook Rina Hugo geniet ongekende publisiteit in *Keur.*

**POLITIEKE PROPAGANDA** was ook 'n belangrike bestanddeel van die afgelope *Teletreffers*-reeks. In *Insig* van Februarie 1992 wys Anton Arnold daarop: Janita Claassen het 'n liedjie genaamd "Erwe van ons Vaad're" op die trappe van die Voortrekker-monument gesing, en Innes Benade oor vrede op die trappe van die Uniegebou langs 'n vleuelklavier terwyl insetsels van onder andere polisiemanne vertoon is. Sy broer, Franna, het in die musiekvideo van die liedjie "Mooiste Taal" gesing oor taalsuiwerheid, met die volgende refrein: "Ek is 'n Boerseun-Afrikaner, die mooiste mooiste taal". Ofskoon Franna oor taalsuiwerheid sing, het Arnold aangedui, begaan hyself in sy liriek etlike taalgruwels.

Die snaaksste video was egter Franna Benade se "'n Handvol Vars Genade". Skryf Arnold: "Volgens die aanbieder bevat dit 'sosiale kommentaar'. Die strekking van die liedjie is dat daar dinge in die werklikheid is wat verkeerd is, maar dat als net sal regkom as 'n mens die Here se hand vat. Daar word dan allerhande assosiasies getref tussen sosiale euwels, soos aborsie, en sosiale verskynsels soos die Houtstok-musiekfees. Van aborsie sing die man: 'En so kan jy wettiglik jou eie kroos vermoor.'

"Die verstommendste insinuasie word gemaak in die deel oor Houtstok. Die man sing by Houtstok het baie jongmense na Tant Sannie Briel en Johannes 'Voëlvry-orrel' geluister, terwyl die doodsklok lui 'vir die FAK en Bach'. Die insinuasie? Houstok is siesa; FAK en Bach is hand op die blaas en ewe groots, klassiek en onsterflik."

## HOEKOM IS DIE HEMEL SO BLOU?

**- Rina Hugo**



Daar's 'n uur elke dag wat verlange bring
Dis die uur wat ek uithou vir jou
Dan weet ek daar ver dink jy ook aan my
Gaan jy ook so 'n uur vir my hou

Hoekom is die hemel blou, blink die dou,
Die oggendson so mooi?
Hoekom is alles so mooi in prag getooi
Dink ek aan jou?

Hoekom is die hemel blou, so helder blou
Met alles vir my so mooi?
Dis omdat ek lief is vir jou

Elke aand as die skemer verlange bring
En ek stil sit en hunker na jou
Ja, dan weet ek daar ver dink jy ook aan my
In gedagtes kan ons brûe bou

### Intimidasie

**DIE** intimidasie waaraan alternatiewe kunstenaars al blootgestel is, is 'n skreiende skande. Kerkorrel het dreigoproepe ontvang en meeluister-apparaat is in sy telefone geplant. Veral met die Voëlvry-toer was dié optrede aan die orde van die dag.

Toe 'n TV-span van *Goeie Môre Suid-Afrika* kort voor die Houtstok-fees onderhoude met kunstenaars by die Voortrekker-monument en op Kerkplein in Pretoria gaan opneem het, het Nasionale Intelligensie hulle ingewag. Ene mnr Hurter het aan hulle gesê hy het inligting ontvang dat 'n groep aktiviste daar verwag word.

Die organiseerders van die Houtstok-fees het ook voor die fees talle naamlose en suggestiewe oproepe ontvang en hul fone is meegeluister.

### Afrikaanse musiekresensente

**HOEWEL** die SAUK die uitsending van talle van die alternatiewe kunstenaars se liedjies verbied het, is net éen langspeler - Randy Rambo en die Rough Riders se *Die Saai Lewe* - in sy geheel deur die Publikasie-raad vir verspreiding en besit verbied. Maar hieragter lê ook 'n hele verhaal.

Die man agter Randy Rambo is Theunis Engelbrecht, musiekresensent van *Beeld.* Nadat hy in enkele artikels gewys het op die swak gehalte van ligte Afrikaanse musiek, het ligte Afrikaanse musiekkunstenaars 'n veldtog teen hom begin. *Die Saai Lewe* is deur adv Retief van Rooyen, die sangeres Anneli van Rooyen se pa, aan die Publikasieraad voorgelê.

Innes en Franna Benade het afskrifte van *Die Saai Lewe* aan Ton Vosloo, besturende direkteur van Nasionale Pers, gefaks in 'n poging om Engelbrecht uit sy werk geskop te kry - net omdat hy negatief oor die gehalte van ligte Afrikaanse musiek geskryf het. Hulle het nie daarin geslaag nie. Die resultaat is dat Engelbrecht weens sy eie musiekmakery nie meer oor Afrikaanse musiek vir *Beeld* skryf nie.

Dit was egter opmerklik om te sien dat resensente soos Marguerite Robinson en Kerneels Breytenbach - wat ná Engelbrecht Afrikaanse musiek geresenseer het - net so negatief soos hy was oor ligte Afrikaanse musiek.

By *Rapport* het dieselfde gebeur. Die popresensent Johan Pieterse het ook nie gunstig oor ligte Afrikaanse musiek geskryf nie, en toe is toutjies getrek sodat Roelof Vorster oor Afrikaanse musiek begin skryf het vir die grootste Afrikaanse Sondagkoerant ter wêreld. Vorster het nooit 'n negatiewe woord oor Afrikaanse musiek geskryf nie, en sy "resensies" was eerder gratis reklame. Daarmee was die Afrikaanse musiekbedryf tevrede.

## JONG DAMES DINAMIEK (Maak my siek)

**- Randy Rambo en die Rough Riders**

Ons huis is massief en ons kar baie blink
Ons swembad is groot en die tuinjong so flink
Die dahlias blom mooi en die kinders is soet
Hulle hou ons naam hoog as hul oom dominee hoflik groet

En ons eet en ons drink en ons werk en ons bid
En ons slaap en ons swem en ons teel en ons sit
Ek sal ons meid regeer en haar hiet en gebied
Ek is voorsitter van Jong Dames Dinamiek
Laai die kinders af by sport en gaan koer in die boetiek
Ek het klas ek het styl ek's ryk ek's chic
By Vroue Landbou-unie en by Dames Aktueel
Bring ek ook my deel en ons hou ons volk so heel

My man is die bestuurder van Santambank
Hy's 'n diaken en daarvoor kan ek die Here dank
Hy's ryk hy't mag hy't krag hy't geld
En ons sal dit beskerm met trots en geweld
Hy is penningmeester van die potjiekosklub
In sy tee gooi ek altyd net suurlemoensap
Hy's ook vooraanstaande in die Broederbond
In die Burgermag skrik hy vir geen bom se lont
Hy glo in die roepstem van Rapportryers
Soggens eet hy pap en roosterbrood, spek en eiers...

**DIE GROOTSTE KAMPVEGTERS** om resensente van Afrikaanse musiek af weg te hou, is adv Van Rooyen, Innes Benade en Johan Stemmet. Adv Van Rooyen hardloop gereeld Mediaraad toe as iets in die pers hom nie aanstaan nie. Innes Benade skryf briewe aan koerantredakteurs en val hulle op TV aan, en saam met Johan Stemmet het hy voor Houtstok plate en kassette van al die alternatiewe kunstenaars by Shifty Records gaan haal, omdat Stemmet "'n program oor die alternatiewes" wou maak.

Hulle het egter gegaan en al die lirieke aan *Die Transvaler* gegee, wat 'n dag voor Houtstok in 'n deursigtige poging om die musiekfees 'n knou toe te dien 'n subjektiewe voorbladartikel geskryf het oor die kunstenaars se omstrede lirieke. Die subjektiwiteit het duidelik gespreek uit die skrywer van die artikel se verwysing na Houtstok as Foutstok en Houskok.

Nadat Anton Goosen in 'n onderhoud op *GMSA* ook die FAK se betrokkenheid by Afrikaanse musiek skerp aangeval het, het die SAUK en SATV hom ses maande lank geboikot.

Volgens 'n regisseur by SATV het die FAK ná die onderhoud by die SAUK gekla en het die SAUK tot die boikotaksie besluit.

### Die bandwagon kreun

**DIE** heel snaaksste aspek van die dramas om Afrikaanse musiek die laaste vyf jaar is dat die resensente se opmerkings skynbaar toe ingesink het - want almal probeer "nuut" doen. Rock-kitare speel 'n meer prominente rol in die verwerkings van Decibel-kunstenaars se musiek, maar inhoudelik bly die musiek steeds baie yl en niksseggend. Danie Botha is onmiddellik geskep as Kerkorrel se hoofstroom-teenhanger: hy het met 'n hip aanslag vorendag gekom, maar met uiters moraliserende lirieke, kennelik om 'n gesonde beeld van die Afrikaner-jongmens te propageer.

Decibel het onlangs met nóg 'n mislukte poging tot moderniteit vorendag - André Swiegers se langspeler *Maak die Sprokie Waar.* Swiegers het lang hare en 'n hip beeld en noem sy musiek "new generation". Die plaat het egter g'n hond haar-af gemaak op die plaaslike musiektoneel nie.

Kerkorrel was onteenseglik die mees onlangse groot vernuwer in Afrikaanse musiek, nadat André Letoit die impuls daarvoor verskaf het. Kommersiële Afrikaanse kunstenaars begin nou al hard probeer om die volgende "vernuwers" en "pioniers" te wees.

In die program *Blik en Snaar,* wat onlangs op TV1 vertoon is, het Jannie du Toit en Christa Steyn 'n oorsig gebied van Afrikaanse musiek. En nadat hulle Kerkorrel se "Hillbrow" deeglik opgemors het (met die skrikwekkendste harmonieë denkbaar in die koorgedeeltes), is die vraag gevra: Wat nou? Wat wag nou op Afrikaanse musiek? En toe kom dit: die program word afgesluit met 'n liedjie wat volgens die aanbieder die toonaangewer sal wees vir die volgende vernuwing: Christa Steyn se "Vlieg hoog", gesing deur Jannie du Toit...

Die lirieke van die liedjie en die dramatiese aanslag het 'n mens des te meer dankbaar gemaak vir mense soos Johannes Kerkorrel en Koos Kombuis.

# hoe kom ons weg van die gekoer?

**WAT** die stand van Afrikaanse musiek betref, lyk die prentjie nie rooskleurig nie. Die swak soort Afrikaanse musiek - Europese wysies met swak Afrikaanse lirieke en verbeeldinglose verwerkings - voer die botoon en word aktief bevorder deur die SAUK, die FAK en die ATKV.

Dit lyk of die verspreidingsreus MFP ook net dié plate aankoop vir verspreiding - hier is geld die belangrikste oorweging, nie gehalte nie. Groot ontevredenheid oor MFP se monopolistiese rol is al uitgespreek deur verskeie mense in die musiekbedryf.

Dit lyk in elk geval nie of die Afrikaanse jeug begaand is oor Afrikaanse musiek nie. Hulle stel veel eerder belang in U2, Michael Jackson en Bryan Adams. Afrikaanse musiek het hoofsaaklik die belangstellingsveld van mense ouer as 40 geword - totdat die Voëlvry-beweging losgebars het. Die jeug se reaksie hierop het duidelik gewys daar is 'n behoefte aan Afrikaanse musiek waarby die jeug aanklank vind, gesing deur mense van hul eie geslag en oor temas wat relevant en aktueel is.

Gelukkig is daar darem Afrikaanse musiek van goeie gehalte. Naas die onlangse Kerkorrel en Kombuis, was/is daar Koos du Plessis, Lucas Maree, Laurika Rauch, Clarabelle van Niekerk en Coenie de Villiers (hoewel enkele van sy liedjies nie van 'n sekere pretensieuse gekunsteldheid vrygespreek kan word nie). Figure soos David Kramer en Anton Goosen het naas hul kommersiële werk ook goeie Afrikaanse musiek gelewer.

In Goosen se geval lyk dit egter of meer mense bewus is van sy kommersiële treffers as van sy ernstiger - en beter - musiek wat versprei lê oor 'n aantal langspelers. Dis 'n goeie ding dat hy onlangs begin het met 'n skynbare poging om te konsolideer en te konsentreer op gehaltewerk.

Volgens gerugte is daar ook nuwe plate van Goosen en Maree op pad, en die jaar se eerste uitreiking - Richard van der Westhuizen en Lochner de Kock se *Tussen treine* is, hoewel nie opwindend nie, vol goeie musiek. Ondanks onbevredigende verwerkings plek-plek, is die geheel baie meer aanvaarbaar as die snert wat 'n mens op *Teletreffers*, *Op Versoek* en *Afrikaanse Treffers* hoor, al is dit nie op die vlak van *Bloudruk* van Kerkorrel nie.

# wat doen 'n mens?

**HOE** kan die probleme in Afrikaanse musiek opgelos word?

- DIE SAUK kan 'n deurslaggewende rol speel, maar om duistere redes bevoordeel hy net sekere kunstenaars en maatskappye - opvallend genoeg Decibel. Meer programme soos Johann Botha se *Voetstoots* (Maandagaande om tienuur op Radio Suid-Afrika) is nodig. Meer TV-programme is nodig - maar dan moet Afrikaanse musiek nie eksklusiewe behandeling kry nie. Afrikaans word alte veel soos 'n heilige koei vertroetel. Wys Johannes Kerkorrel naas U2 en Paul Simon op *Fast Forward*. As *Fast Forward* en *No Jacket Required* Afrikaanse musiek moet uitsaai, is dit te betwyfel of die *Teletreffers*-kunstenaars die paal sal haal.

- **DAAR** is geen salf te smeer aan instansies soos die FAK en die ATKV nie. In die oorgangsfase waarin Suid-Afrika hom nou bevind, is hulle heeltemal irrelevant. Hulle het die Afrikaanse kultuur boonop al genoeg skade aangedoen deur dit in 'n laager te bondel en te vertroetel soos 'n pasiënt met 'n dodelike siekte.
- DIE monopolie van MFP en Decibel moet einde kry. Hoe dít egter sal gebeur, weet nugter. Decibel se produkte het egter geen geloofwaardigheid nie - tog verkoop dit. Dit wys jou: as die SAUK net Danie Botha speel, by wyse van spreke, en MFP sorg dat sy - en sy stalmaats se - plate in die winkels is, sal die hele Suid-Afrika in 'n ommesientjie voel soos die kampus van die PU vir CHO. Noem Danie Botha maar die hoofseun van die Alabama-studentegeselskap - al het hy dalk nie vir hulle gesing nie, is die mentaliteit dieselfde.
- **AFRIKAANSE** kunstenaars moet sorg dat hulle op hoogte bly van wat wêreldwyd in popmusiek gebeur. Toe VWB verlede jaar met Bob Dylan se verjaardag 'n betreklik bekende dominee-sanger van Pretoria (wat gereeld saam met sy broer sing oor meisies en die Republiek) vra wat hy van Dylan dink, het dit geblyk hy ken nie Dylan se musiek nie. 'n Vorige, stemmige aanbieder van *Teletreffers* wat graag sing oor sy Tina wat weg is, gebruik Neil Diamond as voorbeeld by die ATKV se werkwinkels vir lekker ligte liedjies. Red nou 'n volk... Knap 'n bietjie daardie verwysingsraamwerk op, a nee a.
- **AFRIKAANSE** musiek het meer bôls nodig... en hiermee bedoel ek nie noodwendig net Randy Rambo se gay liefdesliedjies nie. Gee ons meer oemf, meer woema, meer skop, meer perdekrag. Maar dit moet ook nie aangeplak wees nie... soos die Britse jeug van die laat sewentigerjare, moet dit 'n woede en 'n energie wees wat binne kook, en in musiek tot uiting kom. Woede oor werkloosheid, oor 'n leë werkersklas- en middelklaskultuur, oor rassisme, seksisme, onverdraagsaamheid, homofobie, chauvinisme. Ons het 44 jaar om intens woedend oor te wees - en dit kan tog nie net Kerkorrel, Kombuis en die Voëlvryers wees wat 'n gewete het nie? - HANNALI VAN STADEN

## AAN DIE EINDE VAN ONS LIEFHê

**- Johan Stemmet**

Aan die einde van die dag
As skemer op my wag
Dink ek aan jou
Wonder waar is al die mooi onthou
Net die seerkry bly nou oor
Daar is niks om meer te verloor
Aan die einde van ons liefhê

Maar hoor jy nog 'n weer probeer
Want daar's niks wat jy van my nog kan vra
Want my deel het ek gekry
En niks bly oor vir my
Aan die einde van ons liefhê, ek en jy

Nog 'n laaste sien jou weer
En dan rug maar keer
Op totsiens
Ek het al die seerkry dalk verdien
Maar die tyd het my geleer
Vervreemding kan jy nie keer
Aan die einde van ons liefhê, ek en jy
Kan jy glo dis als verby
Jy sal ander vriende kry
Wat vir jou sê
Jy moet glo in dit wat jy wil hê
En 'n deeltjie wat vergaan
'n Traan wat almal verstaan
Aan die einde van ons liefhê, ek en jy

## só moet 'n liriek dan lyk. dis geskryf deur **die radiators** en kyk diep(erig) in die afrikaner se siel.

Ek maar onlangs uit die Kaap
Het werk kom soek in die Goudstad
Ek loop 'n meisie raak
'n Nooi so na my hart
Wat nou gemaak?
Kom gee my raad
Sy is Afrikaans maar sy wil net Engels praat

Sy's 'n lid van die ANC
Sy hou baie meetings
En drink net tee
Haar pêls is almal swart
Sy boer in Rockeystraat
Wat nou gemaak
Kom gee my raad
Sy's Afrikaans maar sy wil net Engels praat

Krale en dreadlocks
Hier en daar
Harige bene en gans te maer
Maar ek's nog lief vir haar
Wat nou gemaak
Kom gee my raad
Sy's Afrikaans maar sy wil net Engels praat

Ek dink ek moet maar teruggaan na die Kaap
Ek sit hier in die bar
Ek sit net en staar
Wat nou gemaak
Kom gee my raad
Sy's Afrikaans maar sy wil net Engels praat

# 'die boere het nie hul huiswerk gedoen nie'

Tusk Records het pas 'n afdeling begin wat eksklusief Afrikaanse musiek gaan vervaardig. Dit bring heelwat vrae by mens op: a) Is dit domste besluit ooit? b) Wat IS Afrikaanse musiek? c) Wil mense dit hoor? d) Is dit een van die slimste sake-ondernemings in 'n lang tyd? Sogenaamde Afrikaanse musiek weerspieël die hele smaak-spektrum tussen etniese musiek (Boeremusiek), soetsappige minnesangers (Bles Bridges, Cora-Marie, Innes en Franna), "luistermusiek" (Coenie de Villiers, Jannie du Toit, Anneli van Rooyen); "gesofistikeerde" musiek (Laurika Rauch, Anton Goosen, Amanda Strydom) en "rebelse" of "progressiewe" musiek (Johannes Kerkorrel, André Letoit, Bernoldus Niemand, Joos Tonteldoos en die Dwarstrekkers), maar word daar werklik vordering gemaak met 'n eie Afrikaanse musiekstyl, of leen en steel ons nog steeds by die buitelanders, wil **ANDREA VINASSA** weet

**AFRIKAANSE MUSIEKMAKERS** is 'n klomp neulkouse. Hulle is cowboys wat cry oor die FAK en die ATKV en die SB en MFP en die SAUK se wurggreep op Afrikaanse musiek - maar skryf hulle grootse musiek wat 'n volk se psige verken of 'n generasie kan begeester of 'n *zeitgeist* kan vasvang? Soos 'n jonger geslag Afrikaners die musiekverbruikersklas betree, sal daar 'n groter aanvraag wees vir musiek wat die veranderende tydsgees weerspieël.

Hoekom het ons nie inheemse musikante met die status van Sting, U2, Phil Collins, Bruce Springsteen, Madonna, Prince, Michael Jackson, of Bryan Adams nie?

Met enkele uitsonderings na het Afrikaanse kunstenaars nog nooit werklik daarin geslaag om 'n sintese tussen musiek en lirieke te weeg te bring nie - daar is nie 'n gebrek aan goeie lirieke nie, wel aan goeie klanke. André Letoit het byvoorbeeld van die mooiste liedjies nog in Afrikaans geskryf... soos Bob Dylan kan hy nie sing nie en is hy ook nie 'n wafferse musikant nie.

Die sogenaamde progressiewe musiek ly aan te veel Substance en te min Styl. Daar is avant-garde komponiste soos Warrick Sony wie se imposante klank-kunswerke net vir 'n handjievol ingewydes sin maak. "Derivative" is die woord wat opkom as 'n mens baie van die res wil beskryf - dis rockerige en folkerige Amerikaanse musiek met Afrikaanse woorde.

Is daar sinistere redes vir die gebrek aan Afrikaanse musiek of het Afrikaners net eenvoudig geen natuurlike ritme nie? En hoekom skuil hulle agter neerhalende name soos Koos Kombuis, Joos Tonteldoos, Bernoldus Niemand en Randy Rambo? Ly die goeie musikante net aan die skaam-vir-faam-sindroom of is die skuilname inderdaad bedoel as satiriese kommentaar op die Afrikaner se manier van dinge doen.

"Dis 'n blêrrie skande," sê Chris du Plessis, oud-*Vrye Weekblad* kunsredakteur, "dat 'n Engelse Jood (David Kramer) van Worcester die Boere moes wys hoe om 'n oorspronklike Afrikaanse styl te skep. Die probleem is dat Afrikaners skaam is oor hul heritage." Nog 'n Engelsman, James Phillips, ofte wel Niemand, het iets beetgehad met *Hou My Vas Korporaal*... maar hy was een van die groot casualties van "die sameswering" teen Afrikaanse musiek.

**TOEGEGEE, DIE ODDS** tel lelik teen ernstige Suid-Afrikaanse musikante en wat Afrikaanse musiek betref is dit byna 'n geval van Mission Impossible. Goeie skrywers en musiekgroepe het in diep depressies verval en ander het hulle byna dood gesuip omdat hulle nie die geleentheid gegun is om uit te haal en te wys nie. Shifty Records is op die been gebring om die "alternatiewes" 'n gap te gee. Steeds het die hordes groupies nie hul opwagting gemaak nie.

Die erflating van die kultuurboikot, die vervaardiging- en verspreiding-monopolie, die NP se social engineering op kultuurfront, die stigma aan Afrikaans en die stigma aan progressiewe politieke denke kan nie sommer weggewens word nie.

Die kennis dat die plaaslike musiekbedryf (met die uitsondering van 'n paar maatskappye wat iets van musiek af weet) meer belang stel in cocaine en porsches as in musiek, is 'n ding waarmee Suid-Afrikaanse musikante al lank saamleef. Hulle weet ook dat Suid-Afrikaanse musiek 'n plate-maatskappy net hoofbrekens besorg. Plaaslike musiek kos geld.

Wat die sake-aspek van musiek betref is dit nie logies om plaaslike musiek te ondersteun as jy by die Madonna-worsmasjien kan inskakel nie. Maatskappy-base hoef oor musiek minder as niks te weet om plate uit te gee nie: wanneer 'n plaat van Madonna of Michael Jackson of wie ook al plaaslik vervaardig word, kom 'n klaargemaakte pakket hier aan met video's, publisiteitsmateriaal, ontwerpe vir die omslag... Daar is geen risiko aan verbonde nie.

**DAAROM IS DIT** verblydend dat die Tusk-maatskappy 'n Afrikaanse musiekafdeling in die lewe geroep het. Die brein agter die label, Talisman, is oud-musiekjoernalis Deon Maas wat heelwat teenkanting gekry het van Tusk se bemarkingsbestuurder, Benjy Moody. Hy wou aanvanklik niks weet nie, maar Maas het hom oorreed dat daar wel 'n mark vir Afrikaanse musiek is.

Talisman se woordeboek-betekenis lui só: Geluksvoorwerp, amulet, toormiddel. As dít is wat hulle benodig om welslae te verseker, gun almal hulle dit.

Afrikaanse musiek is nie vir Moody 'n vreemde verskynsel nie. Hy meen byvoorbeeld Lesley Rae Dowling is die beste sangeres in die land. [Om een of ander vreemde rede sien Moody die Engelssprekende aktrise as deel van die Musiek en Liriek-beweging.] Hy het groot agting vir Clarabelle van Niekerk. "Koos du Plessis was voor sy tyd. Hy was 'n visionêr," sê Moody. Hy het in die vroeë tagtigerjare regop gesit toe David Kramer sy eerste plate gemaak het.

Maar Clari is in Amerika, Koos is dood, Les het geskrik vir roem. David is die enigste een wat nog naastenby bakgat is.

Die musiekbedryf sit met 'n opvoedingskrisis, meen Moody. Seminare waar musiekmense van alle politieke oortuigings bymekaar kom om die toekoms van musiek te bespreek en tegnologiese kennis uit te ruil, is nodig om die res van die wêreld in te haal. Op popradio was daar ook altyd 'n stigma aan Afrikaanse musiek verbonde en dus het dit nooit airplay geniet nie. Dit verander nou, daar is 'n nuwe tydsgees, mense se koppe is oper en gehore is ontvankliker vir Afrikaanse musiek, sê hy.

**DU PLESSIS** hou vol ons het 'n gulde geleentheid gemis deur nie die natuurlike kruisbestuiwing tussen kwela en Boeremusiek, wat in die 50s 'n moontlikheid was, te ontgin nie. Pleks daarvan het ons Ameikaanse ballades en ander Westerse musiekvorme onsuksesvol nageboots. "Die Boere het weer nie hul huiswerk gedoen nie. Hulle het nie geskryf oor dit wat hulle alledaags ervaar het nie. Afrikaners moet skryf oor die identiteitskrisis - die probleme wat ons met die kerk en die skool het. Hulle moet die politiek aanvat sonder om soos leftie-protesmusiek te klink. Hulle het 'n tradisie van musiek. Die ossewaliedjies het gehandel het oor dinge wat mense geraak het, so ook die tradisionele Afrikaanse volksliedjies met lirieke soos: Wanneer kom ons troudag, Gertjie' en 'Dis te ver om te loop en te na om te ry.' Dit was ten minste eerlik."

Sonja Herholdt, Carika Keuzenkamp en die Decibel-klomp het romantiese Amerikaanse liedjies en afgewaterde Europese popliedjies nageboots. Daar was min sprake van 'n unieke Afrikaanse styl. Volgens Du Plessis was die "alternatiewe beweging" 'n welkome reaksie teen sulke snert en dus 'n sosiaal geldige onderneming. Lirikaal was dit opwindend, omdat dit meer realisties oor ons huidige toestand gepraat het, maar musikaal het dit ook nie juis veel gedoen om 'n unieke Afrikaanse styl te help ontwikkel nie, sê hy.

Maar ons moet ook van dié ou Voortrekker-image afstand doen en aansluit by die wêreld. Om terug te gryp na die verlede is ook nie die antwoord nie. Het ons nie meer gemeen met die stedelike, post-modernistiese, post-industriële, tegnologies gevorderde massas van New York, Londen, Chicago, Amsterdam, LA en Hong Kong as met die Voortrekkers nie?

"Dalk moet jong Afrikaanse musikante nie skaam wees om te gaan kyk na tradisionele volksliedjies, Maleise ballades, die Klopse, mbaqanga en goema-musiek vir begeestering nie," sê Du Plessis. Groepe soos Tananas, Robbie Jansen op *Vastrap Island* en The Genuines het dit met welslae gedoen.


Johannes Kerkorrel het sy belangeveld van 'n eng Suid-Afrikaanse tot 'n globale een verbreed en meen SA musiek sal in die algemeen moet bontstaan: "Standaarde sal moet styg. Met die teoretiese, tegniese en praktiese kennis van mense soos Abdullah Ibrahim en Hugh Masekela wat teruggekeer het, sal ons gedwing word om te verbeter."

**"DIE PAUL SIMON-DING HET MY** uitgefreak. Dit het my laat vra: Maak ons nie musiek dood deur sulke protesaksies nie? Dit is nou nodig dat mense hul consciousness verbreed en verryk. Jy kan dit alleenlik doen deur die uitruiling van kultuur."

Volgens Maas is daar baie Afrikaanse talent wat ontgin kan word... hy wil nog niks sê nie. Die woordjie "marketing" duik gedurig op en hier verkoop jy nie kunswerke nie, jy "move units". Ons kan nie die mag van die MV (music video) onderskat nie.

Die vernaamste rede waarom Afrikaanse musiek nie vooruitgang maak nie en die "golwe" elke keer doodgaan, is omdat platemaatskappye nie bereid is om in kunstenaars te belê nie, meen Maas. 'n Maatskappy sal byvoorbeeld nie 'n wins maak op 'n eerste plaat nie - video's, gehalte-vervaardiging, publisiteit kos geld - maar as 'n kunstenaar noukeurig bemark word en daar verseker word dat sy of haar talent met elke plaat ontwikkel, kan vordering gemaak word. Talisman is bereid om beleggings te maak, kunstenaars moet nou hul kant bring.

Swart musiek het ondanks apartheid oorleef omdat musikante alle invloede van buite aanvaar en skeppend verwerk het. Afrikaanse musiek ly aan dieselfde vrees vir "besoedeling" as Afrikaner-kultuur en politiek in die algemeen. Dis tyd vir ware kruisbestuiwing. .. Dink net aan Nico Carstens en Ibrahim op een verhoog.



# rebel word ryper

**Die houding van platemaatskappye jeens Afrikaanse musiek sal baie beïnvloed word deur die verkope van Johannes Kerkorrel se jongste langspeler, *Bloudruk*, wat pas deur Tusk uitgereik is. Dis ongekend dat mainstream platemaatskappye hulle enigsins aan Afrikaanse musiek steur. ANDREA VINASSA gesels met Kerkorrel, een van die vernuwers van Afrikaanse popmusiek**

**JOHANNES KERKORREL**, ofte wel Ralph Rabie, woon nie meer in Hillbrow nie en hy het pas die duurste Afrikaanse langspeler in die geskiedenis van Afrikaanse musiek voltooi. By die R100 000 is in die ateljee uitgegee om die gehalte van die musiek te verseker. Hy het met die beste vervaardigers en musikante gewerk en agt maande lank het hulle geswoeg - die klankingenieur, Shifty Records se Lloyd Ross, en die komponis Didi Kriel het die verwerkings gedoen.

Ian Herman, alombekend as Suid-Afrika se beste tromspeler, die saxofoonspeler Mike Faure, Amagugu Akwazulu, die trio wat saam met Noise Kanyile speel, en oud-GGB-lede Willem Moller en Hanepoot van Tonder het hul bydrae gelewer.

Die toekoms van Afrikaanse musiek hang van dié plaat se verkope af. 'n Mens kan sê wat jy wil van Tusk - dis dié kêrels wat Marcalex, Little Sister en Mango Groove vir ons gegee het - maar dit is heeltemal ongekend dat mainstream platemaatskappye hulle enigsins aan Afrikaanse musiek steur.

Deesdae kan 'n mens nie 'n plaat maak sonder om terselfdertyd 'n musiekvideo te maak nie. Kerkorrel het Grethe Fox, wat deesdae haar lyf regisseur hou, en die avant garde-filmmaker Henion Han ingespan om die visuele komponent van die plaat te bedink. (Dit word vanmiddag op *Fast Forward* gebeeldsaai.)

"'n Mens kan net so ver vorder sonder die ondersteuning van 'n platemaatskappy. Jy kan derduisende gigs voor dronk gehore doen, jy kan elke dorp tussen Kaapstad en Windhoek besoek, maar jy haak vas. Jy loop jou teen 'n muur vas. Tydens die Voëlvry-toer het ons voor 85 000 mense opgetree, en as jy die televisie ook nog in ag neem, moet dit miljoene mense wees. En steeds het *Eet Kreef!* nie verkoop nie," sê Kerkorrel. (Tusk se Benjy Moody sê die plaat het eintlik baie goed verkoop - so 8 000 in die winkels en so 4 000 tydens die toer.)

Na die Voëlvry-toer, sê Kerkorrel, was hy heeltemal vuisvoos. Die ster-besigheid het hom nie juis aangestaan nie. Dit is belangrik vir hom "om kontak met die strate te behou want dis die oorsprong van alles".

**DIE MAN WAT OORKANT** my sit in sy kombuis in Berea is met die uitreiking van sy vorige plaat van Satanisme beskuldig. Ons woon in 'n bisarre land.

Die Voëlvry-toer is op byna elke Afrikaanse kampus verbied. In die oë van die volk is Kerkorrel nie 'n kreefeter nie, maar babavreter. Sy satiriese liedjies het hom die reputasie van rebel, politieke aktivis, iesegrimmige klakous en verraaier besorg, terwyl hy net gedoen het wat gewone musikante die wêreld oor doen. In die buiteland word hy voorgehou as 'n simbool van die "alternatiewe Afrikaner" en die profeet van 'n geslag.

Die media-masjien het lank geteer op Kerkorrel se sensasionele streke, maar musiekkritici was nooit juis gaande oor sy musiek nie.

Nou het hy 'n plaat gemaak wat politici nie in die gesig vat of kapitaliste uitskel of Christelike Nasionale opvoeding beledig nie. Dit sal niemand aanstoot gee nie, dis vol liriese ballades en uiteenlopende musiekstyle.

Het hy sy rebelse edge verloor, wil ek weet.

"Die protes is nog daar, maar dit val nou in 'n veel breër konteks. Ek het gereis en die wêreld gesien en ek sien nou hoe die goed saamhang. As jy dit nie protes wil noem nie, noem dit aktivisme. Die probleme wat ons hier gaan hê, is nie so anders as die probleme in die res van die wereld nie... Soos om vir mense kos en 'n blyplek te kry.

**"MET DIE PLAAT WAS DIT VIR MY** noodsaaklik om 'n musikale sprong te maak omdat ek taamlik secure is as skrywer. Daar moes 'n verdieping in die musiek kom. Dit is baie meer subtiel, meer musikaal en nie ra-ra rock 'n roll nie. Ek het al my gehoor leer ken en ek wil daai gehoor behou, maar ek wil ook my gehoor uitbrei. Ek het 'n gehoor in die Benelux-lande wat ook iets wil hoor wat vir húlle sin maak.

"Toe ek gewaai het, wou ek nie terugkom nie - maar dinge maak net vir my sin as ek hier is. My anker is wat hier aan die gang is. Dis 'n sosiaal geïntegreerde plaat wat sê ons is nie hierdie unieke plek waar alles net chaos en disaster is nie."

Kerkorrel gee toe hy wil die mainstream Afrikaanse musiektoneel infiltreer. "Ek het gewerk sodat ek kan voortgaan en 'n lewe maak uit dit wat vir my die lekkerste is om te doen. Daar is soveel verder om te gaan. En ek wil deure oopmaak vir ander mense. Daar was nooit 'n gap vir James Phillips (Bernoldus Niemand) en die Cherry Faced

vervolg op bladsy 18

Lurchers nie. Miskien sal daar nou 'n gap wees."

Daar is selfs 'n liedjie getitel "Somer" - hy gebruik Latyns-Amerikaanse ritmes - wat die draak steek met die gebruiklike liedjies oor windjies wat waai, die seisoene, berge, riviere en bome waaroor Afrikaanse sangers so graag sing. "Omdat dit so 'n holruggeryde onderwerp is, was dit 'n uitdaging om die Ware Jakob vas te vang sonder om kitsch en corny te wees." Wanneer hy oor die omgewing sing, draai die lirieke (soos in "Blou aarde") om 'n bewustheid van hoe die osoonlaag deur oorlog en industriële vooruitgang vernietig word.

Kerkorrel het nog altyd doelbewus die karikatuuragtige beeld van 'n werkerklas-Afrikaner vermy - dis David Kramer, Bernoldus Niemand en Jennifer Ferguson se terrein. "Ek kon nog nooit vir die volk as 'n massa sing nie. My gehoor is ook nie Kramer of Ferguson s'n nie. Dit maak nie vir my saak dat mense wat na my luister nie noodwendig Afrikaners is nie."

### HOEKOM SING HY dan Afrikaans?

"Ek weet presies wat ek sê. Daar is ook 'n ander rede... daar is soveel konnotasies en cultural baggage verbonde aan die taal. As jy iets in Afrikaans sing, kielie jy 'n onverwagte ding in mense se bewussyn. Hulle het 'n ander assosiasie met die taal - hul onderwysers wat op hulle geskree het, hul korporaal wat hulle uitgejou het. As jy die taal anders aanwend, smokkel jy met mense se koppe."

Interessant genoeg het daar net 'n handjievol studente opgedaag toe die Voëlvry-konsert by die Universiteit van Wes-Kaapland aangeland het. 'n Mens sou verwag dat Kerkorrel se "bevryde Afrikaans" groot aanklank sou vind by dié studente. "Hulle luister na Whitney Houston en goed wat begeester is deur soul en funk... leë Amerikaanse ballads met geen verbintenis met die land nie."

**BLOUDRUK IS 'N** sintese van musiekstyle - jazz, rap, rock, folk, kwela, boeremusiek en mbqanga, sê Kerkorrel, wat uniek verwerk word: "Daar is bittermin wat nuut is in musiek. Ons het al alles gehoor. 'Halala Afrika' is 'n poging om Zoeloe en Afrikaans naas mekaar te plaas en te kyk wat gebeur - en dit werk nogal. Die video is gedoen met die Soweto Street Beat-dansgroep. Hulle doen alles van eietyds en klassiek tot gumboot, op die video ook. Ek stel daarin belang om weg van die stereotipe te beweeg." Kerkorrel dans ook saam.

Die inspirasie vir "Ballade van 'n (wit) mynwerker" kom van die storie oor 'n mynwerker wat ná twee bottels Klipdrift by 'n mynskag buite Welkom afgespring het. "Ek stel belang in wat in wit werkers se koppe aangaan." Wat in sy guns tel, is dat hy nie met hulle gekskeer nie.

"Sy beweeg" is 'n minor blues-stuk oor MEER as twelve bars... en is 'n liefdesliedjie aan alle vroue en hul sensualiteit, en "Derde Wêreld" handel oor die verbrokkeling van die Azanian Dream. "Revolusie" poog om uiting te gee aan die gees "van 'n nuwe bestel", steek die draak met mense se vrese oor Die Groot Revolusie en spreek sinisme uit oor die politici se gestoei oor mag in die media.


Daar moes rap op die plaat wees. Kerkorrel het "Toekomsrap" geskryf sonder om gebruik te maak van konvensionele rap-metodes... trom-masjiene ens. "Ek wou die ritme behou en in die lirieke die veranderinge vasvang en musikaal het dit ook gebeur."

"Pers reën" het niks uit te waai met Prince se *Purple Rain* nie, maar die verwysing verleen dimensie aan 'n speelse liedjie vol seksuele innuendos en feminisme. "Ek is mal oor Prince, en 'Purple Rain' is vir my 'n seminale song. Daar is egter geen ooreenkoms tussen die liedjies nie." Hy onthou hoe die polisie se afskrikmetodes die teenoorgestelde uitwerking op die mense van Kaapstad gehad het en dit 'n ongelooflike gevoel van solidariteit geskep het. Kerkorrel praat van 'n "transformasie" en hoe "die mense gerave het oor hulle ook pers spatsels op hulle T-shirts gehad het."

"Hoe ek voel" is 'n "musikale extravaganza" - die grootste musikale uitdaging op die plaat. Kerkorrel is versot op "daai groot U2-klank" en hier het hy gegaan vir "stadium rock".

"Blou aarde", die laaste liedjie op die plaat, is eintlik 'n groen liedjie. Dit handel oor die gevoel van magteloosheid (en hoop) met die verwoesting van die omgewing deur oorlog en hoe "ons net die chaos beheer en niks kan doen om dit te stuit nie. Dis terrifying, terrifying.

"Ek het die song geskryf vir my kind (sy agt-jarige seun, Ruben). Ek het myself 'n video verbeel waarin ek sy hand vashou en ons stap saam en ons kyk na die aarde op 'n moerse Imax-screen. Jy moet 'n aktivis raak, jy moet begin protesteer - om te probeer seker maak dat daar iets waardevols oorbly vir die mense waarvoor jy die meeste omgee. Daar is 'n generasie wat na jou moet kan voortbestaan in die stelsel en in die wêreld."



David Kramer (Photograph: Guy Tillim - Southlight)

# 'I've found myself - now I must find my history'

**The gregarious and rebellious "Weskusklong"-image of ten years ago has made way for a sleeker, but somewhat more private David Kramer who admits to being a successful songwriter. His search for his cultural roots as a South African has taken him along many dirt roads and forgotten townships and he tells CHRISTELLE TERREBLANCHE where it is leading him now**

**THIS** month he will take part in the *Vrye Weekblad* Breaking the Barriers cultural festival as the performer/songwriter David Kramer who became a hit in the late seventies with his Afrikaans vernacular songs and red velskoene. But apart from an appearance at the recent Paul Simon concert, this is a rare treat nowadays.

It seems as though Kramer has disappeared behind the curtains of the Dock Road Theatre, a popular venue at the Victoria and Alfred Waterfront development at the Cape Town Harbour. He has a minority share in the venue.

Drinking tea on the waterfront, dressed in muted colours, but with his hair still sleeked back in the distinctive style, Kramer admits that he became a performer mainly in order to have his songs heard. He now sees the songs, which eventually launched album after successful album - to be banned by the SABC just as quickly - as part of a much earlier exploration.

"I haven't really worked on writing for myself ever since the release of the *Eina* album," he says in his reserved but firm tone. "That sort of completed a cycle of work for me which had started a long, long time before. That work was a kind of search for identity. All the songs are related to my background and all of them were attempts to answer the question of where did I fit into this South African situation that I found myself in, and the whole kind of state of mind I grew up in, in an apartheid state.

"I kind of finished that work although it was overlapping with another interest that had started earlier." This interest, his first love, is writing for the theatre and specifically musicals - "and not only for myself".

In the early eighties Kramer started researching the musical theatre and by 1986 he was ready to team up with Taliep Pietersen to write *District Six - The Musical*. Then he also got involved in the production and direction.

While working on the *Eina* album, Kramer also finished a follow-up to *District Six*, *Fairyland* - now the longest-running musical ever in South Africa. *Fairyland* started off as a cabaret in a Cape Town hotel two years ago and was later elevated to a musical to launch the Dock Road Theatre. After two years the performance is still drawing full houses night after night.

In the meantime Kramer has not sat back to enjoy this apparent success. Another musical, *Crooners*, opens in the City Lights Theatre of a Cape Town hotel next week, "to explore yet another element of the District Six history".

**IS KRAMER CASHING IN** on the sentiment surrounding Districts Six demolition?

One need not ask, because the explanation is an integral part of his own history of cultural exploration.

"The whole body of work I did for David Kramer was done out of a search for an answer about who I thought I was," he explains. "Now there is a new question for me - to try and connect to a cultural history, to try and repair some of the damage that has been inflicted by apartheid.

"I have a great need to understand that side of my history - a side that was in a way denied to me. District Six is important because if you really start to think about South African folk music, which is where my interest lies, the question arises about whether we have folk roots.

"That is what made me write in Afrikaans in the first place. The only reason was to explore the political tampering with the history and cultural traditions, which all lead back to the Malay slaves. So to me the whole folk tradition and Afrikaans as a language starts here in Cape Town with District Six as melting pot.."

**THE ORIGINS ESTABLISHED,** Kramer's first

project was to write a musical about District Six, "the place and its destruction", which resulted in *District Six - The Musical.* "The second part of the process was to celebrate the music of District Six," he says. "*Fairyland* explored the area in its various aspects as it was in the fifties and the sixties - the music of the Cape Malay choirs, the coons and the pop music performed by bands at the Star Bioscope.

"What we have done now is to take yet another area which I found fascinating and disturbing. That is the whole question of why some artists performed original music and others imitated American music. We are now looking at the crooners, - people whose profession it was to imitate other people.

"To me that has always been a problem, because I feel it has had a negative effect on the music of the Cape. So I had to exorcize that in a way - and the more I explore, the more I get to understand it, and accept it, ironically."

His earlier popular songs, Kramer says, also relate to the traditions of District Six, specifically the genre of the slaves' comical songs, or moppies as they are still known in the Malay Dutch vernacular and sung by the Cape Malay choirs. He regards it as working class satire and for him it was a way to reconnect to the part of his culture that he felt alienated from as a child in Worcester.

"The moppie nearly always has food, animals and sexual innuendo as themes - and these themes you will find throughout my work, for instance *Volstruis Foxtrot.*"

**THE ORIGINAL MOPPIES** were quite vulgar in their content, Kramer says, explaining that it was a kind of protest song in which the "baas" was sent up.

There the master was on his stoep on New Year's day, showing his friends and family how nice his slave choir can sing - and meanwhile they are singing about the slaves screwing the madam in the barn, with neither party quite understanding the other's perception of the situation.

"That was their way of breaking the rules," Kramer says with a twinkle in the eye. It was possibly this "unacceptable" cultural innuendo, though not politically overt, that motivated the SABC to ban all his albums except *Baboondogs* from the airwaves.

According to media research this made Kramer the most restricted South African performer inside the country. Yet, unlike many others, he stayed, searching for his cultural roots...

He relates some of the childhood experiences that lead to this search: "My father used to work in a furniture shop in Worcester and I remember there was a bottle store next door. A lot of farm labourers used to come there on Saturday mornings and there would be guitars and singing and that kind of music. I listened to the music...

"Then my parents were members of the local Yacht club, and once a year there was a dance. They would throw the rubber filings on the floor, and they would 'langarm-dans' with Johnny Linus's Jazz Band. I remember being very taken with that music.

"And then I do remember being taken to a concert at a 'Coloured' school one night in the fifties, before strict apartheid came in. This was a rare cross-cultural experience, whereas the rest of our lives were totally divided. So those experiences sort of started making me aware that there was something else going on which was outside the milieu that I was growing up in."

**KRAMER ADMITS TO** borrowing cross-culturally in his work, yet does not acknowledge the term "people's culture". "I don't like the word, because there is no such fantastic Pandora's Box that you can dip into that is like a people's culture.

"What's distressing to me is that the so-called people have not been that interested in people's culture. The very people who are supposed to have this culture have different aspirations in terms of what culture should be - and it seems just politically sexy now to start thinking about this people's culture.

"It's right, it's good, but there is a lot of work and thinking to be done... I don't know if enough questioning has been done by writers and artists. They have spent most of their energy fighting apartheid, and that leaves them in a kind of vacuum right now."

Similarly Kramer does not completely agree with the concept of breaking barriers between cultures. "As there is no box called 'people's culture', saying there are barriers amounts to apartheid thinking to me. It comes very close to saying: these people, they have their culture, and we ours...

"To me culture is not a definable thing, therefore it can't have values, you can't redefine it, because it is an ongoing process. It is more like computer software, the interface we use to relate to the world around us. And so it is constantly changing and adapting itself in order to meet itself.

"What happens is that certain conventions arise, and as these bounce up and smack against each other, new kinds of sparks will occur and so art will transmute and transform. Culture as such continue to be a living thing - that's why what the Nationalists and the right wing are trying to do with culture is always to chisel it in stone, to say: 'This is IT - let's preserve it like this'.

"But it doesn't work at all, because culture can't be nailed down, it dies when you nail it down. So it will transmute.

"The whole thing about Afrikaans, it doesn't worry me. Afrikaans won't die out immediately, it will continue to exist where it needs to..."

**KRAMER SAYS HE** is "very lucky" to be doing just what he wants do to - to be working in and especially writing for the theatre. Trained as an artist, he says he writes visually.

"What I aim for now is to write a full-scale musical, in the mould of the kind of *West End* and *Broadway* type. But I am not trying to write *The Phantom of the Opera,*" he is quick to add. The musical would be something of a similar scale within the South African cultural context, using all the technical and musical abilities available.

Yet he hopes that it would be something that would be able to travel overseas. "It would be nice to start producing work that is more international as well," he admits.

That would certainly put him apart from the manne in die Royal Hotel - but I am still not sure whether it means he has hung up his red velskoene.

• **David Kramer** makes a rare Johannesburg appearance in **VWB's Breaking the Barriers Festival** - next Friday and Saturday at 9.30 pm at the **Market Theatre.**

# 'n musikale gigolo
## OP HARTEBEESPOORT SE
# love boat




Bles en sy dogter... "as jy val tel ek jou op"
(Foto's: Andrea Vinassa)

### 'n Ietwat verbysterde PEARLIE JOUBERT en ANDREA VINASSA het Vrydagaand saam met Bles Bridges op die Hartebeespoortdam se waters gevaar

**TANNIES** met blou hare en tiener-meisies met stywe broeke val flou as hulle vir Bles sien. Mense betoog as hulle dink hy verneuk sy vrou. Die sage van sy huwelik is so deel van die nasionale wit psige as die manewales van *Loving.* Hy is op die voorblaaie van Afrikaanse koerante met alles wat hy doen. Hy is omtrent 'n nasionale simbool, 'n wit Suid-Afrikaanse fenomeen sonder weerga.

'n Intieme aand saam met hom op 'n boot op die Hartebeespoortdam, so dink ons op pad na dié Transvaalse plesieroord, is dus nie te versmaai nie. Andrea is in haar mooiste pienk tafsy rok en ek in 'n tweedehandse swart nommertjie en sykouse.

Terwyl die son sak oor die water, speel Bles se vrou, Leonie, wat ook klank-operateur is, *Die Kavalier* se kitaarmusiek terwyl die gaste hul gin en tonics sluk.



Bles sing hartstogtelik vir een van die Golden Girls

Voor by die deur sit Bles by 'n tafel en groet die gaste by die naam en skielik lyk dit asof dit dalk 'n private jol kan wees. Selfs met die rokkies en skoon skoene kan mens nie help om soos 'n undercover-agent te voel by só 'n klein Bles-konsert nie: sy hele familie sit in die voorste ry - boetie met sy army-uniform uit op sy eerste pas, sussie met 'n sagte pienk rok en haar nuwe man aan haar sy en Leonie (nié Marietjie nie). Boetie het ná die vertoning op sy arms aan die slaap geraak; sussie en haar man het op maat van Abba gesokkie asof dit die aand voor oordeelsdag is... en Leonie het agter die klankbord gesit en huil.

Onder die sowat dertig gaste het veral die tweeling opgeval. Die tweeling is enorm lank met baie lang, baie blonde hare. Hulle lyk soos Sol Kerzner en Brigitte Nielsen as hulle met Bles dans.

Dié konsert was seker die naaste wat mens kan kom aan die gevoel wat die passasiers aan boord van die Oceanos gehad het - vier en half ure lank saam met Bles, sy gesin en so ongeveer 30 ander vriende-van-Bles aan boord van 'n passasiersboot in die middel van die Hartebeespoortdam en buite donder en bliksem die weer op die water. Daar is g'n kans vir afklim nie.

"Julle't nie geweet ek is só hot nie nê," skree Bles toe hy teen die trappe ophardloop met 'n mikrofoon in sy hand. En die gehoor knik instemmend hul koppe. Ek dink nie mens besef voor die tyd hóé hot Bles werklik is nie. Die man het 'n formidabele stem - om van sy kleredrag nie te praat nie. Bles dra 'n stywe soort Spaanse dans-broek en 'n wit blink hemp met rooi blinkers om die nek en moue.

"Ek sing my longe uit my lyf uit," skree hy ná Ruiter van die Windjie. Almal knik weer ordentlik en Andrea gryp haar stoel se onderkant vas toe Bles reg na haar stap in sy derde minuut van jodel.

Die mans op die boot was maar yl gesaai, want Bles is mál oor vroue en hulle oor hom - hy sit op hulle skote, staar in hul oë, vat aan hul bepoeierde wange en soen selfs hier en daar 'n paar. En sy sang gaan deurentyd gepaard met 'n sterk pelvisaksie: op en af, links en regs, vorentoe en agtertoe. Die man kan sekerlik geen laer-rugprobleme hê nie.

Skielik word dit vir 'n mens duidelik waarom Bles 'n nasionale monument is: hy is 'n opperste musikale gigolo. Hy is die seksuele fantasie van middeljarige middelklas-vroue wat nie die guts het om self 'n affair te hê nie. Hy is die romantiese troebadoer in die vroue se lewe wat hulle mans nooit kan wees nie.

Maar die Boere-Elvis het nie vir ons gewerk nie - ons hou van ons mans polities korrek...


# kom vier die toekoms saam met ons!

SO tussen die swaar besluite oor die toekoms deur is daar darem nog plesier ook: *Vrye Weekblad* se **Breek af die Mure/Breaking the Barriers**-fees wat dié Sondag begin. Die fees is nie net 'n viering van die einde van die Nederlandse kultuurboikot teen Suid-Afrika nie, dit is ook 'n viering van die nuwe era wat aangebreek het waarin al ons land se kulture behoorlik met mekaar kan kennis maak.


Soos op die program hiernaas en die bladsye daarna gesien kan word, behels ons fees 'n kabaretaand en 'n aand van ballades en blues, albei met Suid-Afrikaanse en Nederlandse kunstenaars, 'n Nederlandse filmfees, teater, storievertelling en 'n uitstalling van poster-kuns.

DIT GAAN 'N GROOT en unieke fees wees, met name soos **David Kramer, Thandie Klaasen, Johannes Kerkorrel, Abigail Kubeka, Elzabé Zietsman**, die Nederlanders **Freek de Jonge en die Circus Custers, Natalia de Rocha** en **Kurt Egelhof, Patrick Mynhardt, Gcina Mhlope, Irene Stephanou** en **Matsemela Manaka.**


Circus Custers


Patrick Mynhardt

Die fees skop eerskomende Sondag af met 'n ope dag onder ons markiestent in die Markteater-kompleks in Johannesburg wat om 14h00 begin. Al *Vrye Weekblad* se lesers - en sommer nie-lesers ook - is welkom vir 'n middag van plesier, lewende musiek, 'n biertuin en kos van die Yard of Ale-restaurant. Toegang is gratis.


De Niew Amsterdam Theatergroep

ONS MARKIESTENT TUSSEN die Markteater en die Yard of Ale bly oop deur die week en daar sal deurentyd musiek gemaak word.

Om sesuur Sondagaand wys die eerste film, **De Illusionist**, en die vyftig beste inskrywings van ons posterkompetisie is ook te sien.

Maandag begin die kabaret in die Mark se hoofteater en die filmfees in die Upstairs-teater met twee films: **In Krakende Welstand** en **Gebroken Spiegels**, albei met Engelse onderskrifte.

Dinsdag is die volle program in swang met kabaret, ballades en blues, die filmfees, storievertelling en die baie spesiale opvoering van die Bertolt Brecht-stuk, **Antigone.**

ONS MOES 'N SPESIALE teater agter die Mark bou, want regisseur **Rufus Collins** het 'n groter verhoog nodig as waaroor die Mark beskik. Sy **Antigone** gaan vol dans en beweging wees, en is die wêreldpremière van dié stuk in Nederlands. **De Niew Amsterdam Theatergroep** gaan daarna in Europa toer met **Antigone.**

Bespreek asseblief vroegtydig deur Computicket, hoewel kaartjies ook by die Mark beskikbaar sal wees wanneer die vertoning nie vol bespreek is nie.

Daar is oorgenoeg (veilige) parkeerplek langs die Markteater, en dit is maklik om te kry: aan die onderpunt van Breestraat in Newtown aan die westekant van die middestad van Johannesburg.

(Mense van Pretoria of Johannesburg se noordelike voorstede wat met die Ben Schoeman-hoofweg kom, kan die Jan Smuts-afdraai neem, reguit aanry tot oor die Koningin Victoria-brug, regs draai in Jeppestraat (die vyfde verkeerslig), oor twee verkeersligte ry en dan by die groot parkeerplek op regterhand regs indraai in Wolhuterstraat en parkeer. Die Mark is net oorkant die straat, Breestraat, wat 'n eenrigtingstraat oos is.)



Kom luister na **Anton Goosen en die Backwater Blues Band** tydens ons openingsdag Sondagmiddag 8 Maart van so twee-uur se kant af - daar is genoeg te ete en drinke en toegang is gratis.

# breek af die mure! Vrye Weekblad vier groot fees program

## breaking the barriers festival 8 - 14 Maart 1992

BOOK AT COMPUTICKET

| | | UPSTAIRS | MAIN THEATRE | CULTURAL CENTRE | ART GALLERY |
|---|---|---|---|---|---|
| **sunday** sondag 8 | O P | E N<br>18h00: Film - De Illusionist | D | A Y | UITSTALLING/EXHIBITION OPENS - 15H00 |
| **monday** maandag 9 | | 13h00: **DEBATE:** Culture & National Unity : Friends or Foes?<br>prof Johan Degenaar, Cheryl Carolus, Mothobi Motloatse<br>16h00: **WERKSWINKEL:** Thea Doelwijt : Surinaamse Drama<br>19h30 In Krakende Welstand / Squatters' Delight<br>21h30 Gebroken Spiegels / Broken Mirrors | 19h00: **CABARET**<br>Freek de Jonge, Elsabé Zietsman, Natalia de Rocha & Kurt Egelhof | | **UITSTALLING** van vyftig beste inskrywings vir die "Nkosi Sikelel iAfrika / God Bless Africa / God Seën Afrika" nasionale poster kompetisie. |
| **tuesday** dinsdag 10 | 13h00: **DEBAT:** Perspektiewe op toekomstige taalbeleid<br>Neville Alexander, prof Elise Botha, Qedusizi Buthelezi<br>16h00: **WORKSHOP:** Rufus Collins : Storytelling<br>19h00: **STORYTELLING** | 19h30 Golven / The Waves<br>21h30 Charlotte | 19h00: **KABARET**<br>Elsabé Zietsman, Natalia de Rocha & Kurt Egelhof<br>21h30: **BALLADES / BLUES**<br>Abigail Kubeka, Jennifer Ferguson, Johannes Kerkorrel, Thandie Klaasen, Circus Custers | 21h15 **ANTIGONE**<br>De Nieuw Amsterdam Theatergroep<br>Regisseur: Rufus Collins | **EXHIBITION** of the fifty best entries to the "Nkosi Sikelel iAfrika / God Bless Africa / God Seën Afrika" national poster competition |
| **wednesday** woensdag 11 | **DEBAT:** Nasionale Monumente : Verlede en hede<br>Marilyn Martin, Fitzroy Ngcukana, Dr G. Serayi<br>**WORKSHOP:** Theatre production :<br>De Nieuw Amsterdam<br>19h00: **STORIEVERTELLING** | 19h30 Gebroken Spiegels / Broken Mirrors<br>21h30 De Illusionist | 19h00: **CABARET**<br>Freek de Jonge, Elsabé Zietsman, Natalia de Rocha & Kurt Egelhof<br>21h30: **BALLADS / BLUES** | 21h15 **ANTIGONE**<br>De Nieuw Amsterdam Theatergroep<br>Regisseur: Rufus Collins | **UITSTALLING** van vyftig beste inskrywings vir die "Nkosi Sikelel iAfrika / God Bless Africa / God Seën Afrika" nasionale poster kompetisie. |
| **thursday** donderdag 12 | **DEBATE:** Role of Media in Culture<br>Ken Owen, Moeletsi Mbeki, Stan Katz<br>19h00: **STORYTELLING** | 19h30 Golven / The Waves<br>21h30 Mapantsula | 16h00: **WORKSHOP**<br>Rekenaar Animasie - Acad Africa<br>19h00: **CABARET**<br>Freek de Jonge, Elsabé Zietsman, Natalia de Rocha & Kurt Egelhof<br>21h30: **BALLADS / BLUES** | 21h15 **ANTIGONE**<br>De Nieuw Amsterdam Theatergroep<br>Regisseur: Rufus Collins | **EXHIBITION** of the fifty best entries to the "Nkosi Sikelel iAfrika / God Bless Africa / God Seën Afrika" national poster competition |
| **friday** vrydag 13 | 19h00 **STORIEVERTELLING** | 19h30 Gebroken Spiegels / Broken Mirrors<br>21h30 n Krakende Welstand / Squatters' Delight<br>Sanctus | 19h00: **CABARET**<br>Elsabé Zietsman, Natalia de Rocha & Kurt Egelhof<br>**BALLADS / BLUES**<br>David Kramer, Abigail Kubeka, Jennifer Ferguson, Johannes Kerkorrel, Thandie Klaasen & Circus Custers | 21h15 **ANTIGONE**<br>De Nieuw Amsterdam Theatergroep<br>Regisseur: Rufus Collins | **UITSTALLING** van vyftig beste inskrywings vir die "Nkosi Sikelel iAfrika / God Bless Africa / God Seën Afrika" nasionale poster kompetisie. |
| **saturday** saterdag 14 | 19h00: **STORYTELLING**<br>(only South African participants) | 19h30 Charlotte<br>21h30 Mapantsula | 19h00: **CABARET**<br>Freek de Jonge, Elsabé Zietsman, Natalia de Rocha & Kurt Egelhof<br>**BALLADS / BLUES**<br>David Kramer, Abigail Kubeka, Jennifer Ferguson, Johannes Kerkorrel, Tandie Klaasen | | |



# vergeet van polite-geit



Ná Freek de Jonge, Nederland se bekendste kabaretkunstenaar, en Elzabé Zietsman, die kabaretkunstenaar met die langste bene, is die egpaar Da Rocha-Egelhof aan die beurt. Hulle gesels met **ANDREA VINASSA** oor hul kabaret met 'n verskil

**VWB** se fees bied vir Natalia da Rocha en Kurt Egelhof die geleentheid om 'n bietjie kulturele rekonstruksie-werk te doen. Hulle is albei veelsydige teater-spelers wat, soos die werk in die meer skeppende onderdele van die teater begin opdroog het, hul al meer na die kommersiële kabaret gewend het.

Hoewel die egpaar, die ouers van twee kinders, eens op 'n tyd besluit het hulle wil nooit saamwerk nie, het dié reëling verval. Deesdae toer hulle die land plat met hul ritzy-glitzy cabaret act.

Maar die aanbieding wat hulle spesiaal vir *VWB* se fees geskryf het, het min gemeen met die cover versions wat hulle dikwels versoek word om op te voer. Dié een het 'n angel. Dis vol oorspronklike liedjies met 'n Kaapse geurtjie, en heelwat spitsvondige sketse en tussenwerpsels.

Destyds, in die laat-sewentigs op Stellenbosch, het ek Da Rocha geken as die eerste bruin student wat op 'n Afrikaanse universiteit 'n graad verwerf het - saam met mense soos Susan Coetzer, Dawid Minnaar en Rachelle Greeff het sy Maties se dramakursus deurgedraf. Sy het haar daarna as sangeres bekwaam en is een van die aanbieders van CCV se vroue-program op Saterdae, *Just For You*.

Niemand wat die Nataller Egelhof se kragtoer in Barney Simon se *Black Dog* gesien het, sal hom vergeet nie.

Egelhof sê hulle wil 'n soort brug bou tussen die koloniseerders van die kontinent en die kultuur wat uiteindelik deur hul koloniserende ywer voortgebring is - en dis nie noodwendig 'n mooi of positiewe bruggie nie.

Hy en Da Rocha verteenwoordig die miskende kultuur, die Afrikaner se stiefkultuur. En van polite-geit kan ons maar vergeet.

# kulturele rekonstruksie

Kurt Egelhof en Natalia da Rocha het spesiaal vir *VWB* se fees 'n nuwe aanbieding geskryf. Kom kyk hoe dié bekende kabaretkunstenaars amok maak met die kulture van die Nederlanders en die Afrikaners. Die kabaretvertonings begin saans (van Dinsdag tot Saterdag) om 7nm in die Mark-Teater, Newtown, Johannesburg

# de jonge versit die grense van die storie

**STORIEVERTELLING** is 'n oer-oue tradisie. VWB se fees laat dit herleef in 'n multi-kulturele program waarin Patrick Mynhardt se Oom Schalk Lourens-verhale met Gcina Mhlope se Afrika-fabels, Irene Stephanou se anargistiese staaltjies, Matsemela Manaka se landelike Afrika-verhale en die Nederlander Freed de Jonge se absurde sprokies naas mekaar gestel word.

De Jonge het in die sewentigerjare bekendheid verwerf as deel van die duo Neerlands Hop in Bange Dagen - hulle het kru sosio-politieke stof opgevoer.

Hy tree nou as solokunstenaar op en het reeds 'n aantal plate uitgereik. Deesdae trek hy vreemde klere aan en is hy 'n storieverteller wat verwikkelde, magiese, surrealistiese verhale vertel. Hy het beslis die grense van die kuns van storievertelling versit met sy absurde siening van die wêreld. De Jonge word veral bewonder vir sy tydsberekening en sy skreeusnaakse woordtoertjies.

# openbare etensuur-debatte

'n Reeks van vier openbare etensuur-debatte oor kulturele knelpunte word vanaf Maandag 9 tot Donderdag 12 Maart in die Upstairs- en Laager-teater aangebied. Vooraanstaande mense op die kultuurfront sal hul standpunte stel. Dit beloof om lewendige gesprekke te ontketen en die gehoor word genooi om na afloop van die debat hul insette te lewer. Almal is welkom en toegang is gratis

**MAANDAG 9 MAART**

**Onderwerp:** ***Kultuur en Nasionale Eenheid: Vriende of Vyande?***

Die hoofspreker is Johan Degenaar, afgetrede professor in filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Cheryl Carolus, uitvoerende komiteelid vir kultuur en gesondheid van die ANC, en Steven Peters, die sekretaris vir kultuur van Azapo, sal as respondente optree.

**DINSDAG 10 MAART**

**Onderwerp:** ***Perspektiewe oor 'n toekomstige taalbeleid.***

Die debat oor 'n toekomstige taalbeleid vir Suid-Afrika woed al geruime tyd, gegewe die 11 verskillende tale van ons land en die amptelike status wat Afrikaans en Engels tot dusver geniet het.

Die sprekers wat aan dié omstrede debat deelneem, is Neville Alexander, die uitvoerende sekretaris van die Health, Education and Welfare Society of SA, bekend vir sy ondersteuning van Engels as lingua franca binne die konteks van die ontwikkeling van die ander tale.

Die ander twee sprekers is Elise Botha, professor in Afrikaans by Unisa en voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en Qedusizi Buthelezi, 'n taalkundige van Wits en koördineerder van die ANC se Taalkommissie.

**WOENSDAG 11 MAART**

**Onderwerp:** ***Kulturele simbole van die apartheidsera: skrap of rehabiliteer?***

In dié debat sal die verskillende sprekers hul posisies stel oor kulturele simbole in die algemeen en nasionale monumente as spesifieke voorbeelde van kulturele simbole. Moet nuwe monumente inderhaas gebou word? Moet ons die oues hervertolk of afbreek of net so as geskiedkundige monumente behou?


Die deelnemers is Marilyn Martin, direkteur van die SA Nasionale Galery, Fitzroy Ngcukana, die PAC se segspersoon vir kultuur, en dr G Serayi, akademikus van die Universiteit Fort Hare en koördineerder van die ANC se kommissie vir kulturele simbole.

**DONDERDAG 12 MAART**

**Onderwerp:** ***Kulturele prioriteite van die media: Kultuur van demokrasie? Kultuur van nasionale eenheid? Kultuur van nie-rassigheid?***

Moeletsi Mbeki van Cosatu se media departement; Ken Owen, redakteur van die Sunday Times; en Stan Katz, direkteur van Radio 702, kom stel hul standpunte oor die rol wat die media speel met betrekking tot 'n spesifieke kultuur wat aangemoedig behoort te word.





Rufus Collins

# die gelukkige anargis

**Rufus Collins,** die artistieke direkteur van **De Nieuw Amsterdam-Teatergroep,** het dié week in Suid-Afrika aangekom om die wêreldpremière van 'n nuwe Nederlandse teaterstuk in Newtown, Johannesburg op die planke te bring. Dit is Bertolt Brecht se weergawe van Sophocles se *Antigone.* **ANDREA VINASSA** het Collins in die laatmiddagson by die Yard of Ale getakel

**RUFUS COLLINS...** na enkele oomblikke in dié charismatiese, kosmopolitiese oud-balletdanser se geselskap vermoed jy hy het sy pasifisties-anargistiese kinderskoene nie ontgroei nie. Jy sukkel om by te bly as hy name van grootse teatermense soos Quintero, Brook, Helene Weigel (Brecht se vrou), Piscator, Bejart en Munischkin aframmel - hy beskou dit as vanselfsprekend dat ons intiem kennis dra van hulle werk. Die gebrek aan neerbuigendheid is nogal verfrissend.

Gebore en getoë in Harlem, New York, het Collins sy teaterloopbaan as danser begin. Hy het as elf-jarige kind 'n beurs na die American Ballet School afgekeur omdat, glo dit of te not, hy afgeskrik is toe hy in die kleedkamer sien mans smeer grimering aan hul gesigte!

Nou ja, Collins het toe 'n monnik in 'n Rooms-Katolieke klooster in Massachusetts geword, maar hy het vasgesit - "teologiese verskille" - met die broeders omdat hy te veel gepraat het. Op die ouderdom van 20 het hy by New York se Circle Theatre aangesluit en sy eerste rol was in Brecht se *Three Penny Opera.*

Kort daarna het sy werk as "kulturele aktivis" saam met die Living Theatre begin. Dié geselskap het hul midde-in 'n gevaarlike politieke twis bevind toe hulle Kenneth Brown se *The Brig* opvoer. Dié stuk het kritiek gelewer op die Amerikaanse vlootsoldate in Korea.

**DIE TYDPERK SAAM** met die regisseur Judith Malena was belangrike vormingsjare vir Collins. Malena was 'n vuurvreter en die geselskap was gedurig in die moeilikheid. Die regering het hul produksie van *The Brig* toegemaak. Hulle het in die strate gedemonstreer. Daar was 'n hofsaak waar mense na Malena se teatrale getuienis hande geklap het. Die geselskap was "aktiewe passifiste". "The happy world of intelligent anarchism," noem Collins dit. (Terloops: hy het in vier van Andy Warhol se rolprente gespeel.)

*The Brig* is toe Londen toe waar hulle in 'n Amerikaanse sake-distrik gespeel het. Die Amerikaanse regering het weer gesorg dat die stuk toegemaak word. Oral in Europa was hy altyd bewus van die teenwoordigheid van agente van die Amerikaanse regering, en dit het aanleiding gegee tot sy veragting vir die Amerikaners. "Their way of life is the way of money." Dis toé dat Collins oortuig was van die krag van teater. Die vyf jaar, 1963 tot 1968, was die gelukkigste vyf jaar van sy lewe.

Hy het deur Malena met Brecht se *Antigone* kennis gemaak. "Judith was een van die laaste studente van Piscator. [Die Duitse kommunistiese regisseur en tydgenoot van Brecht]. Sy het Helene Weigel geken."

Terwyl Malena se *Antigone* die politieke gestalt van daardie tydperk uitgebeeld het, verklap Collins s'n die geselskap se betrokkenheid by die nuwe Europese tydsgees van stygende stam-oorloë, etniese twis en rasse-haat wat alles lei tot psigose. - "Racism is the byproduct of nationalism." In dié *Antigone* is die tiran 'n vrou wat 'n man wil wees en handel oor mense wat van hul rituele en regte beroof is. Die stuk speel af in 'n gestig vir geestesversteurdes. - "Sophocles's 'There is nothing more monstrous than man' still rings with validity."

Collins bemoei hom ook met die psigose van swartmense in 'n "wit" wêreld - "You can't treat a person with a mystical background and an extended family the same as one who does." - en die verwoestende uitwerking van die eise wat dié wêreld aan swartmense stel. "As 'n swartmens moet jy twee keer so goed vaar as 'n witmens om net so goed te wees."

**NA DIE AMERIKAANSE** sage het Collins Engeland toe verhuis, maar met die aanvang van die Maggie Thatcher-bewind het dit ondraaglik geword vir hom om in die strate van Londen rond te loop. Na te veel polisiemanne hom gevra het wie hy is en waarheen hy op pad is, het hy na die kontinent gevlug. Sy eerste werk was om 'n opvoedingsprogram vir immigrante te reël en dis toe dat die gedagte van 'n teatergeselskap vir die nuwe inboorlinge by hom posgevat het. Die Nieuw Amsterdam-Teatergroep, wat in die laat tagtigerjare op die been gebring is, word uitgeken aan sy etniese verskeidenheid (baie van die lede kom van Suriname en die Antille-eilande) en ekspressiwiteit. Hulle het in 1990 hul nuwe gebou, kompleet met teater, repetisielokaal, kantoor en galery, betree. Die stede van Den Haag en Amsterdam deel die subsidie van 1,4 miljoen Gilde wat die geselskap per jaar ontvang.

Hy is ontnugter met Europese teater, maar woon in Amsterdam omdat dit die beste stad in Europa is - "Hier kan vroue nog vieruur in die oggend rondloop sonder om aangerand te word. Ek is moeg vir paranoia, 'n mens kry niks gedaan nie."

Collins werk al jare lank in Europa met Suid-Afrikaanse teater soos *Egoli, Scenes of Soweto* en *Mzilikazi* en het net lof vir werk soos *Sizwe Bansi is Dead, Woza Albert* en *Sophiatown.* Aspekte van ons teater wat ons as vanselfsprekend aanvaar, is vir Collins opwindend: "...die gebruik van die liggaam, die stem en die vermoë om te transformeer en verskillende karakters te speel, en die eerlikheid."

Europese teater het 'n vernislaag - "Oh God, all that technique" - maar dis teater met geen commitment nie. Toe Ibsen en Shakespeare geskryf het, was daar commitment, sê hy. Wanneer hy klassieke stukke opvoer, poog hy om verstokte perfeksionisme te vermy. Selfs Brecht kan soos 'n museumstuk opgevoer word, sê hy.

**TE VEEL KLEM** word gelê op die formalistiese aspekte van teater en nie genoeg op die "rough and raw" nie. In Europa is daar ook 'n soort "anti-teater-teater" wat die skoonheid en skouspelagtigheid van teater verontagsaam.

Sy stories oor hoe die teater in Holland die instroming van mense van die oudkolonies die hoof bied, is skreeusnaaks (en tragies.) Daar bestaan die bisarre situasie dat geselskappe gedwing word om elk een swart speler in diens te neem. Die affirmative action werk nie, want die een swart speler dra na jare nog dieselfde spies. Hy vertel dat toe hy 'n swartman in die hoofrol in Brecht se *Three Penny Opera* laat speel het, is hy hewig gekritiseer omdat hy weer die beeld van swartmense skade aandoen, omdat Mac the Knife 'n misdadiger is!

Kritici sien nie in dat swart skrywers benodig word nie. Hulle mag dans en speel, maar nooit skryf nie. As jy enigiets weet van die Engelse taal, weet jy dat Shakespeare in 'n Somerset-dialek geskryf het wat baie klink soos Karibbiese of Jamaikaanse Engels.

Hopelik sal taal nie 'n probleem wees in dié produksie nie. Dit word in Nederlands opgevoer, maar Collins meen teater behoort taal verby te streef. Die groep se ekspressiwiteit en sy lees van die opsomming voor die tyd sal help dat die gehoor verstaan wat op die verhoog gebeur.

---

'Antigone spreekt met die klassieke stem die steeds daars aanwezig is waar mensen de wil en het verlangen hebben zich uit te spreken tegen heersende conventies'

*- Judith Malena*

**antigone**

**Dinsdag tot Saterdag om 8nm in die Afrika Cultural Centre (agter die Mark-Teater in Newtown, Johannesburg).**



Elzabé Zietsman
(Foto's: Andrew Bannister/ Southlight)

# 'Ek is hardegat en ek glo in wat ek doen'

Elzabé Zietsman wil konsertmaak. Haar kombuislig is nou al drie maande stukkend, die toilet lek; sy noem haar werk *Cabaretmusicaltheatreoperettamultipurposeconcert*, sy soek nie 'n man nie, want sy het twee groot honde en die een is op kortisoon omdat die son hom brand. **PEARLIE JOUBERT** het met haar gaan praat oor Afrikaanse kabaret, konsertmaak en sexy lyk op verhoë

**Hoekom sing jy meestal in Afrikaans wanneer daar so 'n beperkte kabaret-gehoor vir dié taal is?**

Ek is Afrikaans. Ek verstaan dit. Ek verstaan die mense wat dit praat en ek kan net sing oor goeters wat ek verstaan. Ek sou nooit in Zoeloe of Xhosa kon sing nie, want dit sou vals wees omdat ek dit nie verstaan nie.

**Jy tree nou al elf jaar lank as kabaretkunstenaar op. Is jou gehore nog dieselfde?**

Die audience is deesdae baie meer grown-up as 'n paar jaar gelede. Voorheen sou gehore van hul stoele af val van die lag as mens poep sê. Nou kan mens darem al poephol sê sonder dat hulle hulself doodlag. Pieter-Dirk Uys het hiér die pad vir ons ander oopgemaak. Hy het mense gewoond gemaak aan kabaret-styl. Hy het gewys dat die verhoog nie net 'n vertoonkas hoef te wees waar alles gepoleer en blink is nie, maar dat 'n verhoog ook 'n sitkamer kan wees.

**Wat probeer jy met kabaret doen? Wat is kabaret vir jou?**

Kabaret is satiries, lewer politieke kommentaar, vertel vir mense stories, voed hulle soms op en enlighten hulle. Maar dit vermaak ook. Dit móét die gehoor vermaak. En dit wil ek doen. As mens na veral Hollandse kabaret kyk, dan het ons nog 'n bliksemse ver pad om te gaan. Vir ons is kabaret nog 'n kêffie-ding met baie rook en rooi wyn. Die dag as kabaret in die teaters opgevoer word, sal die dag wees wanneer kabaret nié sal verdwyn nie. Al die aspekte van teater kan in kabaret gebruik word. Pieter-Dirk Uys sing nie, maar sy kunsvorm is beslis kabaret.

**Sien jy jouself as 'n goeie kabaretkunstenaar?**

Man... Casper de Vries, Nataniël en Pieter-Dirk Uys is die grootste kabaretkunstenaars. David Kramer se lirieke is uitstekende kabaret-materiaal. And I? I aspire to deliver that kind of work...

**Het kabaret 'n toekoms in Suid-Afrika?**

Kabaret is 'n wit ding. Die audience is wit. Die politiek het baie verander die afgelope tyd, maar kabaret sal altyd 'n rol moet speel. Kabaret moet altyd sê: Wag, hier is die vrotkol, daar is die kakspul. In enige samelewing is daar dinge - sosiaal en polities - wat satiries aangebied kan word. Die politiek en die Afrikanisering van ook witmense, behoort nie die dood van kabaret te beteken nie. Ek weet nie wat van kabaret hier gaan word nie omdat ek nie weet wat van Suid-Afrika gaan word nie.

**Nou hoe verduidelik jy dan die kleiner gehore wat kabaret trek?**

Dit is hoofsaaklik, hoop ek, weens die ekonomiese klimaat. Nataniël en Pieter-Dirk trek nog groot gehore. Mense knyp nog drie sente daarvoor af, maar die ander van ons sukkel. Kabaret is ook 'n baie verwarrende term omdat soveel verskillende dinge daaronder verstaan word. Dit is een van die grootste probleme van kabaret. Ons moet 'n ander naam daarvoor kry - soos byvoorbeeld Cabaretmusicaltheatreoperettamultipurposeconcert, maar dis bietjie te lank vir publikasie, nè? Vir party mense is kabaret nipple caps en G-strings en girls wat oor middagete vir besigheidsmanne optree. Ander mense dink Judy Page wat langs 'n klavier staan en broadway-songs sing, doen kabaret.

**Jy rook baie. Met die gesingery, behoort jy nie op te hou nie?**

Ag nee wat. Ek rook nog altyd. Of course rook is sleg vir jou stem, maar sing is nóg erger.

**Jy is sexy op die verhoog. Jy lê sensueel op klaviere rond en dra kort rokkies en hoëhakskoene...**

Soms is sensualiteit baie doelbewus - dit vorm deel van my show. Maar ek probeer nie 'n moerse statement daarvan maak nie. My klere is gewoonlik van só 'n aard dat mense iets het om na te kyk, maar dit is 'n integrerende deel van my opvoerings. Ek dra spesifieke klere. Soos in my laaste show *Elzabé Zietsman in Cliché* (dit word nou in die Black Sun opgevoer) is die wit pruik nie sommer vir snaaksgeit nie.

**Is skoonheid - jou eie - en sexygeit 'n belangrike bestanddeel van 'n kabaretster?**

Ek dink werklikwaar nie dat ek mooi is nie. Ek is lank en maer en groot - as ek my arms uitsteek, is dit nie sommer net 'n arm nie. Mense sien: God, hier kom 'n arm. Ek kan op 'n verhoog striking lyk, maar nie mooi nie. Ek maak dalk sommige mans jags, maar dan terselfdertyd kan ek juis vroue afskrik - dáár is 'n baie fyn lyn. Daarom probeer ek nie bewustelik aan my eie seksualiteit dink terwyl ek op die verhoog is nie. Sê mense werklik dat ek sexy en sensueel is? Vyf jaar gelede was ek gawky - lyk my dié goed kom met ouderdom.

**Het jy van kleins af ambisie gehad om 'n kabaret-ster te word?**

Nee. Al wat ek wou doen, was om konsert te maak. En nou maak ek konsert.

**Hoekom het jy juis kabaret as medium gekies?**

In kabaret is dit baie maklik om die vierde muur af te breek - daardie muur tussen die akteur en die gehoor. Kabaret gaan oor kommunikeer. Dit is ook die enigste medium waar mens, die akteur, se eie persoonlikheid altyd eerlik moet wees. Mens kan nie rolletjies act as jy kabaret doen nie. Dit is 'n eerlike medium - die akteur se eie sienswyses is belangrik. En as sensualiteit deel is van jou persoonlikheid, then so be it.

**Wat is jou persoonlikheid?**

... Jirre, ek weet nie... ek is nie bang om my naam gat te maak nie. Ek is nie bang dat mense dink ek's 'n doos nie. Ek is hardegat en ek glo in wat ek doen. Ek glo dat dit worthwhile is... My persoonlikheid en werk is nie twee aparte goed nie. Dit is hoekom kabaret my soms so blootgestel en vulnerable laat voel.

**Hoe hanteer jy daardie blootstelling?**

As ek op die verhoog staan, is dit fine. Maar as ek daar afklim, dan wil ek my kop in 'n gat druk, dan is dit baie moeilik om die gehoor te face. Ek het gelukkig een saving grace - ek kan nie sien nie. En vir baie vertonings kan ek nie regtig my bril dra nie. Kontaklense werk ook nie vir my nie omdat my oë te sensitief is. Ek kan dus nie mense se gesigsuitdrukkings sien terwyl ek perform nie. Ek sien soms die wit op hul gesigte en dan weet ek dat hulle lag.

**Kabaret is persoonlik - hoe kan jy met blinde oë optree én kontak maak met die gehoor?**

Mens voel aan wat die atmosfeer by 'n spesifieke gehoor is - voel, jy moet dit aanvoel. 'n Blinde mens kan dit doen as jy sensitief is. Mens voel aan hoe ver jy 'n sekere gehoor kan push.

***The Star* het onlangs in 'n resensie jou *Elzabé Zietsman in Cliché* vernietig. Hoe voel jy oor negatiewe kritiek? Defensive, kwaad, of gelate?**

Ek gee nie om as mense, weens hul eie smaak, dink iets is kak nie. Dit is tog normaal. Maar ek raak baie kwaad indien mense persoonlike aanvalle op my doen. Natuurlik raak negatiewe kritiek my want ek voel asof ek iemand in die gehoor gemis het, dat ek dalk iets verkeerds gedoen het. Die Star se resensie was persoonlik. Dit raak my ook omdat dit 'n invloed het om my gehore. Die Star se resensies bepaal in 'n mate hoeveel mense nie na my show kom kyk nie.

**Wat wil jy nog in jou lewe doen?**

Ek wil weer act. Ek het dit nodig. My siel het dit nodig. Ek mis die wegkruip van toneelspeel. Ek lê die afgelope ses jaar my siel op die verhoog bloot. En dit vat later aan 'n mens. Ek is moeg. Ek is moeg vir battle; om aangeval te word; om paranoïes te wees.

**Hoekom paranoïes?**

Ek's paranoïes omdat ek voel dat ek, omdat ek 'n vrou is, méér aangeval word as die mans wat dieselfde soort goed as ek doen. Die bliksemse mans kom weg met moord. En ek trek net my bek skeef, en is in die kak. Mense het baie miskonsepsies en dink ek staan op die verhoog en skree amandla! Ek maak konsert en pas aan by die omstandighede. As mense net vermaak wil word, dan doen ek dit.

**En trou en kinders kry, in 'n huisie bly en 'n karretjie ry?**

Ja, ek wil kinders hê, maar het nie 'n brandende begeerte om 'n mevrou te wees nie. Ek is nog nie bereid om dáárdie kompromieë aan te gaan nie. Maar as ek eendag nog nie wil trou nie, maar 'n kind wil hê, sal ek dit op my eie doen.

Ek wil nog na die Solomon-eilande toe ook gaan. Ek weet nie waar dit is nie. Dit is in die een of ander oseaan en eendag dan pak ek op en loop soontoe.

**Het jy enige groot planne met kabaret?**

Ek wil hê kabaret moet in die teaters inbeweeg. Kabaret is vir die volk, dit is nie eksklusief nie. Kabaret trek nie swart gehore nie, maar daar's plek vir kabaret. Dat die wittes cabaret kyk, beteken nie dat die swartes ook moet nie - net soos Hamilton wat hier werk nie skielik moet ophou om na Radio Metro te luister en eerder moet oorskakel Radio Hoëveld toe nie.

*** Elzabé Zietsman tree van Maandag tot Saterdag om 7nm in VWB se Breek af die Mure-fees (Kabaretprogram) in die Markteater op.**

# nederlandse filmfees

'n Fees van **Nederlandse films**, op een ná almal met Engelse onderskrifte, word vanaf Sondag 8 Maart tot Saterdag 14 Maart in die Upstairs-teater van die Markteater-kompleks aangebied. **Die program lyk só:**

**Saterdag 18h00**

**De Illusionist**
Regisseur: Jos Sterling
Die Nederlandse kabaretster, Freek de Jonge, wat in lewende lywe te siene sal wees gedurende die fees, vertolk die rol van een van die twee broers in dié rolprent.
Fiksie en werklikheid, droom en illusie, word - sonder woorde - ineengeweef in dié raaiselagtige rolprent. 'n Ontstuimige reeks gebeure - van verlore jeug, onvervulde ambisies, 'n brein-operasie, 'n pa met selfmoordneigings, 'n ryk oupa, 'n knorrige ma - is die bestanddele van dié humoristiese film wat beloof om uitstekende vermaak te bied.
(*De Illusionist* wys weer Woensdag om 21h30.)

**Maandag 9 Maart**

**19h30:**
**Squatters' Delight/In Krakende Welstand**
Regisseur: Mijke de Jong
Met: Sophie Hoeberechts, Ottolien Boeschoten en Matthias Maat
In 'n dokumentêre styl bied dié rolprent 'n mens 'n blik op die kraker-beweging van 1989 in Nederland. Die film fokus op 'n groep mense wat gedurende die vroeë tagtigerjare in 'n huis in die middestad van Amsterdam geplak het. Agt jaar later het die eens ideologiese groep uitmekaar gedryf. Party lede het hul stryd teen die samelewing verskerp, terwyl ander weer aangepas het. Met die opkomende oorname van die gebou deur die plaaslike owerhede word elke lid van die groep gekonfronteer met dit wat oor is van hul eertydse ideale.
(Wys weer Vrydag om 21h30.)

**21h30**
**Gebroken Spiegels/Broken Mirrors**
Regisseur: Marleen Gorris
Met: Lineke Rijxman, Henriëtte Tol, Coby Stunnenberg, Carly Hardy, Marijke Veugelers, Arline Renfurm, Hedda Tabet, Anke van't Hof, Edda Barends, Johan Leysen en Eddy Brugman.
Die grootste deel van die aksie speel af in die Happy House-bordeel, wat deur Madam Ellen beheer word. Parallel tot die storie van die vroue in die seksklub, word die verhaal van Bea vertel. Sy is 'n doodgewone huisvrou wat een aand deur 'n man ontvoer word en in 'n kelder opgesluit word. Hoewel dit voorkom of Bea en die ander prostitute min gemeen het, word dit duideliker hoe heg hul lot ineengeweef is.
(Wys weer Woensdag om 19h30.)

**Dinsdag 10 Maart**

**19h30**
**Golven\The Waves**
**(Dié rolprent is in Engels)**
Dié rolprent is gegrond op die roman van Virginia Woolf, The Waves (1931). Annette Apon is die regisseur en akteurs in die produksie sluit in Aat Ceelen, Thea Korterink, Michel van Rooy, Truus de Stelle, Marianne Stieger, Edwin de Vries en Gerardjan Rijnders.
*The Waves* fokus op ses vriende wat probeer om die geluk wat deel van hul jeug was, te herontdek en die gevolglike ontnugtering. Die vriende neem tydens 'n ete afskeid van Percival, wat op pad is na Indië. Percival simboliseer vir elkeen in die groep 'n individuele ideaal, maar wanneer hy sterf, kom die vriende te staan voor nuwe uitdagings.
(Weer Donderdag om 19h30.)

**21h30**
**Charlotte**
**Gegrond op die lewe en werk van Charlotte Salomon.**
Regisseur: Frans Weisz.
Met: Birgit Doll, Elisabeth Trissenaar, Max Croiset, Brigitte Horney en Peter Capell.



*Charlotte* verlaat Duitsland in Januarie 1939 om haar by haar grootouers in die Suide van Frankryk, wat toe nog as 'n betreklik veilige plek vir Jode en politieke vlugtelinge beskou was, aan te sluit. Hier ontvang sy die nuus dat haar ma selfmoord gepleeg het en van haar ouma se depressie, en sy kom voor 'n groot keuse te staan.
(Weer Saterdag om 19h30.)

**Donderdag 12 Maart**

**Mapantsula**
Regisseur: Oliver Schmitz
Met: Thomas Mogotlane, Marcel van Heerden en andere.
*Mapantsula* is al beskryf as die belangrikste Suid-Afrikaanse film wat die afgelope jare gemaak is. Dit is ook die enigste Suid-Afrikaanse rolprent op die filmfees. Dit handel oor die wel en weë van 'n pantsula, sy jollery in die sjebeens, sy inhegtenisneming en uiteindelike politisering.
(Weer Saterdag om 21h30.)


measure your pleasure by **the yard**

the restaurant
*for beer drinkers*

WE SERVE LUNCH AND DINNER WITH A VARIETY OF AT LEAST 20 LOCAL AND IMPORTED BEERS

OPEN MONDAY TO SATERDAY
FIND US AT THE MARKET THEATRE COMPLEX
**TEL: 836-6611**

Est 1967 Yard of Ale RESTAURANT



# 'n moeilike tyd vir die liefde

Is Suid-Afrika 'n liefdelose land? Politieke onverdraagsaamheid en geweld skeur die land aan repe. Maar dit stop nie daar nie. **Kyk maar net om jou:** jy sal gou-gou sien hoe baie mense se huwelike of verhoudings deesdae op die rotse beland. **ESMA ANDERSON** gesels met sielkundiges - en ontdek dat dit nie net op nasionale vlak is dat Suid-Afrikaners vervreemd, wantrouig en eensaam is nie, maar ook in **liefdesverhoudings**

**SUID-AFRIKA** het een van die hoogste egskeidingsyfers ter wêreld en in 1990 het meer as 26 729 huwelike in die egskeidingshof geëindig. (Die statistieke sluit net wittes, Indiërs en bruinmense in. Geen statistieke vir swart egskeidings kon bekom word nie.)

Die egskeidingskoers het boonop die laaste paar jaar ingrypend toegeneem - en sal na verwagting steeds styg.

Waar 11,5 uit elke 1 000 wit egpare in 1975 geskei het, het dit in 1989 gestyg tot 15,8. In dieselfde tyd het die bruin egskeidingskoers gestyg van 4,5 per 1 000 egpare in 1975 na 11,3 in 1989 en vir Indiërs van 1,3 na 7,1 egskeidings per 1 000 getroude pare. Dié syfers behels net die aantal egskeidings in 'n bepaalde jaar - nie die aantal huwelike wat uiteindelik op die rotse beland nie.

"Dié syfers is ontstellend," sê dr Alta van Dyk, 'n sielkundige van Unisa. "Dis amper asof 'n soort verbruikerskultuur by verhoudings geld. 'n Mens sien die houding: as 'n verhouding of huwelik nie werk nie, gooi jy dit weg en ruil dit in op 'n ander."

Nou hoe moet 'n mens 'n verhouding of 'n huwelik benader om te verseker jy en jou maat spat nie ná 'n ruk uitmekaar nie?

Die antwoord van die sielkundiges en huweliksterapeute is duidelik: Pas op daarvoor om die liefde of 'n verhouding só te romantiseer dat jy nie vergeet dat net harde werk dit laat gedy nie. Moenie dink huwelike en verhoudings sal altyd maanskyn en rose wees en dinge sal outomaties vlot verloop as julle mekaar liefhet nie.

"Met só 'n houding raak 'n mens vinnig teleurgesteld as die verhouding nie presies aan jou verwagtings voldoen nie en al jou behoeftes nie volbring word nie," sê Van Dyk.

Dr Louise Olivier, hoof van die Sentrum vir Kinder- en Volwassene Leiding van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), sê die huweliksnag is 'n klassieke voorbeeld van die valse mites en onkunde oor die huwelik. "Almal het hierdie hoë verwagtings van die eerste huweliksnag - en as jy met mense praat, kom jy agter dis eintlik maar gewoonlik baie goor.

"Daar is heeltemal te min voorligting oor verhoudings en huwelike," sê Olivier. "Dié dat daar so baie mites bestaan. Mense besef nie dat 'n mens heeltyd aan 'n verhouding moet werk nie."

Van Dyk stem saam: "Mense word afgeskrik deur begrippe soos harde werk en insette - maar hulle besef nie altyd hoeveel hulle daaruit kan kry nie. Hoe lekker dit uiteindelik is om 'n goeie en gelukkige verhouding te hê nie.

"Ons kinders word nie meer toegerus met die nodige lewensvaardighede nie. Buiten seksvoorligting, kry hulle ook nie genoeg voorbereiding oor Aids en veral verhoudings nie. Ons berei hulle jare lank voor vir die beroep wat hulle eendag gaan beklee, maar rus hulle nie toe met die nodige kennis en vaardighede om 'n gelukkige lewe en verhouding te kan hê nie."

Maar hoekom moet mense voorberei word vir verhoudings en huwelike? Mense het eeue lank verhoudings en huwelike laat slaag sonder voorligting. Is dit nie bietjie kunsmatig nie?

"Nee," sê dr Elsie Cronjé, 'n sielkundige en huweliksberader van Unisa. "Daar is al hoe meer stremming op verhoudings en die aard van dié verhoudings verander ook namate die samelewing verander. Mense het nou meer voorbereiding nodig om hulle toe te rus met die vaardighede om al die nuwe spanninge te kan hanteer."

## Nasionale stremminge

**WATTER** soort voorbereiding moet mense kry?

Seker een van die grootste probleme wat stremmend op verhoudings inwerk, is die spanning om aan te pas by 'n veranderende samelewing - op nasionale vlak, maar ook in die huwelik of verhouding self.

Die invloed van nasionale tendensies en faktore moenie onderskat word nie, sê Olivier, omdat dit uiteindelik wél die verhouding beïnvloed of strem of selfs 'n oorspoel-effek daarop kan hê.

Kyk byvoorbeeld na die kultuur van geweld wat ontwikkel het, sê sy. "Dit duur nou al so lank dat mense leer om probleme deur geweld op te los - uiteindelik ook in die huwelik en die gesin. Mense beskik nie oor ander regte probleem-oplossing strategieë nie. Ons kinders leer dit by volwassenes en na die voorbeeld wat in die land gebeur."

Van Dyk sê mense is al so gewoond aan geweld dat dit hulle nie meer skok nie. Dit word self al hoe meer 'n opsie as hulle probleme ervaar.

Die politieke onsekerheid en die wantroue wat geskep word deur politici spoel ook oor in verhoudings, meen Olivier. "Ons is al so lank gewoond daaraan om almal te wantrou - die regering, die ANC, mense van 'n ander velkleur - dat ons mekaar in ons interpersoonlike verhoudings ook begin wantrou.

"Tesame met die ekonomiese klimaat en die toenemende werkloosheid, begin mense hulself ook wantrou. As die man byvoorbeeld afgedank word en nie werk kan kry nie, wantrou hy sy vrou én homself.

'As jy nou die broodwinner is, het jy my nog nodig?' of 'ek is nie goed genoeg om werk te kry nie, is ek nog goed genoeg om 'n man vir my vrou en 'n pa vir my kinders te wees?' word dikwels gehoor."

Die nasionale gees van onwrikbaarheid van politieke groeperinge, of die persepsie daarvan, spoel ook oor na persoonlike verhoudings, sê Olivier. "Mense raak so verstrengel in hul eie behoeftes en eise dat hulle vergeet die beste oplossing is daarin geleë om mekaar halfpad te ontmoet en kompromiterend op te tree in die beste belang van alle betrokkenes.

"Boonop moet mense hulle by 'n nuwe stel reëls aanpas - en dié oorgang van 'n ou bedeling na 'n nuwe bedreig die sekuriteit wat mense voel in die bekendheid van ou omstandighede. Dit skep baie spanning en onsekerheid, wat uiteindelik ook 'n invloed het op interpersoonlike verhoudings."

## Veranderende geslagsrolle

**DIS** egter nie net die land wat van 'n ou bedeling na 'n nuwe oorgaan nie, maar ook persoonlike verhoudings. Sielkundiges en huweliksberaders stem saam dat die aard van verhoudings self aan 't verander is namate al hoe meer vroue die arbeidsmark betree.

"Die man is nie meer alleen die broodwinner nie en sonder dat ideologie noodwendig ter sprake kom, word die patriargale struktuur bedreig waarop huwelike vroeër geskoei was," sê Olivier.

"As die vrou ook werk, begin sy al hoe meer besef dat dit onregverdig is dat sy dieselfde ure moet werk en dan tuis ook al die verantwoordelikhede van versorging, kosmaak en skoonmaak moet dra. Sy begin noodwendig vra hoekom hy dan kan gaan sit en TV kyk of koerant lees terwyl sy die huistake moet verrig."

Dié spanning word vergroot deurdat mense dikwels nie nuwe rolvoorskrifte het vir veranderende omstandighede nie, sê Cronjé.

"As hulle verskillende verwysingsraamwerke het oor rolverdelings, word die spanning net vererger. Veral as die man voel sy posisie in die verhouding word bedreig en hy nog vasklou aan ou rolverdelings."

Die situasie word vererger omdat mense geen voorbeeld het om na te volg uit hul eie agtergrond nie, sê die kenners. Mans en vroue kom dikwels uit ouerhuise waar 'n patriargale stelsel geheers het: die man was die broodwinner, die hoof van die huis, het die finansiële besluite geneem en was die hoogste gesag in die huis.

"As die man en die vrou albei werk en sáám voorsien in die finansiële behoeftes van die gesin of huishouding, ontstaan die behoefte by een of albei dat besluitneming en ander verantwoordelikhede ook gedeel moet word. Maar dis in dié oorgang na 'n vennootskapstelsel waar baie probleme ontstaan - veral as hulle geen rolmodelle uit hulle eie agtergrond het om na te volg nie," sê Olivier.

Dié spanninge, sê Cronjé, word dikwels ook op die spits gedryf in tye dat mense finansieel swaarkry en prioriteite in geldbesteding bepaal moet word.

'n Faktor wat dikwels hiermee saamhang en wat die situasie net kan vererger, is gebrekkige kommunikasie en meganismes om probleme op te los.

## Kommunikasie

**GESLAGSROLLE** speel selfs in kommunikasievaardighede 'n rol. "Seuns word meestal grootgemaak om macho mans te wees," sê Van Dyk. "Hulle mag nie huil of emosie wys nie en uiteindelik verleer hulle om oor hul gevoelens en probleme te kommunikeer."

Dié onvermoë om gevoelens te kommunikeer, kan uiteindelik ook misverstaan word as gevoelloosheid of onverskilligheid, meen die kenners.

"Dit is belangrik dat mense hul ervarings en gevoelens kan deel om sáám die beste oplossing vir hul probleme uit te werk," sê Van Dyk. "Daarsonder praat hulle rondom probleme sonder om die werklike aard daarvan aan te spreek. Veral by sensitiewe en persoonlike sake soos seksuele probleme of ontevredenheid."

Daar is verskeie ander redes waaom mense nie met mekaar kan praat nie, sê sy.

"Mense raak vasgevang in hul eie wêreldjies en praat nie meer oor dinge wat groot dele van hulle tyd en aandag in beslag neem nie," sê Van Dyk. "Ons dink te maklik dis onbelangrik om te praat oor wat ons by die werk gedoen het - maar ons vergeet dat dit 'n belangrike deel van ons lewens is wat ons van mekaar wegsteek. Werk neem tog op stuk van sake gemiddeld agt ure van jou dag in beslag - hoe kan dit nie belangrik wees nie?

"As mense ophou om sulke ervarings te deel, word hulle wêrelde so ver van mekaar verwyder dat daar op die ou end niks oorbly om oor te praat nie behalwe huislike dinge en probleme," sê Van Dyk.

Prof Cora Moore, 'n sielkundige aan Unisa en 'n huweliksterapeut, sê mense se subjektiewe ervaring van die werklikheid veroorsaak dat hulle baie maklik óm dinge kan praat as hulle nie elkeen hul interpretasie van die situasie duidelik maak nie.

"Mense reageer dikwels op wat húlle dink die ander een dink - en is gewoonlik verkeerd. 'n Mens moet tyd neem om te gesels, te luister en terugvoering te gee oor situasies wat ontstaan of bloot dinge soos wat elkeen se persepsie is van liefdesbetoning - hulle sal selde dieselfde inhoud daaraan gee. Daarna kan gewerk word aan versoening van die twee werklikhede om uiteindelik saam 'n eie werklikheid te skep waarbinne hulle saam kan funksioneer."

'n Groot faktor is dat mense in verhoudings dinge met mekaar moet deel, mekaar se raad moet vra en 'n basiese belangstelling moet hê in wat die ander een doen. Maar hiervoor, sê Cronjé, is 'n kameraderie nodig. Is dít afwesig, meen sy, is daar nie veel oor om te red nie.

## Tegnologie van vervreemding

**DIS** ironies dat mense vereensaam en nie kan kommunikeer nie - juis midde-in die "inligting-revolusie" en "kommunikasie-era". Olivier meen egter swak kommunikasie is dalk juis 'n gevolg van dié ontwikkelings.

"Tegnologiese ontwikkeling is hoofsaaklik gerig op individuele gebruik. Ek dink dikwels persoonlike rekenaars en televisiestelle is dalk meer van 'n hindernis as 'n hulpmiddel.

"Dit maak nou wel in sommige opsigte ons lewens makliker, maar uiteindelik vereensaam dit mense geweldig. Veral die TV-stel bring baie vervreemding mee. Mense spandeer wel tyd saam, maar sonder dat daar enige interaksie tussen hulle is," sê Olivier.

Van Dyk stem saam en sê die TV word 'n derde gespreksgenoot in die huis. "Mense dink dis nie nodig om met mekaar te praat nie, daar is mos iets wat die gesprek aan die gang hou - maar dis ver van hulle en baie onpersoonlik."

"Kommunikasie het al so 'n cliché geword," sê Van Dyk, "dat mense nie meer weet wat dit is nie. Mens voel amper bang om dit weer op te haal as die belangrikste aspek van verhoudings."

Dis belangrik dat mense genoeg tyd aan mekaar afstaan, sê Van Dyk. "Nie net om te kommunikeer oor probleme nie, maar ook om dinge saam te geniet. Mense spéél nie genoeg nie, hulle neem alles te ernstig op."

## Verwronge individualiteit

**HOEWEL** mense in verhoudings hulle eie identiteit moet behou en ruimte moet hê om selfstandig te groei en ontwikkel, sê kenners die hedendaagse strewe na individualiteit neem soms 'n verwronge betekenis in die verhouding aan.

"Mense verbloem dikwels selfgesentreerdheid en blote selfsug onder die dekmantel van individualiteit. Hulle verwar die déél van ervarings en lewensruimte met die verlies van hul eie identiteit," sê Van Dyk.

Dr Thea Thom, ook 'n sielkundige van Unisa, sê mense se hoë agting van hul eie privaatheid en vryheid is dikwels blote selfsug. "Dis asof mense vergeet dat die ander om hulle ook behoeftes het en dat 'n mens jou eie hiermee kan versoen sonder om jouself prys te gee. Hulle dink dikwels net aan hulself en wat vir húlle belangrik is - en perk ander mense in weens hulle eie selfsug."

Waaroor die kenners egter almal saamstem, is dat daar 'n baie fyn lyn tussen afhanklikheid en onafhanklikheid, onverbondenheid en verbondenheid in 'n verhouding is - 'n balans wat maklik versteur kan word.

Moore sê die ideaal is dat mense juis binne die verhouding vry kan voel om hulself te ontdek en te realiseer. "Dat die mense betrokke in die verhouding mekaar die ruimte sal gun om te ontwikkel, dié ontwikkeling sal aanmoedig en ondersteun sodat hulle eindelik vryer kan wees om sáám geluk te vind."

**MAAR** op die ou end is daar dikwels net één raad oor: mense in verhoudings wat nie werk nie, moet eenvoudig die verhouding verbreek vóórdat hulle mekaar vernietig.

Sommige mense hoort in die eerste plek nie saam nie, sê Cronjé. Hulle basiese waardestelsels en lewensbeskouings verskil te veel om ooit versoen te word.

Soms kom dié verskille in waardestelsels eers na vore nadat die verhouding lankal bestaan - dikwels weens gebrekkige kommunikasie, sê Moore.

Mense kommunikeer nie oor dinge wat later vir hulle belangrik word nie, sê sy, en groei eenvoudig uitmekaar. As hulle dan hulp kom soek, is dit gewoonlik te laat en die skeuring te groot om te oorbrug.

**"As die vrou ook werk, begin sy al hoe meer besef dat dit onregverdig is dat sy dieselfde ure moet werk en dan tuis ook al die verantwoordelikhede van versorging, kosmaak en skoonmaak moet dra. Sy begin noodwendig vra hoekom hy dan kan gaan sit en TV kyk of koerant lees terwyl sy die huistake moet verrig."**



# sulke mense

## deur botha w kruger

HULLE het saam opgedaag. Hulle het saam gestap, saam geskerts, saam gaan pee en nou klim hulle saam op die vliegtuig, met oë wat slinks na die grondwaardin staar. Sy is bruin, maar jy kyk mos nie na die gesig nie.

"Hallo-hallo chickie, gaan jy saam vlieg?"

Almal bulder deur bierasems. Dis moerse snaaks. Poena kyk na die grapmaker en glimlag. Ou Po-Po, altyd so avontuurlustig, altyd iets skerps om te sê. Bo-aan die trapreling, staan die kajuitkontroleur.

"Check die koffiemoffie, check sy look."

Die manne roggel weer uit hulle maagholtes uit.

"Nie so hard nie Po-P... uhm... Goeie môre. 20A tot 21F?"

"Môre meneer. In die gang af, heel agter. Die laaste twee rye."

Hy kyk om.

"Kom manne."

Iemand brom.

"Dis maar goed hy't nie my hand probeer skud nie. Ek neuk hom."

"Poena."

Hy kyk om.

"Ja Tjops?"

"Gaan hulle ons 'n drankie of twee gee?"

"Ek skat so. Dis vyftig minute Jan Smuts toe, ons sal wel iets kry."

Hy stamp sy kop hard teen die oorhoofse bagasierak.

"Eina dônner, kan die mense nie die goed toemaak nie?"

"Pasop vir u kop meneer."

Sy is vaalblond met rooi lippe. Hy doen 'n vinnige gehaltescan. Nie sleg nie. Selfs in die uniform.

"Ja, jy sal dit maar moet beter soen, of is dit nie deel van jou job nie?"

Bulderend kom die lagge weer van agter af.

"Kissy-kissy!" skree een.

Hy sien nie die onderdrukte jou-liewe-hel kyk op haar gesig nie. Hy sien nie die spottend-geamuseerde flits in haar oë nie. Nie een van sy buddies sien dit nie. Hulle ratel en ruk te veel van die lag. Niemand sien hoe sy al haar professionaliteit moet uithaal om hom nie te kyk nie, almal is te gefassineerd deur die komplimentêre Transvalers.

Almal is uiteindelik by hulle plekke, na nog 'n dosyn of wat vreeslike goeie grappe. 'n Ander lugwaardin, bruin, stap verby. Vorentoe. Sonder dat enige van die ander sien, kyk iedereen haar skalks agterna. Nie sleg nie, net jammer oor die velkleur. Verafsku deur hul eie denke gaan hulle voort om te lees van Steve Hofmeyr se nuwe inbeldiens oor Eksodus 1:28, en van wie môre behoort te wen op Loftus. Nie dat hulle enigiemand anders se siening nodig het nie...

"... ek sê vir jou, sy balverspreiding is baie beter. Toe ek laas met Dok gepraat het, het selfs hy dit erken..."

"...nee man, hulle moes hom al lankal vaskop laat speel het, hy's 'n natural daar..."

"... hy's glo vir nog ses weke afgeboek..."

Die aksie het 'n bietjie min geraak.

"Sorry, doll... kan ons nie 'n biertjie of 'n ding vir die droë kele kry nie? Dis Bloemfontein daarbuite en dis droog."

"Jammer meneer, drankies mag eers na opstyging bedien word."

"O."

"Hey Pote, vra vir haar of ons kan opstyg."

"Hoekom?"

"Sy't mos gesê ons kan dan drink."

Hulle dink wragtag dis die snaaksste een nog. Trane loop by hul wange af. Een bierburp van die lag. Intussen het die veiligheidsinstruksies begin. Een vir een leun hulle oor en fluister perverse gedagtes vir mekaar as sy die veiligheidsgordel laat losval grond toe en die werking van die reddingsbaadjies se alternatiewe opblaaspypie demonstreer.

Sy sien dit. Sy doen niks.

Hulle weet sy sien dit. Hulle gaan aan.

Styf stap sy verby en gaan sit op haar plek. Die vliegtuig styg op, die kaptein sê alles (teen sy wil) in albei landstale, party van die passassiers gedra hulle kinderagtig en 'n student verlang na sy meisie.

Verversings word bedien. Fritos. En bier. Baie bier vir sekere passassiers. Dit sing. Dit suip. Dit is Suid-Afrika. Vandag. Mammon se moer. Rugby regeer. Nee, jy hoef dit nie te kyk nie. Die dominee sal jou in die kerk 'n opsomming gee... voor die Tien Gebooie.

Poena skryf 'n brief. As gevolg van sy werkskofte en die feit dat hulle mekaar omtrent net naweke sien, het sy vrou, net na die huwelik, vir elkeen 'n dagboek gekoop. Hierin skryf hulle briewe vir mekaar en aan die einde van elke week lees hulle dan mekaar se diepste en intiemste geheime.

Tussen saamsing en lag vir Po-Po se grappe skryf Poena...

*Liewe Anette*

*Ek is nou op die vliegtuig op pad Jan Smuts toe. Boela sal ons daar met sy kombi kom optel en ons hotel toe vat. Ek hoor by Vleis hulle het nuwe losies by Loftus gebou. Hy sê dit is nou die bes-toegeruste stadion in die land. Al die sitplekke is vervang deur 'n anonieme borg.*

*Ek dink die Bulle gaan hulle trap môre. Tone skree steeds vir die Vrystaat. Hy sê ons kom mos van daar ver af, ons moet hulle ook ondersteun.*

*Ek kan egter nie die Vrystaat ondersteun as daar 'n span soos die Blou Masjien is nie. Miskien (ons hotel is langs die spelers s'n) kan ek vanaand Gerbrand se handtekening kry. Dan sal my versameling voltooi wees en kan ek uiteindelik my plaak bo die trui teen die kaggelmuur hang.*

*Ek gaan môre kyk of ek 'n bottel van daardie skaars Naas-wyne kan kry. Ek is lief vir jou. As ek daardie wyn in die hande kry sal ek darem lelik deur jou broer-hulle beny word. Ons het hoofpaviljoen-sitplekke, hulle behoort daar wyn te hê, dit is mos naby die VIP's, die groot honde.*

*Jy moet die lelike meid sien wat ons vir 'n lugwaardin het. Sy is regtig dom. Dit is nou net weer om vir Mandela-hulle gelukkig te hou. Di...*

Hy kry nie kans om verder te skryf nie. Die vliegtuig ruk skielik en suurstofmaskers val mos outomaties uit die dienspaneel bo.

Die kaptein probeer iets sê, maar sy stem word verswelg deur paniekbevange gille. Babas begin huil terwyl leë bierblikke onder malende voete platgetrap word. "Sit! Sit!"

Die lugwaardin hol mal rond om tevergeefs jakkals-en-wolf-stories aan passassiers te vertel. 'n Paar middeljarige mans gil met verstokte oë as die vliegtuig ongenadig grond toe plunder.

Een man tussen die mal massa maak met 'n bleek gesig 'n boek toe, uiterlik geensins 'n buitengewone boek nie, en plaas dit in 'n titanium-handtas wat heeldag nog onafskeidbaar van hom is. Hy sluit die versterkte slotte, plaas die tas onder sy sitplek, sit sy kop tussen sy knieë, dank God vir 'n vol lewe gelei en sterf as die vliegtuig die grond met 'n geweldige slag tref, 'n vlammehel van korpse, geliefdes en een verbaasde koei.

Annette Strydom stoot die deur moeg agter die burgerlugvaart-beampte toe. Met haar kop teen die loergat begin sy onbeheersd te snik en sak hulpeloos vloer toe as 'n rou gil uit haar mond uit vlug en halfpad gesmoor word deur die rukking van haar tengerige lyf.

Die kinders, wat nog nie weet hoe om te verstaan nie, sit stil in hul kamers en luister na die gekerm uit die voorhuis, te bang om uit te kom.

Saggies in 'n kamerhoek snik die oudste en vee verontwaardig 'n morsige traan van sy wang af.

Annette staan op en stap stadig na 'n swartgebrande, ingeduikte objek op die mat. Met 'n weifelende kreun tel sy dit op haar skoot as sy op die sofa neerval. Die ondersoekspan het dit reeds oopgemaak. Sy moet slegs hulle heldergeel kleefband aftrek. Haar vingers bewe en sukkel, die taai band sit vas, hare meng met roet en smeer haar klere vuil. Dan is dit af.

Die tas. Hy het dit gewen by die Ondersteunersklub se herdenkingsfunksie as getrouste wedstryd-bywoner. Die gegraveerde letters is skaars sigbaar onder die swart laag wat die hele landskap bedek het. Hy was so trots hierop... hierop...

Sy maak oop. Dit lê ongeskonde, die leeromhulsel bietjie skeefgetrek, maar andersins behoue. Haar eie lê oop op die koffietafel by 'n week gelede se inskrywing... sy het uiteindelik die moed bymekaar geskraap om dit vir hom te vertel, haar innigste emosie, haar werklik intiemste behoefte. Nou tevergeefs.

Stadig lees sy. Van Boela... van die handtekening... van die wyn... Sy sug. Ja-wat Poena.

"Annette."

Sy kyk op. Poena?

Daar staan hy. Sy das met die alewige groot knoop, sy een voet wat ietwat uitwaarts staan.

Haar stem is hees.

"Poena?"

"Ek sien jy het my dagboek gelees, Annette. Ek bedoel alles wat ek daarin sê."

Die trane loop vrylik by haar wange af as sy na hom kyk en met 'n skor stem, stadig, praat.

"Jy het alles bedoel? Wat... het jy bedoel? Dat my broer jaloers gaan wees? Dat Loftus regtig die beste in die land is? Of die een sinnetjie dat jy my liefhet!?

Wat het jy bedoel!?"

"Annette, jy weet mo..."

Sy's histeries.

"Wat weet ek!? Dat jy sport verafgod. Dat jy nie kon lewe sonder jou sport nie? Weet jy wat liefde is Poena?

Het jy dit al vir vlees en bloed ervaar? Het jy ooit gelees wat ek vir jou geskryf het? Het jy ooit verstaan!?"

'n Klein betraande gesiggie loer om die hoek.

"Mamma?"

"Gaan weg! Kamer toe! Kan jy nie sien ek en jou pa is besig nie!?"

"Pappa?"

"Ek het gesê UIT!"

Sy draai terug na hom.

"Ek het jou nie meer nodig nie. Ek soek jou nie meer nie en ek wil jou nooit weer hier sien nie."

Sy draai om en stap die kombuis binne, waar sy met 'n helse kabaal die skottelgoed in die wasbak gooi.

Poena gaan sit op die rusbank en tel die remote control op die koffietafel langs hom op.

"Ek wonder wie speel vandag..."


Vrye Weekblad plaas elke tweede week 'n kortverhaal. Verkieslik ongepubliseerde kortverhale in Afrikaans of Engels, nie langer nie as 1 200 woorde en verkieslik met 'n swart en wit foto van die skrywer, kan gestuur word aan: Vrye Weekblad Fiksie, Posbus 177, Newtown 2113. Die redaksie besluit watter verhale geplaas word en geen korrespondensie sal oor dié keuse gevoer word nie. Skrywers ontvang R250 vir 'n verhaal/verhale wat gepubliseer word. **Ons het al meer as 500 kortverhale ontvang - skrywers moet dus asseblief geduldig wees.**

# die opkoms en die val van goeie smaak



**TASTE**
The Secret Meaning of Things
Deur Stephen Bayley
Faber and Faber (R91,29)


RYK HATTINGH



Die klassieke man se polshorlosie is die Rolex. Die Rolex-maatskappy se reklame-afdeling, in hul gebruik van bekende musikante en bergklimmers, het net soveel klem op die ontwikkeling van die individu as op die produk self gelê - en die horlosie in 'n magtige simbool verander.



Immanuel Kant was op soek na die basis van estetiese motivering. Vir dié moeilike reis was Königsberg nie die beste plek om te begin nie.



In die mid-20e eeu is die idee van "goeie ontwerp" - gewoonlik in die vorm van keurige Skandinawiese meubels - deur kunstydskrifte en argitektuurskole verkondig. Dit was 'n onwetenskaplike middeltjie, 'n manier om die smaak van die liberale elite te formaliseer.



In Amerika was die publiek nog altyd meer skepties oor "goeie" ontwerp as die Europeërs. Omrede die Amerikaanse ekonomie - nou verbind met Detroit - toegewyd was tot die jaarlikse nuwe motormodel (of opsetlike onduursaamheid), is opvattings oor ewigdurende "goeie" ontwerp ondermyn. (Illustrasies en onderskrifte uit: *Taste* deur Stephen Bayley)

**IN** *Sex, Drink and Fast Cars* (1986), het Stephen Bayley die Amerikaanse kultuur aan die hand van hul motors en motorontwerpe ontleed en onder meer tot die gevolgtrekking gekom dat die gehalte van die produk êrens langs die pad saam met die ontwerper-wieldoppe afgeval het en dat die gehalte wat deur die beeld van die produk opgeroep word (die image dus), die belangrikste verkoopfoefie geword het. Die verbruiker stel lankal nie meer belang in die werklike gehalte van motors en ander verbruikersartikels nie, maar wel hoe hy of sy agter die stuur van die motor sal lyk en wat die mense van hom of haar sal dink.

Die feit dat die Corvette Stingray omtrent so gemaklik soos 'n Sherman-tank hanteer, het nie verhoed dat dit elke Amerikaner se aspirasie was om een te besit nie - dit is dan voorgehou (in Coca Cola-advertensies veral) as dié plek waar die Amerikaanse paringsritueel hom afspeel, en wie wil nie so 'n liefdestempel besit én bestuur nie?

Nou, in *Taste, The Secret Meaning of Things*, voer Bayley sy ondersoek na die voor- en afkeure aan produkte, modes en giere in die hedendaagse verbruikerswêreld verder - kortom, na "goeie" en "slegte" smaak. Hy konsentreer nie soseer op hóé dinge lyk nie, eerder op die gedagte wat ágter die skepping van produkte lê.

**SMAAK, SOOS IMMANUEL KANT** en Geoffry Scott terdeë besef het, is een van die verraderlikste onderwerpe om aan te pak, want deur ander mense sosiaal in klasse te verdeel, plaas jy jouself in 'n klas; deur iemand se smaak te kritiseer, lewer jy kritiek op jou eie. Net een ding oor smaak is seker: dit verander.

Smaak, volgens Bayley, het eers 'n kwessie geword toe die mensdom sy gevoel vir verstaanbare natuurlike skoonheid, soos beskryf deur die neo-Platonistiese en middeleeuse skrywers en skilders, verloor het. In 'n sin is kuns en die natuur teenoorgesteldes, en kuns is die betroubaarste barometer van houdings jeens skoonheid wat ons het. Hy haal André Malraux aan wat in 1940 gesê het kuns, selfs die godsdienstige kuns van die verlede, is van sy edele oogmerke beroof en het 'n verhandelbare kommoditeit geword vir verbruik deur ryk individue of museums.

El Greco, byvoorbeeld, toe hy nog soos Titiaan geskilder het, het in sy eie lewe roem verwerf. Maar toe hy in 'n oordrewe styl begin skilder, kon die neo-klassici dit nie verwerk nie, en die enigste manier hoe die ensiklopediste sy uitgeteerde vorme en spokerige kleure kon vertolk, was om aan te voer die man is besig om blind en mal te word. 'n Eeu later, toe die Franse Romantici soos Gautier deur Spanje reis, het hulle in El Greco se werk juis die hartstog gesien wat húlle wou sê of verf. Nog 'n halfeeu later het Picasso El Greco as grootste kulturele meester uitgesonder en in ere herstel. Van patalogiese skilder tot kultusfiguur. Smaak?

Die geskiedenis van kuns na 1830 kan, volgens Bayley, verduidelik word aan die hand van die dilemma van die kunstenaar: óf om die gemeenskap se prentjiemaker te word, óf om 'n miskende private visioenêr te wees. Vervaardigers en ontwerpers het voor dieselfde probleem te staan gekom: moet hulle die bestaande populêre smaak volg, of die leiding neem en dit probeer verhef? Teen 1850 was een ding egter duidelik: estetiese oordele het nie meer universele geldigheid nie. Die era van die verbruiker het Kant verwerp.

**GOEIE ONTWERP WAS 'N ONAFWENDBARE** gevolg van die ontdekking van smaak. Maar toe goeie ontwerp 'n slegte naam kry, is die woord "designer" uitgevind, en dié nuwe fenomeen het die eerste keer op Gloria Vanderbilt se agterstewe gepryk. Die Indiaanse jeans-vervaardiger Murjani het geweet daar is nie 'n beter manier om sy produk te verkoop as om 'n bekende mens se naam daarop te hê nie. Hy het eers by Jackie O aangeklop, maar sy wou nie. Gloria V was sy tweede keuse, sy wou, en die designer jean is gebore. Kort op dié sinlose verskynsel volg designer drugs, designer T-shirts, designer panties en designer water (Perrier).

En dit was nie die einde van dié betekenislose betekenislading met betekenislose woorde om gewone produkte te verkoop nie. "Turbo", 'n woord wat eens uitsluitlik deur navorsers gebruik is om gedwonge hitte-induksie in motorenjins te beskryf, word nou aan sjokolade, sjampoe en waspoeiers toegeken, hoewel dié lekkergoed en seep nie oor uitlaat-kompressors beskik nie.

**JEANNE ANTOINETTE POISSON,** beter bekend as Madame de Pompadour, was die uitvinder van die *objet du goût*, die eerste bewuste uitdrukking van die verbruikersmentaliteit. Louis XV het haar in 1744 by 'n maskerbal by Versailles ontmoet wat sy as Diana die Jagter bygewoon het. Hy het haar 'n landgoed by Pompadour en die titel markies gegee. Sy het hom alles behalwe haar lyf gegee. Haar geredelike toegang tot die koning se geld het haar oefening in smaak 'n hupstoot gegee en haar versameling besittings word vandag nog beskou as die merkwaardigste deur 'n Franse burger. Bayley beskryf haar as die *ancien regime* se weergawe van vandag se born to shop kugel. Sy was 'n "smaak-maker" wie se gees vandag nog met ons is.


**DIT IS ONMOONTLIK OM** dié boek enigsins in dié ruimte tot sy reg te laat kom. Dis ryklik geïllustreer en kan gemaklik langs Jung se *Man and his Symbols* of Roland Barthes se werk staan. (Die illustrasies en onderskrifte is sigself 'n verbruikerservaring.) Bayley verstaan die post-modernisme en weet dit is nie net 'n verbygaande fase wat in een sweeping statement deur closet Moderniste ongedaan gemaak kan word nie, maar dat ons in der waarheid nog net die begin daarvan ervaar, dat die relativering, fragmentering en banalasering gaan toeneem. Die dae van gehalte én ideologie is verby. Die hoogkulturele uitsprake van skrywers, skilders en grootste kultuurhistorici - diegene wat hulself die goeie smaak toe-eien - word met dieselfde respek en/of minagting behandel as common mense s'n - die teepotontwerpers, kookboekskrywers, argitekte en sportmense. Wie weet, dalk word Coke- en Benson & Hedges-advertensies in die toekoms as die hoogste kunsvorme van die 20e eeu voorgehou.

## from medieval icons to surrealism to Breughel


They used to say of Wits student exhibitions that "The show's not over till the fat girl does a tortured German Expressionist self-portrait". And wins the prize. But for the last couple of years the university's School of Fine Arts has been trying to cast of its unenviable reputation for overachieving on the basis of the underfelt, for slickness and professionalism of presentation at the expense of the more durable values of artmaking. And last academic year, the efforts of lecturers appear to have paid off. In this year's student show there is far more stylistic variety and




**Jonathan Isserow** 3rd year




**Steven Klein** 3rd year



**Shelley Lazar** 3rd year



**Phillip Burns**
3rd year



Candice Britz



Julie Wajs 3rd year

The show runs until 13 March, but could be extended beyond that date.

sense of experimentation than has been evident for more than half a decade. There is a far wider range of sources and stylistic metaphors - all the way from medieval icons to surrealism to Breughel - which have been appropriated in the students' explorations. There is even a student who has managed to do something half interesting with township art. And not one fat-girl's tortured self-portrait in sight.



Martin Steyn 4th year

# kleinadvertensies

## PERSOONLIK/PERSONAL

Die Takhare vir Vrede haat liefde.

Helena: Hou maar met 'n geruste hart op man soek; sit terug en aanvaar jou lot. Bale liefde, Bertus.

Oh Christ, I am getting too old for this" - Toadif '92

Thomas Barry: Ons is vandag in Durban. Kry ons 18h00 by die Holiday-Inn op die Marine Parade

Comé: Elke klitoris het sy goue randjie - liefde E.J.

Explore the world of m2m's/zines/apa's/correspondence addiction/mail art. For free information write: Rhino Ballet Company, Box 7120, Bloemfontein 9300

Models needed for Painting Department, Technikon Witwatersrand - 8am to 3pm. Phone 615-3454.

## REGSKENNISGEWINGS/LEGAL NOTICES

RANDBURG DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1976
Voorgestelde bou/daarstelling van plek van onthaal - Disko
Kennis geskied hiermee, ooreenkomstig klousule 16 van bogemelde Skema, dat ek, die ondergetekende, voornemens is om by die Stadsraad, Randburg aansoek te doen om vergunning tot bogemelde gebruik op 876/8/80 Ferndale geleë te Pretorialaan 333, Ferndale.
Besonderhede van hierdie aansoek is gedurende kantoorure te Pretorialaan 333, Ferndale ter insae.
Enigiemand wat beswaar daarteen wil opper dat hierdie aansoek toegestaan word, moet sy beswaar, en die redes daarvoor, nie later nie as 24/02/92 skriftelik by die Stadsklerk, Randburg, en die ondergetekende indien.
D Magnusson, 27 Cosmosrylaan, Gallo Manor, Sandton.

## VERBLYF/ACCOMODATIION

Huisvesting vir betroubare huishulp gesoek in Melville, Brixton of Mayfair. Skakel Desmond na-ure by 837-4498

Huis te huur in Rossmore. Drie slaapkamers met matte, groot kombuis, kaggel, origenvloere, staalplafonne ens. Groot tuin en bediendekamer, veilige parkering vir 3-4 motors. Okkupasie 1 Maart 1992, huur R1 600 per maand, plus R1 600 deposito, betaalbaar by okkupasie. Skakel Jacques by (011) 837-6346

## DIENSTE/SERVICES

Het jy 'n paar hande, 'n begeerte om te help en 'n oop gemoed? Leer REIKI: 'n eenvoudige, sagte, dog diepgaande tegniek vir hulp met ongesteldhede, ligaamlik, emosioneel, verstandelik of geestelik. Bring met blote liggaamlike kontak ontspanning, versterking, suiwering en vernuwing - sonder spesiale vaardighede of kennis. Naweekklasse binnekort deur opgeleide en ervare Nederlandse meester op besoek in Suid Afrika. Bel Kaapstad: Michelle Stalling (021) 439-5610 of Johannesburg: Tineke Harvey (011) 680-7562. Almal welkom vir 'n gesonder Nuwe Suid-Afrika!

Ekstra geld Tuis!
Nuut in Suid Afrika, TFR Besigheidsdienste. Werk tuis, vou koeverte. Stuur 'n gefrankeerde koevert aan: APJ Carrilson, Posbus 21340, Heidedal, Bloemfontein 9306.

Afrikaanssprekende Rus bied klasse aan in Russies - skakel Albert (011) 482-3838.

Take A Japanese Ofuro
Intensive weekend of Japanese language, culture & education. Enrol for March & April. Tel: (011) 393-1020 code 64861 (24 hrs.)

Redigering, proeflees, vertaal- & tikwerk op rekenaar - Bel Nico Roos by (021) 948-8456.

Let us help you with your washing & ironing. See Ethel, 7A Hendon Street, Yeoville (just after the Harrow Rd intersection). We are open 7 days a week, 7am to 7pm. Our prices are reasonable, our service is excellent - especially for single people.

FLOTATION TANK: relax body and mind in a warm peaceful zero-gravity environment. SHIATSU THERAPY - Japanese therapeutic system - improves health, by removing fatigue causing elements and stimulating the body's innate recuperative powers. Tel Jen (011) 435-7721.

Translations done in Afrikaans, English, French, Spanish & German. Tel: (012) 546-1925.

ACUPUNCTURE: Calms, strengthens & stops pain. It can treat or prevent many illnesses by addressing their root causes. Tel: (011) 643-4418 Sarah Hewland, Dip.Ac (UK), Clin, Cert (Nanjing).

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577.

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm.

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345.

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm.

## EVENTS/GEBEURE

IRENE VILLAGE MARK - 14 Maart 1991
Smuts Huis-museum, Irene.
Is jy op soek na iets anders of voel jy lus om net in 'n rustige atmosfeer te kuier. Besoek ons die tweede Saterdag van elke maand vanaf 9vm - 2nm. Vir verdere besonderhede skakel (021) 667-1659.

UBUNTU COUNTRY MARKET
Every Saturday 9am - 3pm. Bio-dynamic & organic farm produce, as well as leading craftsmen exhibiting & selling wares. Live entertainment and good food - take the N4 Highway to Witbank and the Boschkop/Donkerhoek turnoff, or phone (012) 802-0733 for more information.

## MARK/MARKET

STET STET STET
Die jongste Stet (7.1) is uit/in. Dis hou min verband met die konsensus-werklikheid. Dis 'n crack-up-uitgawe. Kry dit in die hande. Stet kos R6 (R24 vir een jaargang van vier tydskrifte) - posgeld ingesluit. Tjeks of posorders moet uitgemaak word aan Stet. Stuur aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2018.

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00.

F U T O N S

Genuine 100 percent pure cotton mattresses. Finest quality and SA Cotton Mark. Bases, side tables, screens, therapy pillows, and other accessories available from

THE JUNGLE BOX (011) 487-3530

Om 'n advertensie op dié bladsy te plaas, bel vir **Louwrins Potgieter** by (011) 836-2151, stuur 'n faks na 838-5901 of skryf aan **Kleinadvertensies,** Posbus 177, Newtown 2113. Dit kos R16.50 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan. Persoonlike advertensies korter as 25 woorde word gratis geplaas. Die spertyd is Dinsdagmiddag voor publikasie om 12 uur die middag.


## Ons tyd het aangebreek

Die jaar 1988 was 'n donker een vir Suid-Afrika: vasgevang in die brutale bewind van PW Botha en 'n streng Noodtoestand. Op 4 November dié jaar het 'n nuwe publikasie die lig gesien wat dié nasionale swartgalligheid uitgelag en uitgedaag het: *Vrye Weekblad*, die eerste Afrikaanse koerant wat hom vir 'n volwaardige demokrasie en 'n oop, nie-rassige gemeenskap beywer het. ("Die Nuwe Stem vir 'n Nuwe Suid-Afrika", het ons ons self toe al genoem - meer as twee jaar voor die FW de Klerk-weergawe daarvan populêr geword het.)

Miskien was ons ons tyd 'n bietjie vooruit. Maar ons het bly vaskleef aan ons beginsels en ons reguit styl, en vandag kan ons met trots en met reg sê: Ons tyd het aangebreek.

Geen denkende Afrikaanssprekende - regs, links of op die draad - kan regtig meer sonder die prikkeling, inligting en vermaak van die nuwe *Vrye Weekblad* klaarkom nie.

En hier is nou 'n laaste geleentheid om dit goedkoop in die hande te kry, want ons verkoopprys styg binnekort.

Teken in op *Vrye Weekblad* vir net R110 per jaar, of probeer dit net vir ses maande teen R60 (BTW en aflewering ingesluit). Vul dié vorm vandag nog in en stuur met 'n tjek of poswissel aan:

**VWB Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113**

Naam........................................................................................

Adres.......................................................................................

...................................................................................................

.........................................................Poskode.............................



**sportrubriek**

deur

tim sandham

# 'n Britse pluimpie vir die SAUK

DIE SAUK verdien 'n pluimpie vir die besluit om die Britse kommentaarspan te gebruik tydens Sondag se Grand Prix. Hiermee word nie gesuggereer dat enigiets Brits outomaties beter is as die plaaslike eweknie nie. Dit is net dat Murray Walker myle beter is as enige mens wat ons tans het.

Dit is sy werk. Elke dag van die Formule 1 seisoen (en af-seisoen) is dit sy taak om die Grand Prix-spanne te bestudeer. Iemand soos Hendrik Verwoerd het ander take buiten sy motorsport verantwoordelikhede. Dieselfde geld baie van ons ander kommentators wat 'n verskeidenheid van sportsoorte sowel as ateljeewerk moet behartig. Die gevolg is dat die meeste plaaslike kommentators baie veelsydig is.

Hulle kan egter nie meeding met 'n spesialis soos Murray Walker nie.

Hoewel Mansell se oorheersing gesorg het dat Sondag se Formule 1 wedren betreklik eentonig was, het Walker gesorg dat die televisiekykers se aandag geboei was. Die man se kennis is eenvoudig ensiklopedies. Feite, statistieke en trivia oor spanne, motors en persoonlikhede word moeiteloos aangehaal om die kyker in te lig en te vermaak. Nooit gee hy statistieke bloot om hul eie onthalwe nie of laat hy die kyker minderwaardig voel deur 'n neerhalende stemtoon te gebruik nie.

Die voormalige wêreldkampioen James Hunt speel 'n goeie ondersteunende rol tot Walker. Nie een is bang om 'n mening te waag of om van mekaar te verskil nie. Hulle meningsverskil oor Ricardo Patrese se soms hortende vertoning het 'n tikkie humor by die verrigtinge gevoeg.

## Geesdrif is nie alles nie

M-NET se besluit om Louis Karpas (toevallig 'n voormalige SAUK motorsport-man) te kies as hul verteenwoordiger by die Wêreldbeker-reeks is waarskynlik in 'n oomblik van swakheid geneem. Nadat hulle die regte by die Australiese Channel 7 bekom het, kon hulle maar net sowel die kommentaar daarmee saam geneem het. Om sake plaaslik te probeer hou is seker bewonderingswaardig, maar Karpas is nie die regte mens nie. En hy's beslis nie Richie Benaud nie.

Laasgenoemde, 'n voormalige Australiese toetspeler en al jare lank 'n suksesvolle kommentator, het soos Murray Walker die feite en syfers op die punte van sy vingers.

Wat egter die verskil maak, is die insig wat goeie kommentators in 'n wedstryd toon - en as Karpas dit het, het hy dit nog nie in 'n uitsaaibeurt ten toon gestel het nie. Garth le Roux en Jack Bannister verleen 'n mate van balans aan die kommentaar. Ongelukkig is Karpas se geesdrif en vrolike luidrugtigheid geen plaasvervanger vir kundigheid en insig nie.

## Manne van staal

AS jy ná sewe en 'n half uur, 'n 20 km kanovaart, 110 km fietsrit en 'n standaard-marathon die media kan aandurf sonder dat jou asem jaag, het jy seker die reg verdien om jouself die titel van Ysterman toe te eien. Dit is wat Ben Jansen van Vuuren Saterdag vermag het.

Wat sy prestasie des te meer merkwaardig maak, is dat hy verlede jaar se wentyd van Rockley Montgomery met ongeveer 'n halfuur verbeter het - dit twee weke nadat Montgomery die wêreld se ystermanne in die stof laat byt het in Nieu-Seeland.

Wat wel interessant is, is dat die aantal inskrywings vir die Ysterman-kompetisie elke jaar skerp daal - van sowat 900 in 1990, tot 700 in 1991 en vanjaar tot 500. Waarskynlik het die moontlikheid van buitelandse deelname sekere atlete genoop om hulle toe te spits op een van die drie Ysterman-dissiplines.

Wat ook interessant is, is die betreklik min aandag wat die kompetisie op TV gekry het - veral as 'n mens in ag neem dat Montgomery se prestasie oorsee nuwe belangstelling in die sport gewek het. Hoewel daar baie minder deelnemers is as aan die Comrades, wat elke jaar in sy geheel uitgesaai word, is die deelnemers in die algemeen ernstige atlete wat hulle lank en hard voorberei het. Boonop is die kompetisie waarskynlik 'n baie strawwer uitdaging as die Comrades. Dis tyd dat die media met behulp van 'n paar borge reg laat geskied aan die Ysterman-kompetisie.

## Ernie is my keuse

Ná laasweek se oorwinning in die Royal Swazi Sun Classic is Ernie Els dié rubriek se sportster van die jaar. Dit maak nie saak wat die krieketspelers in die Wêreldbeker-reeks maak nie. Slegs as Elana Meyer die goue medalje vir die 3 000 meter in Barcelona wen - nadat Zola haar gepootjie het - sal dié toekenning in heroorweging gebring word.

Die man verdien die prys bloot vir koelheid. Die kêrel blyk nie senuwees te hê nie. Die nonchalante manier waarop hy 'n arend en 'n voëltjie op die laaste twee putjies gesink het om Chris Davison weer eens te fnuik is die stempel van 'n groot speler. Die woordeboek beskryf 'n els as " skerp werktuig om gaatjies (putjies?) mee te maak", en ons stem almal saam. Ons hou sy buitelandse vertoning vanjaar met groot belangstelling dop.



# 'n Stokou huppelkind skryf matriek

sê **ANTON GOOSEN** in dié week se **geselsrubriek**

*Liewe Anton*

EK bly in die Vallei. Dis in die bos en op 'n rivier. My Fairyland. My ander Fairyland is die musiekbedryf. Net soos ons almal maar ontsnap na waarvan ons hou.

Afrika is die wieg van die mensdom, sê die wetenskaplikes, en in die nuwe geskiedenisboeke begin ons eie geskiedenis by die jagters en nomade van 2 000 jaar gelede. Suid-Afrika is dus 'n oeroue kind wat wedergebore word. 'n Stokou huppelkind, soos 'n bejaarde in matriek. Een wat jaar ná jaar agterbly en weer probeer, maar intussen darem goed rugby speel, of wat ook al. Tussen my twee Fairyland-situasies lê die nuwe blaaie van die geskiedenisboek. Dié wat heel agter bygeskryf word. En steeds weier die bejaarde matrikulant om te leer.

Die referendum se vraag is een wat nooit eens hoef gevra te gewees het nie, nie eens veertig jaar gelede nie. Nou word almal gedwing om die tyd te laat stilstaan en die plataarde-vereniging te stuit. Die kontraste in die land is die opmerklikste wanneer jy op pad na een of ander "Fairyland" by die venster uitkyk.

Ook in die Vallei. Die "mecanic" en sy boeties, nie heavy AWB-ouks nie, maar goeie mense en hulle praat nie politiek voor lefties nie, want hulle is almal se pêl. En veral die Vallei se karre se pêl. Die hondjies wat ronddraf, is swart - maar as 'n mens hulle was, dan sien jy dit was allie tyd net olie of ghries. Die hondjies het ook nie blackheads nie.

**DIE TWEE BELANGRIKSTE EN MAGTIGSTE** mense in die Vallei is skatryk en baie regs, en minstens een is 'n selfaangestelde recce, 'n soort "Boere-Billy-the-Kid"-judge, jury en hangman alles in een. Sy vele 4 x 4's en 'n helikopter help hom om misdadigers en swartes wat op 'n Saterdagmiddag te veel geraas in hul huise of op enigiemand se werf maak, vinnig uit te sorteer. Maar hy sal seker wit kinders wat deur 'n slang gepik is, hospitaal toe vlieg. Op die plaas oorkant hom woon 'n ou van die ECC in 'n dubbeldekkerbus, maar soos lefties nou maar is, is hy nie veglustig nie, veral ook nie nadat 'n veldbrand wat verlede winter op drie verskillende plekke begin is, amper alles van hom vernietig het nie.

Die ander ryk ou is baie wyser. Hy bou vir hom 'n veilige plek heel bo-op die berg waar hy die impi's van ver kan sien aankom. Hy onthou seker nog hoe Silkaats vir Mogali van die Magalies af gejaag het.

**BAIE VERPLIGTE BESOEKE** word na buite "Fairyland" afgelê na óf die hospitaal óf die polisiekantoor. Naby die copshop is baie "Stem Nee"-plakkate. Maar gelukkig is die nuwe stasiebevelvoerder 'n vrou met eerlike oë. Dit het natuurlik groot verwarring teweeggebring vir haar onderdane - veral dié wat gevoel het dié posisie kom hulle eintlik toe. Die verwarring was nie omdat sy eerlike oë het nie. Maar gelukkig was daar 'n uitweg - soos grappies wat ná rampe uitgedink word. Hier ook. Nuttige voorstelle van hoe sy nuttig kon wees. Maar nooit in haar aanwesigheid nie. Baie vroue in die vallei se naam is in elk geval skynbaar "Fetch".

Agter die berge is die Dam waar busse Sondae kindertjies oopmond aanry "natuur" toe. Verby die dieretuin, deur die tonnel waar, as jy gelukkig is, baie nartjies van 'n Britsbakkie afgeval het wat moes briek. Maar dít en die Ta' Malie-winkel help hulle niks, want nou is jy in die hart van die "plattelandse gemeenskap", en die kindertjies in die busse se probleem is dat Ta' Malie se shop hulle nie daar wil hê nie. Hulle, die winkel ofte wel besoekersaantreklikheid, verkoop oudhede, onder meer AWB-speeches en boeremusiek. En Amerikaanse countryplate want dis net soos ons eie. En donkies in die jaart vir die kinders. Maar ek hoor die plek is nou toe. Die Potjiekos-take-away is egter nog oop.

**OORKANT DIE RIVIER** verskaf 'n eksentrieke omie huisvesting aan boemelaars. Hy betaal hulle glo 'n paar sent vir elke Bybelversie wat hulle uitskryf. Hy pomp ook glo sy varke se mis direk in die rivier. Oh well, daar was onlangs 'n paar voorbeeldige voorbeelde toe Verwoerdburg Stad ook so 'n glipsie oorgekom het.

Langsaan woon 'n artist, so dis lekker en Fairyland word 'n Statebond van Denke. Denke soos wat 'n mens by Boheemse denke artieste verwag: vryheid van die mind, en spraak en gedagtes, ens ens. Ons twee se denke word ongelukkig nie by die plaaslike skooltjie aan die kinders geleer nie. Die skooltjie speel nog kaalvoet rugby en die tuine is mooi versorg, en die rugbyveld is gerieflik naby die mecanic vir wanneer die skoolbussie breek. Die skooltjie se kinders is dikwels saam met 'n ouer wat besig is om iemand reg te voeter omdat hy nie soos jy lyk of is nie. En natuurlik het hulle 'n uniform sodat almal dieselfde lyk. Net soos die uniform van die hele Afrikaner toe-kop-society.

**DAAR WAS OOK** die voorval onlangs naby die Vallei, by 'n baie ryk sakeman se huis, toe drie AWB-wetsmanne met operasiemerke op hul mae al singende aan rugbyliedjies oor vergange se dae se senters wat betogers geskop het, in die jaccuzzi gebaljaar het. Iemand anders (natuurlik ook 'n kunstenaar op soek na 'n waarheid) het gewonder hoekom hulle dan so graag by die "ryk seuntjie en met sy speelgoed speel". A, die wetsgeleerde Neandertalmanne wil graag geld vir die saak hê. Hy het hulle klere in die toilet gegooi en skoongespoel. Skoongespoel van alles wat dalk nie deur die oog gesien kan word nie. Maar eintlik moes die klere in die jaccuzzi gewees het, en andersom. Dit is die land se probleem: dis nie die klere se skuld nie. Jy kry die land nie afgespoel nie. Die bejaarde matrikulant sal maar moet vinnig leer om self handjies te was. Al dertig miljoen stelle handjies.

Op die M1 was dié graffiti: "Let's green our country and then smoke it". Miskien moet die politici, en die besigheidsmense, en dié met mag en dollars in hul oë maar die laaste hoofstuk in die geskiedenisboek skryf. Miskien moet hulle maar klaarkry en die hele aarde rol en rook. Maar ek weet nie of hulle te lank met die "high" tevrede gaan wees nie. Die musikante "escape" deur middel van musiek: 'n illusie binne 'n werklikheid, 'n Fairyland dalk, maar, ten minste is dit 'n eerlike leuen.

*Goeie groete*
*Anton*

# Size doesn't count, it's what you do with it that does

**CHRIS VICK** joined thousands of jazz fans at Sun City last weekend for Sax Appeal - Jazz in Concert 2. They came. He saw, he was conquered

**ORGASMIC.** Ten saxophones. The country's brightest bass player and drummer. And a shit-hot pianist and percussionist. Take a bow, South African jazz.

You take any country in the world, line up its ten best saxophone players (okay only eight of them were actually born here), and you wouldn't come close to the talent on stage at Sun City last weekend.

An orgasm for anyone who enjoys music.

So why was it disappointing?

Does Victor Ntoni, who conducted and arranged the show, have premature ejaculation? Is Rashid Lanie, his co-arranger, impotent?

No, not at all. They just don't seem to know when to be full and strong, and when to be slow and gentle. Oh, these sexual innuendos. One of the things about South African jazz is being able to listen to it in smoky little clubs, or in a shebeen full of old toppies wearing Florsheim shoes.

So when you go to Sun City, and see not one but TEN sax players stretched across the Superbowl stage, you lose all sense of proportion.

It's a bit like having a bazooka at a pea-shooting contest.

They've got all that talent lined up on stage, two-and-a-half hours to get their message across, and what do they do? Give each muso the instruction: Play a few tight bars, then sit down and shut up.

So whether Cape Town's Ezra Ngcukana is dull or not, he gets the same amount of time as the others.

Whether Winston "Mankunku" Ngozi is cooking or not, he gets equal time.

Whether Rene McLean is inaccessible or not, he gets equal time.

Whether Duke Makasi looks bored out of his head or not, he gets equal time.

Whether Morris Goldberg is bursting with rhythm or not, he gets equal time.

Whether American Chris Merz is the future of jazz or not, he gets equal time.

If I was Robbie Jansen, and I had travelled all the way from Cape Town to play just one night, I would be pissed off. I would wonder, long and hard, why I had bothered.

Because I would know I had shared the stage with a phenomenal line-up of local talent. But I would also know we hadn't been allowed to show what we were really worth. Maybe it's because of the way it was presented - a big band-style line-up of musicians, with ten sax players in a row facing black designer music stands.

All the musicians wear black shirts and trousers ("Mankunku" has a black baseball cap to match); lots of dry ice; "conductor" Victor Ntoni waves his arms and looks suitably formal.

None of that detracts from the talent. None of it prevents people like Goldberg, Jansen and Merz from blowing everyone's socks off when they play. It doesn't stop Lulu Gontsana (drums) and Victor Masondo (bass) from showing that they are too talented to remain known as "South Africa's best". They're world class.

The same applies to Hotep Idris Galela, a stylish and gentle jazz pianist. To guitarist Jimmy Dludlu, percussionist John Hassane, the waa-waa girls (Faith Kekana, Stella Khumalo and Thembi Mtshali) and waa-waa boy Zamo Mbutho. All excellent musicians who had their moments of brilliance and then receded into Sun City's dry ice.

But what it all amounted to was a night of promise, of real talent, becoming something of an anti-climax. Because size doesn't matter, Sun International/Victor Ntoni/Rashid Lanie. It's what you do with it that counts.


market theatre
8 3 2 - 1 6 4 1


**Word of Mouth Productions**
MALOMBO with
Nothemba & the Siblings
Mon-Fri; Sa 6pm to 9 pm
VWB FESTIVAL 7 to 14 March

**UPSTAIRS AT THE MARKET**
The Market Theatre and Mouthpeace present
Andrew Buckland's **BLOODSTREAM**
- Directed by Janet Buckland
Starring Andrew Buckland and Li Newman
Mon - Fri 8.15pm, Sat 6.15pm and 9.15pm
VWB FESTIVAL 7 to 14 March

**THE LAAGER**
**THE MEETING**
By Jeff Stetson
Directed by John Kani
Starring Sydney Chama, Louis Seboko and Seputla Sebogodi
VWB FESTIVAL 7 to 14 March
Mon - Fri 8.15pm, 6.15pm and 9.15pm

Kippies at the MARKET
George Lee & Anansi

**MARKET GALLERIES**
Peter Ntobeni - eclectic utilitarian objects

Blossom is 'n doodgewone huisvrou. Na 'n ernstige ongeluk ontvang sy 'n wonderbaarlike gawe - sy hoor vir vier dae lank net die waarheid. Die resultaat is Nataniël se *Paradise*. Gaan kyk dit in die After Dark, Queenstraat, Pretoria. Bespreek by Computicket of daag 8nm daar op.

# 'n Swanemeer om van te droom

**SWANEMEER**
Met Tanja Graafland, Johnny Bovang en die Truk-Balletgeselskap
Staatsteater, Pretoria

**CLARA GERHARDT**

DIE stryd tussen goed en kwaad, met die uiteindelike oorwinning van die goeie, is 'n tydlose tema in sprokies en mites. Ook in *Swanemeer* vind dié wisselspel gestalte in die Odette/Odile drama. Die prins bevind homself midde-in 'n stryd met 'n sprokiesagtige tema, wat egter tegelyk ook 'n kontemporêre gevoel oordra - in die sin dat die egtheid van die emosies wat uitgespeel word nie net tot sprokiesland verban hoef te word nie.

Die openingsaand van *Swanemeer* verteenwoordig die 258e opvoering van dié werk in Truk se repertoire. Die Petipa/Ivanov choreografie is klassiek en word aangevul deur die ryk en met fantasie gevulde dekor van Johan Engels, wat daarin slaag om 'n mistieke stemming te skep met die swane as hooftema. 'n Russiese ambience, wat herinner aan die tsars, word met suile en kleurryke tradisionele kostuums uitgebeeld, veral in die derde bedryf.

Prins Siegfried (Johnny Bovang) en die betowerde meisie Odette/Odile (Tanja Graafland), is 'n geloofwaardige paar wat ons as kykers in hul liefdesnet verweef deur die uitbeelding van die verskeie stadia van 'n verhouding. Die aanvanklik skugter, verdedigende swaneprinses dra met haar delikate arm- en handbewegings 'n byna bewende indruk oor, soos dié van 'n vasgevangde swaan. Daarenteen beeld Siegfried in die openingsbedryf ennui uit in sy verwende en versadigde lewenswyse as prins. Dié verveling en kwasie-lewensmoegheid duur net totdat hy gekonfronteer word met Odette, wat vir hom raaiselagtig, ietwat ontoenaderbaar en betowerend is.

Teen die einde van die tweede bedryf het sowel die prins as die swaneprinses hul harte verloor, en ken die prins ook die geheim van Odette se betowering. Die paar se tweepassies en die afsonderlike solo's is suiwer en intens; met choreografie wat Tsjaikofski se eensame viool- en harpmelodieë volmaak vergestalt. Graafland se broosheid vul Bovang se prinsagtige fisieke beeld uitstekend aan, en as paar is hulle volmaak.

Vir Bovang was dit 'n debuutrol en ook 'n triomf. Sy subtiele gesigsuitdrukkings, liggaamshouding en gebare verfyn sy vertolking van Siegfried, en hy omvat 'n wye emosionele spektrum - van die aanvanklike effens verveelde houding, deur die betowering, kortstondige vreugde en wanhoop tot uiteindelike oorwinning. Tegnies is hy onverbeterlik, ook in sy pas de deux met Graafland.

Die derde bedryf is 'n melange van dansstyle en musikale variasies. Dis 'n rykdom aan kleur en vermaak, met 'n versameling van pragtige potensiële verloofdes vir die prins, en verskeie volkseie danse. Leticia Muller as die Spaanse danseres verleen daardie ekstra kwaliteit aan die interpretasie wat die variasie in 'n klein juweel omskep, en sy word vurig bygestaan deur die drie danseurs: Gwatkin, Hodges and Crowther. Die Russiese dans (vertolk deur Finch) was minder inspirerend.

Ook die hofnar se rol is met groot sensitiwiteit vertolk deur Nigel Hannah. Hy vermaak nie oppervlakkig nie, maar dien eerder as 'n alter ego vir Prins Siegfried: die nar weerspieël die prins se gemoedstoestand met empatie. Wanneer die prins se hoop verpletter word met die besef dat Odile die donker kant verteenwoordig en net 'n instrument van die towenaar Von Rothbart is, stort ook die hofnar se wêreld in duie, en sien mens sy betrokkenheid in die wyse waarop hy sy gevoelens op sy handpop uitlaat.

Graafland slaag daarin om die transisie tussen die goed (Odette) en die kwaad (Odile) te vergestalt. Waar sy in wit tulle broos en kwesbaar is, word sy in haar swart tutu omskep in 'n sprankelende en harde diamant. Sy skitter, sy bekoor, maar sy is ook 'n marionet van Von Rothbart, 'n goeie vertolking deur Manuel Noram.

In die laaste bedryf kom Truk se corps de ballet werklik tot hul reg. In die mistige openingsbeelde voel 'n mens die koue van 'n newelige uur, en roep dit alle beelde op wat ons van 'n *Swanemeer* kan hê. Dis soos 'n prentjie op 'n ouderwetse sjokoladedoos, rye swane kaleidoskopiese konfigurasies vorm wat telkens weer verskuif om 'n gebied af te baken of die prins verder te verstrengel. Natuurlik oorwin die goed die kwaad - is dit nie soos dit in sprokiesland moet wees nie: dat alles voorspelbaar eindig?

# jeanne en die **skrywers van negentig** laat afrikaans weer vonkel



RR Ryger



Jeanne Goosen



Johann de Lange

**As** daar ooit 'n program was wat 'n mens weer hoop gee vir die Afrikaanse letterkunde - en veral die jong letterkunde - is dit die regisseur Pieter de Vos se kort blik op die skrywers van Negentig, wat eerskomende Woensdagaand deel uitmaak van TV1 se *Arts on One* (10nm).

Te midde van 'n (wil 'n mens amper al sê holrug-geryde) polemiek rondom die toekoms van Afrikaans is daar in dié program nie eens een keer verwys na woorde soos "toekoms", "bestaansreg" of "amptelike taal" nie. Vir dié mense is dit eenvoudig vanselfsprekend om hulle diepste gevoelens in Afrikaans uit te druk. Dit is wat hulle doen. Hulle skryf. En ophou, gaan hulle klaarblyklik nie binnekort nie. Ook opvallend is dat die verhewe beeld wat die Afrikaanse Letterkunde ongelukkig by die grootste gedeelte van die leserspubliek het, hier nek omgedraai word; trouens, 'n mens het lanklaas 'n paar sulke opvallend intelligente, aantreklike, doodgewone mense bymekaar gesien wat hulle gedagtes oor dinge wat hulle diepste wese raak so helder, so gewoon én met soveel humor verwoord.

In die bestek van 26 minute gesels skrywers soos Ryk Hattingh, Koos Prinsloo, Jeanne Goosen, Michael Green (alias RR Ryger), Johann de Lange en Fransi Phillips openlik oor heelparty van die strydvrae rondom hul geslag se werk: die tema van geweld wat so dikwels voorkom, "werkersklas"-Afrikaans wat meer dikwels na Engels lyk, die sogenaamde gay letterkunde, of die versoening van 'n op die oog af onversoenbare hede en verlede.

**VIR RYK WAS** geweld nog altyd deel van sy lewe. Hy praat van die "stywe stok-kultuur" - die onderwyser met die lat, die sersant-majoor met die stok - en in sy werk probeer hy voortdurend 'n oplossing vind vir dié geweld. Maar hy werk ook met meer as dié gegewe. In sy jongste drama, Mynhoop, vat hy ook die teologie aan, wat maar almaardeur "opneuk lug toe". "Dis hoe ons grootgemaak is," sê hy. Oplossings vir probleme word eerder gesoek by 'n teregwysende vaderfiguur, boonop 'n vaderfiguur wat lankal van enige moederlike kwaliteite ontdaan is. Ons redding moet van binnekant af kom, sê hy.

Vir Jeanne Goosen, net een van heelparty vrouestemme wat deesdae al sterker opklink, is politiek iets wat sy nie doelbewys in haar werk in-skryf nie, maar wat "nog altyd vanself ingesluip het"; wat "nie geïgnoreer kan word nie" - selfs al hou sy haar besig met 'n gesinsituasie en boonop een in die jare vyftig, sestig soos in *Ons is nie almal so nie*. Dit "verbaas" haar steeds "geweldig" dat daar in ons land "blanke boeke" is, blank in dié sin dat dit volkome gestroop is van die situasie waarbinne ons leef. Vir haar is dit 'n saak van onmoontlikheid om haar werk en die wêreld om haar van mekaar te skei.

Dit is ook hoekom Jeanne sterk standpunt inneem teen die eendimensionaliteit waarmee vroue meestal in die Afrikaanse letterkunde uitgebeeld word. "Vroue is óf matriarge óf Voortrekker-anties óf terte...".

**JOHANN DE LANGE** en Koos Prinsloo gesels oor die onbevange verkenning van temas wat voorheen taboe was en in besonder "gay letterkunde". Koos maak dit hier duidelik dat hy hom distansieer van laasgenoemde term omdat hy die kategorisering van skrywers in bepaalde hokkies beperkend eerder as bevrydend beskou. Bevryding beteken vir hom juis die wegbreek uit bepaalde seksuele kategorieë.

Geen heilige muses lei dié skrywers van die jare negentig nie. Hulle wil skryf oor die wêreld waarbinne hulle leef, en hom so eerlik weergee as wat hulle kan. Daarom word hulle dikwels deur die publiek uitgekryt as sou hulle skryf net om te skok. Die program se grootste trefkrag lê egter juis daarin dat 'n mens nie die integriteit van dié paar skrywers betwyfel nie. Dit is in groot mate te danke aan die manier waarop die regisseur sy onderwerp benader en hanteer het.

Die uittreksels wat voorgelees word, is met oorleg gekies en word met eerlikheid voorgelees deur Sandra Prinsloo en Richard van der Westhuizen. (Ek het weliswaar nie gehou van die manier waarop Richard so na bowe kyk met die voorlees van Johan se een gedig nie.) Die program self is só gemaak dat dit opwindend en interessant is, maar boweal 'n uitbeelding van gewone mense wat elk 'n gewone stadsbestaan met sy eiesoortige vrese en ekstases voer, maar deur hul besonderse talent dié bestaan hul kuns kan maak.

Lourens van Rensburg se kamerawerk is verbeeldingryk, oorspronklik en deurentyd deeglik gemotiveer. Van 'n styl wat maklik kan ontaard in 'n ineenryging van mooi prentjies maak hy as 't ware 'n tweede stem wat woordeloos kommentaar lewer op wat gesê word. Die enigste uitsondering was die "optel"-toneel in 'n manstoilet wat ter illustrasie gebruik is tydens die bespreking van die gay letterkunde. Dit was te kunsmatig-doelbewus en daarom uit pas met die res van die program.

Wat die inhoud betref, het 'n mens onderhoude gemis met 'n belangrike skrywer soos Lettie Viljoen, wie se *Belemmering* beskryf word as een van die belangrikste bydraes van die laaste paar jaar, en van die Kaapse skrywers, soos Riana Scheepers of Marita van der Vyver, albei uit wie se werk voorgelees word.

Uiteindelik kan die regisseur en *Arts on One* egter die kompliment gegee word dat hulle met dié bydrae 'n mens weer lus gemaak het om Afrikaans te lees. Iemand wat met soveel passie en peper die "soutlose womanslibbers" beskryf soos Jeanne Goosen kan mos net tot die gewone volk spreek!

## 'n eerste vir ccv-tv

**DIT** is beslis 'n deurbraak vir 'n plaaslike komediereeks om op die vermaakkanaal van die SAUK, CCV-TV, om 9nm op 'n Maandagaand geskeduleer te word in die plek van 'n gewilde Amerikaanse sitcom soos *Head of the Class*. Die loodsepisode van die bekroonde regisseur Roberta Durrant se *Going Up* is 'n goeie jaar gelede al uitgesaai om kykers se "reaksie te toets". Die feit dat dié reaksie gunstig was, het klaarblyklik vir Durrant die groen lig beteken.

Die reeks pas goed by die beeld van CCV-TV. Dit het 'n veelrassige rolverdeling met die twee hoofrolle wat gespeel word deur Rex Garner as 'n outydse Engelse prokureur en die gewilde Joe Mafela as sy eksentrieke bode/regterhand; dit konsentreer op vermaak; en maak gebruik van Engels en swart tale met onderskrifte in Engels waar nodig.

Die *Going up* van die titel verwys na 'n kroeg op die boonste verdieping van waar Jabu (Mafela) en Kie werk en waar hy aangesien word as die groot deskundige op die gebied van die regte.

## grootste skinderbek se werk op m-net

Dominick Dunne word allerweë beskou as dié skinderbekskrywer van New York en sy boeke word gewoonlik gefynkam vir leidrade oor die minder legitieme doen en late van die rykes en bekendes van die Groot Appel. Sy opspraakwekkende mini-reeks *People Like Us* word Dinsdag- en Woensdagaand om 7nm op M-Net vertoon, met Ben Gazarra en Connie Sellecca in die hoofrolle van 'n omstrede skrywer en geheimsinnige vrou, wat albei die bloed soek van dieselfde gewetenlose aanrander. Die reeks is in 1990 gemaak.

## Antigone-korreksie

Die opvoering van Antigone deur De Nieuw Amsterdam Theatergroep wat volgende week in die Afrika-kultuursentrum agter die Markteater aangebied word, begin om kwart oor nege die aand en nie om agtuur soos op bladsy 23 aangedui nie. Die storievertelling-aand in die Laagerteater by die Mark begin sewe-uur die aand. Bespreek vroegtydig by Computicket.



See the Queen of Ndebele music playing alongside Malombo at the Market Theatre. Nothembi (above) plays the guitar and is known as "the first black South African woman to be awarded the Woza Africa Foundation Award for the Best African Beat from Africa". She has toured America with Hugh Masekela and Miriam Makeba.

## lekker, maar die nate trek los

**GREASE**
Met Clare Marshall, Michele Levin en ander
Regie: Richard Loring
Alexander-Teater, Braamfontein

**CHARL BLIGNAUT**

**RICHARD LORING** en sy span vaar Truk weer in met 'n nuwe ou musical, en dié keer is dit Jacobs & Casey se *Grease*, 'n vloed van pienk en polka dot-nostalgie.

Danny Zuko is die streetwise held en Sandy Dumbrowski die preutse heldin wat oorrompel moet word. En dan is daar die pikante Pink Ladies en horny Burger Palace Boys met haarstyle, attitudes, swangerskappe, zits, lang slap karre en Amerikaanse drome. Dis 'n lekker loslit musical wat nie skrik vir clichés oor die 50s nie, en draai eerder om gewilde sienings van die tydperk as om die Ware Jakob. Ek sou graag twee dinge van só 'n produksie wou sien: energieke, goeie vermaak en 'n opwindende rolverdeling.

Energie en vermaak was daar beslis, maar êrens wou iets net nie bymekaar kom nie. Eers het die dialoog en die oorgange 'n bietjie gesukkel om op te warm voor die liedjies gemaklik in die handeling geïnkorporeer kon word. Andrew Botha se praktiese en gemaklike stelontwerp het egter die spelers op dreef gekry en die produksie laat vloei, maar dit het steeds gevoel asof die spelers te hard probeer. Die produksie het kort-kort gedreig om uit sy nate te bars - te veel reverb op die mikrofone, te veel karikatuur in die karakterisering en te min plek om te dans. Die intieme Alex is maar net nie die ideale verhoog vir *Grease* nie. Die Staatsteater se Drama behoort dit beter te akkommodeer.

## moet jy lag of moet jy skrik?

**MYSTERY DATE**
Regisseur: Jonathan Wacks
Met Ethan Hawke, Teri Polo, Brian McNamara

**CHARL-PIERRE NAUDÉ**

**DIÉ** klug is 'n bietjie té slim.

Die rolprent is basies 'n klug. Tom HcHugh, 'n kollege-student wat vir die vakansie by die huis is, raak smoorverlief op sy pragtige buurvrou, Geena, maar is te skaam om haar uit te vra.

Sy wêreldwyse ouboet, Craig (Hawke), wat laas in *Dead Poets Society* gesien is, help hom reg met die meisie deur 'n paar buitengewone wenke, so reg na die gladdebek, Amerikaanse tradisie van hofmakery, kwyt te raak.

Maar die aandjie uit wat Craig vir die paartjie reël, word 'n nagmerrie van misplaasde identiteite: 'n komedie-riller waarin die arme Tom aangesien word vir sy broer, wat met die onderwêreld deurmekaar is.

Dit raak ongelukkig 'n bietjie van 'n riller vir die fliekganger ook. Die rolprent probeer te slim wees en in die proses verloor hy die meeste kykers in die doolhof van sy klugtige humor. Tom se boetie het beslis iets "verskrikliks" aangevang want die hele Chinatown soek sy bloed - dis nou Tom s'n. Of is dit die meisie? Want sy is nogal mooi. Die hele besigheid word iets van 'n motorjaagtog agter die prent se inhoud aan. Inhoud hier is egter meer foefie as iets anders. En die lood wat so geslinger word, is ook maar spookasem: die riller-gedeelte slaag nie heeltemal nie omdat die intrige en die humor te veel klem kry.

As mens naar wil wees, kan jy sê die prent is in meer as een opsig 'n klug. Wacks is 'n Suid-Afrikaner wat - as ek reg onthou - groot gewag maak van die tradisie van Amerikaanse rolprente. Iets van: almal sal maar daarby moet inval.

Dis mos internasionalisme van die ergste illuminati-soort! En hoewel Wacks daarby inval, kry hy dit nie heeltemal reg nie. 'n Bietjie te "wacky" vir dié kyker, maar hier en daar is daar 'n goeie lag en spannings-oomblikkie of twee.

Daar is tog 'n professionalisme in die rolprent wat 'n deurdagte regisseurshand verraai. Miskien "maak" sy volgende prent dit in my boek.

*Mystery Date* is glad nie geheimsinnig nie. Dis Amerikaanse verkoopkuns.

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## STEW VIR DIE NAJAAR
### met 'n laatmiddag-lap om die lyf

**EK** het laas nog geskryf oor bouillabaisse, daardie vissop/stew gemaak met 'n eklektiese versameling vis, olyfolie en plain water.

'n Wysneus kry my aan my eie neus beet, en sê hoe kan ek so gruwelik jok oor daardie wonderlike gereg van die Mediterreense See. Waar is die pepersous, die rouille? Waar is die saffraan? Hoe durf ek tamaties bygooi, ens. ens.

Vies druk Mies Pikeur die resep weer onder die wysneus se neus. Daar staan inky swart op wit: Peasant kos. Watter peasant gebruik saffraan? Rouille, lekker soos dit is (mayonnaise gemaak met knoffel, rooipeper en broodkrummels, water my mond nou), is moeite om te maak, en word gehou vir high days & holidays, g'n vissersman wat sy klompie vis in 'n pot gooi met water gaan soos 'n huisvrou staan en klits in 'n potjie om mayo te maak nie.

Lustig stry ons verder, tot ek Alan Davidson, baas van seekos, se boek gaan haal. Genade, soos nig Linda sou sê, daar preek Alan nog verder oor bouillabaisse. Caldereta, seg die alleswetende Ingilse omie, is die noord-Spaanse weergawe van die Provencaalse bouillabaisse, so ook die bulavesa van die Spaanse kus, en die caldereida van Portugal.

Caldereta uit Spanje klink toe so lekker dat almal draf om bestanddele bymekaar te maak, en terwyl die inkope gedoen word, sit ek hier en peins. Vissop is 'n wonderlike ding, maar stew is eintlik nog beter.

Ons het 'n lang pad geloop van Ingilse stew af. Mense in hul vyftigerjare wat naby die Kolonie grootgeword het, onthou seker nog helder hoe die waterigste konkoksies met sad stukke vleis aanmekaargeflans is, gekook vir 2 uur, en stew genoem is. Selfs die wortels het 2 uur gekook.

Miskien is daar nou nog ou garde-kokke wat stew so maak, met witpeper as geurmiddel. Maar ons is gered deur die Maleise kookkuns, wat die wonderlike stew genaamd bredie aan die whiteys voorgestel het. Bredie is 'n ander storie, want hy kook nie in water op nie, die groente is geurig, die vleis vet of nie, nes jy wil, en die gebruik van kruie en speserye so alledaags dis nie eers snaaks nie.

'n Gereg waaraan g'n Ingilse kind sy mond sal sit nie is pampoenbredie, juis nou gewild met die begin van poewasa - die maand lange vastyd bedags - onder die Moslems.

Dié weergawe van pampoenbredie is Mies Pikeur se eie, aangepas vir die Noltes wat sê pampoen smaak soos grond.

### PAMPOENBREDIE

Begin soos gewoonlik: Braai 2 uie met knoffel in olie in 'n diep swaar pot. Sny fyn kerfies vars gemmer ook by. Plaas bo-op sowat 2 kg lamskneukels, dalk gerol in meel, en laat mooi bruin braai. Sny 3 of 4 koppievol jong pampoen in blokkies en plaas bo-op die bredie met 'n vars rissie of twee, fyn gesny, 'n stokkie kaneel, 'n lepelvol mosterdsaad, 4 kardamomsade.

Gooi net genoeg water by sodat die bredie nie aanvanklik aanbrand nie, en prut vir anderhalfuur. Voeg sout by.

Ek het die bredie oornag laat staan, die oortollige vet afgeskep en weer warm gemaak. Skep op met gekookte aartappels en neutmuskaat, en natuurlik rys.

Terug is die manne wat caldereta wil maak. Here we go. Jy moet eintlik begin met 'n caldero, 'n Spaanse erdepot. Ons vertrou nie eintlik die helse versameling kosbare pre-revolusionêre Mosambiekpotte (o vreugde, o verlange), om oor die oop vuur te staan nie en gebruik dus 'n ysterpot.

### CALDERETA

Braai knoffel in olyfolie onder in 'n pot en voeg by tamaties, gekapte pietersielie, uie, soet rooi en groen pepers in repies en 'n glasvol wit wyn, plus wat ookal beskikbaar en goedkoop is in die lyn van vis, seekos, perdevoetjies (next time, dominee), inkvis, ens. As jy mootjies van die vis wil maak, goed so, maar ons het net koppe en sterte afgesny en die res aan stukke gekap, dwarsdeur die ruggraat.


Week die vars mossels in soutwater vir 2 uur, stoom hulle sonder water maar met 1 glas wyn tot hulle net oopgaan, en hou daardie mosselsap wat uitloop. Hiermee geur jy jou vispot. Die mossels kan skulp en al in die vispot gegooi word.

Proe vir sout en peper, maar pasop, want die mossels kan kwaai sout wees. Kook die hele spul tesame vir sowat 1 uur. Spanjaarde gooi 'n handvol gepelde okkerneute by. Hoekom nie, as jy 'n okkerneutboom het? Ons het 'n paar draadjies Spaanse saffraan in kookwater geweek en dit bygegooi vir kleur en fyn geur.

Net voor opdien voeg by die sap van een suurlemoen, en sit rys of brood, of altwee voor.

Toe draai ons lappe om die lywe, gaan sit met die witn wyn en vier die najaar met viskos, want die somer is verby.

HARRIDANS RESTAURANT AT THE MARKET
THE MARKET THEATRE, BREE STREET, NEWTOWN



# Menseregte vir almal